

## **HOOFSTUK 5**

---

### **ADV. JANSEN EN DIE POGINGS OM KULTUURHISTORIESE BAKENS TE VESTIG**

---

Adv. Jansen het 'n voorliefde vir Voortrekker geskiedenis gehad. Hierdie voorliefde is op so 'n wyse deur sy betrokkenheid by 'n klein groepie kultuurstryders in Pietermaritzburg geëksploiteer dat dit vir hom in nog 'n Natalse kultuurgeoriënteerde gemeenskapsdiens sou ontwikkel.

Vanaf sy eerste beskeie oproep in 1908 in belang van die Geloftekerkie in Pietermaritzburg tot en met die hoogtepunt van die Voortrekkermonumentprojek in Desember 1949, lê 'n leeftyd van onvermoeide arbeid op kultuurhistoriese terrein. Deur sy eerbiedwaardige leiding het hy nie net die Natalse Afrikaner se kultuurhistoriese erfenis help verryk nie, maar 'n kultuurhistoriese baken ook vir die Afrikanervolk help vestig.

Hierdie kultuurgeoriënteerde gemeenskapsdiens van adv. Jansen word aan die hand van sy geskiedkundige belangstelling, sy rol in die bewaring van die Geloftekerkie, die ideaal van 'n monument ter ere van die Voortrekkerleiers en sy verbintenis met die Pietermaritzburgse Voortrekkermuseumkomitee (VMK), bespreek.

#### **5.1 Adv. Jansen se geskiedkundige belangstelling**

Die voedingsbronne van adv. Jansen se geskiedkundige belangstelling het op 'n wye verskeidenheid bronne berus wat oor dekades sy historiese bewussyn so geprikkel het, dat dit in skeppingsdade uiting gevind het.

Adv. Jansen het vertel dat sy diepgaande belangstelling in die vroeëre Natalse geskiedenis 'n voorliefde was wat in sy jeug geprikkel is. By Nagmaalsgeleenthede, Dingaansdagvierings en ander feeste waar Boeremense vir 'n paar dae kamp opgeslaan het, het die oumense se staaltjies en verhale oor die Voortrekkers 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak.<sup>1)</sup>

Naas die invloed gedurende sy jeugjare was adv. Jansen 'n meelewende lid van sy gemeenskap en sy betrokkenheid op haas elke lewensterrein het tesame met 'n sonderlinge naoorlogse kulturele ontwaking, sy belangstelling in en kennis oor die Natalse geskiedenis verder gevoed en verbreed.

Sy werk as lekehistorikus is daarom 'n sintese van uiteenlopende bronne wat in hoofsaak uit mondelinge oorlewering, herinneringe van tydgenote, kontak met kenners van die plaaslike geskiedenis, persoonlike ervaring, veldwerk en navorsing uit geskrewe bronne bestaan het. Hoewel sy drie werke en talle artikels nie as wetenskaplike werke bestempel kan word nie, is dit tog baanbrekerswerk wat die verganklikheid van mondelinge oorlewering en herinnering behoue laat bly het. Die sterk nasionalistiese aard van die werke het ook die volksgevoel van die Afrikaner rondom die eeufeesjaar aangespreek.

Naas die kontak met die Natalse geskiedenis het adv. Jansen ook in die breër Suid-Afrikaanse geskiedenis belanggestel. Hy het talle handgeskrewe manuskripte oor temas in die Suid-Afrikaanse geskiedenis voltooi.<sup>2)</sup>

'n Oorsig oor sy geskiedkundige werksaamhede moet by sy gemeenskapsbetrokkenheid begin. Enersyds het sy betrokkenheid by die Natalse Boereverenigings hom in direkte kontak met die politieke

geskiedenis van die Natalse Afrikaners gebring.<sup>3)</sup> Andersyds het sy verbintenis met die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging hom in die breër kulturele geskiedenis van die Natalse Afrikaner ingelei.<sup>4)</sup>

Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging het gereeld geskiedkundige lesings en voordragte in hul programme opgeneem. Op 2 Junie 1908 het die middeljarige mnr. Gert Aveling, byvoorbeeld, 'n lesing oor "Natal in die oude dagen" gelewer.<sup>5)</sup> Mnr. Aveling het ook op 25 Julie 1908 'n treffende lesing oor die Nasionale Vrouemonument gelewer.<sup>6)</sup>

Hierdie verhale van die bejaarde mnr. Aveling het waarskynlik adv. Jansen se geskiedkundige belangstelling so geprikkel dat hy, sedert November 1908 tot kort voor sy afsterwe in 1959,<sup>7)</sup> by die bewaring van die Voortrekkers se nagedagtenis betrokke geraak het.<sup>8)</sup>

Sy pleidooi om die Geloftekerkie terug te koop en moontlik 'n monument ter ere van Piet Retief daarnaas op te rig, het Natallers uiteindelik aangespoor om dit in 'n Voortrekkersentrum te ontwikkel.<sup>9)</sup>

Adv. Jansen se navorsing oor die Natalse Voortrekker-geskiedenis het uit verskeie temas bestaan wat hy sedert sy jeugjare in die vorm van opstelle verwerk het.<sup>10)</sup>

Gedurende 1909 het sy volksgenote se onkunde aangaande die vroeë Suid-Afrikaanse en Natalse geskiedenis hom genoop om iets daadwerklik te doen om die toestand te verbeter. Adv. Jansen het op 15 Mei 1909 'n deeglik voorbereide lesing oor "Natal voor de dagen van de Voortrekkers" vir sy mededebatsvereniginglede gelewer.<sup>11)</sup> Die lesing was 'n inleiding

vir die onderwerp "De Voortrekkers in Natal" wat hy op 16 Oktober 1909 voorgedra het en waarna die lede met gespanne aandag geluister het.<sup>12)</sup>

Hy het sy navorsing oor die tema voortgesit, dit met veldwerk aangevul en gedurende 1938 onder die titel "Die Voortrekkers in Natal"<sup>13)</sup> gepubliseer. Dr. Louis Steenkamp, die opvoedkundige van Ladysmith, het adv. Jansen se bepaling van die plek waar die Gelofte afgelê is bevraagteken, omdat hy die verslag van Jan Bantjes betwyfel het. Dit het op 'n diskussie uitgeloop waarin nòg adv. Jansen<sup>14)</sup> (wat deur dr. Gustav Preller en prof. A.J. du Plessis ondersteun is)<sup>15)</sup> nòg dr. Steenkamp<sup>16)</sup> sou kopgee.

Die bewaringsaksie ten behoeve van die Geloftekerkie het adv. Jansen ook in toenemende mate met aspekte van die Voortrekker geskiedenis in kontak gebring. Die trustees van die bewaringsaksie, adv. Jansen, ds. Pellissier en mnr. J. Hershensohn, het gepoog om soveel as moontlik artikels oor die Voortrekkers te bekom asook om die belangstelling in die Voortrekker geskiedenis aan te moedig.<sup>17)</sup> In Natal was dit algemeen bekend dat mnr. Herschensohn se skoonvader en ds. Paul Nel se vader, Louis Nel ofte wel Vaal Lewies, 'n storie oor die Voortrekkertyd te vertel het.<sup>18)</sup> In Desember 1910 het lede van die Boven Umvoti Debatsvereniging (Greytown) 'n driedaagse Dingaansfees gereël wat as die grootste van sy soort bestempel is. Tydens die feesvierings op die plaas Uitzicht van Gert van Rooyen, het die bejaarde mnr. Louis Nel vir meer as 'n uur lank sy wedervaringe as Voortrekkerkind vertel.<sup>19)</sup>

Dié wedervaringe het adv. Jansen so interessant gevind dat hy dit gedurende 1917 neergeskryf en in 1939 onder die titel "Uit die Voortrekkertyd, herinneringe van Louis Jacobus Nel", gepubliseer het.<sup>20)</sup>

Adv. Jansen het sy eerste politieke bedrywighede in die Natalse Boerevereniging gedurende 1940 gepubliseer. Die werk, getiteld "Boerekongres 1906-1911" is 'n belangrike skakel tussen die vooroorlogse

en naoorlogse politieke bedrywighede van die Natalse Afrikaners.<sup>21)</sup>

Adv. Jansen se rol in die Sentrale Volksmonumentekomitee het hom landswyd as kultuurleier en kenner van die Voortrekkereskiedenis na vore laat tree. Die beeld is verder versterk deur die vele toesprake met 'n historiese tema wat hy gedurende 1938 en 1949, die Eeufeesjaar en inwyding van die Voortrekkermonument, gelewer het, en die artikels wat hy oor die onderwerp geskryf het.

Gedurende 1938-39 het adv. Jansen 'n artikel oor die Beeskommando<sup>22)</sup> en die Voortrekker-eefeess geskryf<sup>23)</sup>. Laasgenoemde artikel het ook 1949 in 'n gewysigde vorm in die inwydingsprogram van die Voortrekkermonument verskyn.<sup>24)</sup>

Adv. Jansen het ook sy herinnering oor die ontstaan van die Saamwerk-Unie in 'n artikel vir **Die Huisgenoot**, uiteengesit.<sup>25)</sup>

Die kennis wat adv. Jansen op ministeriële vlak met die beleid teenoor swart mense bekom het, het hy ook in twee geskryfte beskryf.

In 'n uiteensetting van 30 bladsye het hy die agtergrond en ontwikkeling van die "Natuurlikebeleid van die Unie van Suid-Afrika" geskets.<sup>26)</sup> In sy artikel oor die "Historiese en prinsipiële grondslae van die Afrikanerbeleid ten opsigte van nie-blankes", het hy die agtergrond van dié beleid vir die jongspan verduidelik.<sup>27)</sup>

Dit was veral in die geleedere van die Saamwerk-Unie waar adv. Jansen doelbewus gepoog het om 'n historiese en bewaringsbewussyn te kweek.

Adv. Jansen kon as gevolg van parlementêre verpligtinge nie die Saamwerk-Uniekongres van 5-7 Mei 1921 te Paulpietersburg bywoon nie. Hy het skriftelik verskoning gemaak en in sy brief 'n prys van £5 uitgeloof, vir die beste geskiedkundige opstel wat voor 1 Maart 1922 aan hom gestuur sou word. Die opstel moes oor herinneringe van 'n vorige geslag handel. Dié neerskryf van herinneringe was vir adv. Jansen 'n liefdeswerk wat elke lid van die Saamwerk-Unie moes onderneem, ten einde die persoonlike verhale van mense wat geskiedenis gemaak het vir die nageslag te bewaar. Die kongresgangers het geesdriftig oor die voorstel gereageer.<sup>28)</sup>

Die hoofbestuur het die lede gereeld aan dié wedstryd met 'n geldprys herinner.<sup>29)</sup> Op 12 Mei 1922 het hulle bekendgemaak dat slegs één inskrywing vir die historiese wedstryd ontvang is.<sup>30)</sup> Tydens die 1922 kongres te Dundee is besluit om 'n hoofbestuurskommissie te benoem wat die wedstryde van die Saamwerk-Unie moes hanteer. Mev. M. Jansen en mnr. C.M. Booysen is as lede van die kommissie benoem. Die historiese wedstryd sou voortaan as een van die kongreswedstryde beskou word. Dié aktiwiteite moes die belangstelling in Bybelse en Vaderlandse geskiedenis en letterkunde kweek.<sup>31)</sup>

Mnr. A.T. Spies het vroeg in 1923 ook £5 by adv. Jansen se prys gevoeg, waarna die hoofbestuur besluit het om die Spiesskenking as 'n 2de en 3de prys vir die historiese wedstryd aan te wend.<sup>32)</sup>

Tydens die hoofbestuursvergadering van 9 Mei 1923 het adv. Jansen gesê dat hy 'n verslag oor die historiese wedstryd op die Greytownse kongres sou voorlê.<sup>33)</sup> Op 11 Mei 1923, ten tye van die kongres, is die eerste drie pryse van die historiese wedstryd vir die eerste keer aan mev. N. Meyer, mnr. J. Spies en mej. E. Neethling toegeken.<sup>34)</sup>

Tien jaar later, op 13 April 1933, het adv. Jansen die sewentiende jaarkongres van die Saamwerk-Unie in Newcastle toegesprek. Hy het nostalgies na die ontwikkeling van die kongreswedstryde - soos die historiese wedstryd verwys en die waarde van sulke wedstryde beklemtoon.<sup>35)</sup>

Adv. Jansen het sy swanesang as voorsitter van die Saamwerk-Unie ook op 'n historiese noot afgesluit. Sy rede op 29 Mei 1924 voor die agste jaarkongres van die Saamwerk-Unie te Vryheid het oor "n stukkie Natalse Geskiedenis" gehandel. Dié historiese oorsig oor die sogenaamde tweede trek uit Natal vanaf 1848, is in drie agtereenvolgende uitgawes van **Die Afrikaner** gepubliseer.<sup>36)</sup>

Die historiese bewussyn wat adv. Jansen in die Saamwerk-Unie ingedra het, is na sy uittrede deur die Historiese Kommissie van die S.U. voortgesit. Die kommissie, wat onder voorsitterskap van mnr. A.G. du Toit van Paulpietersburg gestaan het, het aktief na die historiese nalatenskap van die Natalse Afrikaner omgesien.<sup>37)</sup> Deur skakeling met die FAK, die Sentrale Burgergrafte Kommissie, die Historiese Monumentekommissie en selfs van verskillende Engelse liggame wat op die gebied gewerk het, het die kommissie hul werksaamhede met dié van landswye liggame gekoördineer.<sup>38)</sup>

Vanweë sy uitgebreide kennis oor die Natalse geskiedenis en sy parlementêre verbintenis was adv. Jansen ook van tyd tot tyd by projekte van die Historiese Kommissie betrokke. Vir die soektog in Dingaansat na die sogenaamde Pretorius-klip, waarop die name van Andries Pretorius en sy leiersgroep uitgekap is, het hy finansiële ondersteuning probeer vind.<sup>39)</sup> Hy was ook in 'n raadgewende hoedanigheid by die bewaring van Andries Pretorius se woonhuis "Welverdiend", op die landgoed Edendale

(buite Pietermaritzburg) van die Wesleyaanse Sendinggenootskap, betrokke.<sup>40)</sup> Hy was ook betrokke by die poging van die Historiese Kommissie om al die eksimplare van mev. eerw. Erasmus Smit se dagboek op te spoor.<sup>41)</sup>

Op 1 Oktober 1937 het adv. Jansen die Saamwerk-Unie kongres te Volksrust toegesprek en op die ontwikkeling van dié kultuurfederasie gewys. Hy het onder andere ook op die baanbrekerswerk van die Historiese Kommissie gewys. Hy het veral hul pogings om belangstelling in die Natalse geskiedenis aan te wakker, geloof.

Hy het die lofrede met 'n pleitrede afgesluit. Hy het gepleit dat die lede van die S.U. 'n groter belangstelling in die geskiedenis moes openbaar. Hy het die lede aangemoedig om die geskiedenis van hul omgewings na te vors, herinneringe van vorige geslagte te bekom, dit in fyn besonderhede uit te werk en tydens 'n kongres daarvoor verslag te lewer. Hy het ook na die prys, wat hy uitgelooft het, vir 'n Historiese wedstryd verwys. Adv. Jansen het na 'n manuskrip van senator Spies oor die Bloukransmoorde verwys as resultaat van die Historiese wedstryd wat hy begin het. Sulke werk kon volgens hom geskiedkundige werke oor die Afrikaner bevrug. Adv. Jansen het ook historici soos Theal en Corry genoem en gevra of daar nie 'n Afrikaner was wat werk van die formaat, van die twee here, kon lewer nie?<sup>42)</sup>

Tydens die herdenkingskongres van die Saamwerk-Unie in 1942 het adv. Jansen weer eens sy pleitrede vir die te boekstelling van herinneringe van ou mense gelewer. "Ek het al baie jare daarvoor gepleit dat die ervarings van ons ou mense opgeskryf moet word. Dit is al 40 jaar gelede dat die Tweede Vryheidsoorlog beëindig is. Baie mense wat van daardie belangrike periode kon vertel, het reeds van die aardse toneel verdwyn

en hul kennis is vir die geskiedenis verlore. Dit sal nie meer lank duur nie voordat almal wat daardie stryd deurgemaak het en nog lewe, weggeval het nie. Ek weer pleit dat ons verenigings hulle spesiaal daarop toelê om die verhale van die ou mense in hul omgewings te boek gestel te kry ... daardie geskrifte sal die bronne wees waaruit ons geskiedskrywers moet put en dit sou jammer wees as iets verlore gaan wat nog behou kan word."<sup>43)</sup>

'n Ander nuttige historiese werk wat adv. Jansen aan die verenigings voorgehou het, was om die geskiedenis van die oorsprong van plekname neer te skryf. Hy het dit ryklik met sy uitgebreide kennis oor die Natalse plekname geïllustreer. Hy het ook 'n paar vrae oor die oorsprong van plekname in die kongresgangers se midde gelaat. Dit illustreer opnuut sy geskiedkundige belangstelling.

Een pleknaam se oorsprong wat hy bevraagteken het was die eerste spruit vanaf Vryheid na Dundee, wat Magot heet. Volgens oorlewering het die Zoeloes die spruit sedert die Anglo-Zoeloeoorlog Magot genoem, omdat 'n aantal Skotse soldate by die spruit doodgesteek is terwyl hulle boontoe "Ma got" geroep het. Adv. Jansen het egter in 'n notule uit die vroeë dorpsgeskiedenis van Vryheid gelees dat daar ook 'n Zoeloekaptein was wat Magoto geheet het. Op grond van die notule het hy gewonder of die bogenoemde afleiding van die Skotte se doodskrete korrek is.<sup>44)</sup>

Vir adv. Jansen het sulke navorsing nie net 'n historiese waarde gehad nie. Dit het ook 'n praktiese waarde, omdat verkeerde plekname of spellings op kaarte verhoed kon word. Ter illustrasie het hy genoem dat kaarte van die Unie gedurende daardie tyd hersien is. Op die Natalse kaart wat hersien is het hy verskeie name gevind wat verkeerd aangegee of gespел was. Hy het die betrokke staatsamptenaar wat vir die hersiening

verantwoordelik was op die foute gewys. Volgens adv. Jansen het die persoon hom bedank en gevra dat enige ander foute onder sy aandag gebring moet word, met die oog op toekomstige hersiening van kaarte.

Die wenk van adv. Jansen het groot byval by die kongres gevind. Mnr. A.G. du Toit, die voorsitter van die Historiese Kommissie, het onderneem dat hulle die wenk sou opvolg. Die Historiese Kommissie het onderneem om die werk voort te sit as huldeblyk teenoor adv. Jansen se ywer op die gebied.<sup>45)</sup> Kort na die kongres het mnr. A. du Toit begin om die belofte uit te voer. Hy het die verskillende verenigings van die Saamwerk-Unie aangesê om geskiedkundige plekname en herinneringe van ou mense in elke distrik op skrif te stel.<sup>46)</sup>

Adv. Jansen se geskiedkundige belangstelling het nooit vervaag nie. Enkele maande voor sy dood het hy die slotwoord by die halfeeufeesviering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns op 29 Julie 1959 te Stellenbosch uitgespreek. By die geleentheid het hy ook op die studie van die geskiedenis gewys. "Die volksgeskiedenis vereis steeds nougesette studie - dit moet 'n bron van kennis en besieling vir die groots moontlike aantal Afrikaners word om as rigsnoer vir die toekomstige optrede te dien".<sup>47)</sup>

Adv. Jansen se geskiedkundige belangstelling het ook in die versameling van boeke gelê. Hy was 'n aktiewe Africanaversamelaar en sy boekery was nagenoeg 6 000 in getal. Die versameling word tans nog in Pretoria in bewaring gehou.<sup>48)</sup>

## 5.2 **Adv. Jansen se rol in die bewaring van die Geloftekerkie op Pietermaritzburg**

### 5.2.1 **n Oorsig oor die geskiedenis van die Geloftekerkie**<sup>49)</sup>

Vroeg in 1839 was die inwoners van die pasgestigte Pietermaritzburg al besig met die insameling van fondse om 'n kerkgebou op te rig. Op die eerste kollektelyste lui dit dat "des Raad des Volks besloten heeft eene Kerk op de plaats genaamd Pieter Maritz Burg te stichten".<sup>50)</sup>

Vanweë verarming deur die trekkerslewe het bydraes gewissel van handarbeid en wavrage boumateriaal tot skrapse riksdalders. In 1841 kon die Gelofte van 1838 met die inwyding van die kerkgebou nagekom word. Hoewel die kerk nie banke gehad het nie, was dit 'n heuglike gebeurtenis, want die Geloftekerk op die hoek van Kerk- en Langhamstraat was 'n sieraad vir sy mense: die eerste kerkgebou ten noorde van die Oranjerivier.<sup>51)</sup>

Hoewel die term "Geloftekerk" nooit gebruik is nie, het die Voortrekkers nog so sterk in die gees van die 1838-gelofte geleef dat almal geweet het waarvoor dié kerk gebou is.<sup>52)</sup>

In Augustus 1843 is die anneksasie van Natal deurgevoer en gedurende die jare 1843-48 het ongeveer tweederdes van die Voortrekkers Natal weer verlaat. Iets wat vir onder meer die swak finansiële toestand van die gemeente nie ten goede was nie. Gedurende die volgende dekade is fondse ingesamel om 'n nuwe kerk, die sogenaamde "Voortrekkerkerk" te bou. Die groter "Voortrekkerkerk"<sup>53)</sup> is op 7 April 1861 ingewy.<sup>54)</sup>

Na twintig jaar was die ou Geloftekerkie dus leeg. Die finansiële toestand van die gemeente het steeds veel te wense oorgelaat. Die kerkie het tekens van verval begin toon en die gemeente het teen die reparasiekoste opgesien. Derhalwe is op 30 Maart 1863 na ernstige oorweging besluit om die gebou te verkoop. 'n Amendement van ouderling Boshoff het gelui, "dat het gebou nimmer worde gebruik, sonder toestemming van den geheelen Kerkraad, als een Hotel of cantien van eenige descriptie".<sup>55)</sup> Die destydse leraar, ds. Heut, het die gemeente van die kansel af oor die saak ingelig. Hierna is die gebou op 26 Junie 1863 volgens bogenoemde voorwaarde op 'n openbare veiling vir £840, aan Vicar Brayhirst verkoop.<sup>56)</sup> Vir die kerkraad was dit egter 'n ongelukkige transaksie want Brayhirst is na twee jaar insolvent verklaar, en die gebou moes op 2 Oktober 1865 teruggeneem word. By die geleentheid is besluit om dit aan die regering teen £70 per jaar as skoolgebou te verhuur. Noodsaaklike herstelkoste en verhoogde huur of 'n kooptransaksie waaraan die regering nie wou byt nie, het die kerkraad genoop om op 19 Mei 1873 weer aan verkoop te dink. 'n Aanbod van £700 is van mnr. S. Whitelaw ontvang. Veertien dae lank is geadverteer dat "de oude kerk" te koop is en die gemeente is ook oor die aanbod ingelig. Geen besware is ontvang nie en die transaksie is op 7 Julie 1873 beklink, met dieselfde voorwaardes wat vir mnr. V. Brayhirst in 1863 gegeld het. Op sy beurt het Whitelaw die gebou in 1891 weer aan mnr. W.H. Buchanan verkoop. So het dit gebeur dat die kerkie uit die hande van die gemeente geraak het en 35 jaar lank as wamakerswinkel, mineraalwaterfabriek, aptekerswinkel en teekamer gedien het, terwyl dit soms lank onversorg en leeg gestaan en sodoride verwaarloos het.<sup>57)</sup>

### **5.2.2 Die Geloftekerk word weer volkseïendom**

Hoewel sommige persone in Pietermaritzburg se Afrikanergeleedere af en toe 'n opmerking gemaak het dat dit 'n skande is dat die

ou kerkie so verwaarloos word, het dit tot 1908 geduur voordat enige daadwerklike stappe gedoen is om die gebou in bewaring te neem.

Mnr. B.I. Vorster (die mede-eienaar van **De Afrikaner**) was 'n aktiewe kultuurstryder en waarskynlik die man wat dié bal aan die rol gesit het. In 'n artikelreeks oor volksake in **De Afrikaner** het 'n skuilnaamskrywer (Ben Vorster?) die versugting uitgespreek dat Natallers nog die nagedagtenis van die Voortrekkers moes vereer.<sup>58)</sup>

Ongeveer drie maande na hierdie wekroep het E.G. Jansen die pen opgeneem en in **De Afrikaner** die saak van die Geloftekerkie begin bepleit. Hy was van mening "dat het de plicht is van elk rechtgezinde Afrikaner om te trachten dat gebou weer terug te krijgen en toe te zien dat het alleen gebruikt wordt voor datgene, wat tot eere kan strekken van de helden, die het gebouwd hebben. Het gebouw is goed gelegen en er is plaats voor een monument. Kan er een geschikter plaats gevonden worden voor een monument ter gedachtenis van Piet Retief? Is hij niet een gedenkteken waard? Afrikaners, wat denkt julle daarvan? ...

"Hier in onze zeer kleine kring zijn er diegenen, die zich al lang over de zaak hebben gekweld, maar wij kunnen nimmer hopen om zonder hulp iets tot stand te brengen om de oude Kerk terug te krijgen. Sullen de Afrikaners van heel Z.A. niet willen helpen? De zaak is toch gewis van Nasionaal belang. Het helpt toch immers niets monumenten op te richten ter gedachtenis van onze helden, wanneer wij de monumenten daar hen zelve gebouwd verwaarlozen en in handen van vreemden laten vallen!"<sup>59)</sup>

Dit was moontlik 'n sameloop van omstandighede wat dié brief tot gevolg gehad het. In Junie 1908 het die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging die geskiedenis van Natal op hul agenda gehad<sup>60)</sup> en gedurende Augustus en September 1908 het die bogenoemde artikelreeks oor die Afrikaner se volksake in **De Afrikaner** verskyn.<sup>61)</sup> Die onderwerpe het sekerlik die Pietermaritzburgse Afrikaners se volksgevoel aangespreek, terwyl hulle daaglik die verwaarloosde Geloftekerkie moes aanskou. Gedurende Oktober 1908 is die afgevaardigdes van die Nasionale Konvensie in Natal verwelkom, waarna die landswye aandag op Durban gefokus is.<sup>62)</sup> Hierdie omstandighede kon adv. Jansen geaktiveer het om die saak van die verwaarloosde Geloftekerkie op die openbare agenda te plaas.

Die pleidooi van adv. Jansen het nie op dowe ore geval nie. Kort hierna het 'n briëfskrywer in **De Kondsapper** die saak ook vurig ondersteun.<sup>63)</sup>

Hierdie inisiatiewe het die bewaringsaksie van die Geloftekerk van stapel gestuur.

Hierna het sake vinnig ontwikkel. Volgens mev. F.D. de Beer<sup>64)</sup> het sy op 'n wenk van mnr. W.G. Broadbent van die plaaslike firma Mason en Broadbent, sekere inligting met ds. G.M. Pellissier bespreek.<sup>65)</sup> Ds. Pellissier het op 19 Desember 1908 tydens 'n kerkraadsvergadering van die plaaslike N.G. Gemeente die vergadering meegedeel dat die heer W.H. Buchanan (van die Natal Navigation Colliers Limited) bereid is om die Geloftekerkie vir die bedrag van £1 750 te verkoop. Die kerkraad het besluit om 'n kommissie te benoem, wat uit adv. Jansen (sekretaris), ds. Pellissier en oudl. J.F. Tredoux bestaan het, om met Buchanan

te onderhandel met die doel om die gebou aan te koop of vir 'n tydperk van ses maande te huur.<sup>66)</sup> Watter onderhandelings vooraf plaasgevind het, is onbekend, maar op 17 Desember 1908 het Buchanan vir adv. Jansen op 'n navraag om die kerk te huur geantwoord: "You can have it as a monthly tenant at the rate of 30/- per month, I may add that it has electric fittings and only requires to be connected with the main. Should you wish to purchase the whole property my price is £1 750."<sup>67)</sup> Adv. Jansen het namens die kerkraadkommissie 'n opsie vir 12 maande verkry om voor 1 Maart 1910 die Geloftekerkie vir die bedrag van £1 750 te koop.<sup>68)</sup>

Die kerkraadkommissie het vervolgens daadwerklike stappe gedoen om die ideaal te bereik. 'n Oproep is in die pos gedoen om op 2 April 1909 'n openbare vergadering met 'n drieledige doel by te woon. Die beoogde bewaringsaksie en planne vir die insameling van fondse moes bespreek word. Daar moes ook 'n kommissie uit die breë gemeenskap verkies word om die bewaringsaksie verder te hanteer.<sup>69)</sup>

Die reaksie op die oproep van adv. Jansen was uiteenlopend. Enersyds het dr. Vrolik, die redakteur van **De Afrikaner**, die hoop uitgespreek dat adv. Jansen se beroep oor die hele Suid-Afrika ingang sal vind. Hy het ander nuusblaaie versoek om berigte en kennisgewings oor die saak te publiseer, sodat die Geloftekerk wat "aan haar bestemming onttrokken en verwaarloosd daar op het hoekje van het markplein" staan, teruggekoop kon word.<sup>70)</sup> Hierteenoor het mnr. J.S.M.Rabie, 'n voormalige redakteur van **De Afrikaner**, uit Bloemfontein besware teen die bewaringsaksie geopper. Hy het voorgestel dat die gebou afgebreek en die terrein in 'n park (na die Voortrekkers vernoem) verander moes word.<sup>71)</sup>

Adv. Jansen het intussen genl. Louis Botha en ander leiersfigure genader met die versoek om hulle name, as ondersteuners, aan die bewaringsaksie te koppel. Die kerkraadkommissie het gehoop om op hul voorgenome vergadering van 2 April 1909, 'n brief van genl. L. Botha "tot staving van de beweging" voor te lees.<sup>72)</sup> Hoewel genl. Botha simpatie met die saak gehad het, wou hy nie die saak aktief ondersteun nie.<sup>73)</sup> Hierteenoor het oud-pres. M.T. Steyn op 'n soortgelyke versoek geantwoord dat die bewaringsaksie vanselfsprekend sy volle simpatie wegdra. Hierdie bewaringsaksie was vir hom die teken dat die Natalse Afrikaners besig was om te ontwaak, omdat hulle hulle kultuurerfnis in bewaring wou neem.<sup>74)</sup>

Op Vrydagaand, 2 April 1909, het 'n klein maar tog verteenwoordigende groep mense, wat selfs verteenwoordigers van Vryheid en Utrecht ingesluit het, in Pietermaritzburg vergader. Adv. Jansen het die doel van die vergadering en ds. Pellissier die wenslikheid van die terugkoop van die Geloftekerkie uiteengesit.

Tydens die bespreking oor die gebruik van die gebou het adv. Jansen gevoelvol oor die lot van die Geloftekerkie gereageer. Hy was verbaas dat daar so min belangstelling in die saak getoon is. Adv. Jansen het verklaar dat dit die dure plig van elke opregte Afrikaner was om die gebou terug te koop. Die gebou was vir hom 'n kultuurbaken vir elke Afrikaner en daar moes ook later 'n monument vir Piet Retief en ander Voortrekkerleiers langs die kerkie opgerig word.

Nadat die aanwesiges hulle harte uitgepraat het, het adv. Jansen voorgestel : "Deze vergadering al die beskikbare feiten in verband met de Kerk van de Voortrekkers te P.M.Burg besproken

en ernstig overwogen hebben druk hare innige leedwezen uit dat die Kerk tans niet meer onder beheer is van Afrikaners en beskouwt het als noodzakelik dat die kerk door de Afrikaners moet aangekocht worden om in vervolg gebruik te worden voor doeleinden meer overeenkomstig haar oorspronklike doel".<sup>75)</sup>

Die vergadering het ook besluit dat daar onmiddellike stappe geneem moes word om die koopsom in te samel. Die komitee wat verkies is om die bewaringsaksie verder te hanteer, het uit die volgende lede bestaan: Ds. Pellissier, adv. Jansen, mnre. J.F. Tredoux, B.I. Vorster, W.J. Botes, J.M. Hershensohn, T.C. Wolhuter, C.J.Scheepers, J.C. Scheuer, H.J. Martens en J.N. van der Westhuizen. Die komitee uit die breë Afrikaanssprekende gemeenskap moes predikante en kerkrade van Natalse gemeentes nader met die doel om plaaslike vlak komitees te benoem om die bewaringsaksie in elke gemeente te hanteer. Die komitee moes ook so spoedig moontlik 'n kennisgewing en kollektelys versprei om fondse in te samel. Die komitee moes tydens die Oktobernagmaalsviering, 'n vergadering belê om 'n vorderingsverslag te lewer.<sup>76)</sup>

Die komitee het nie 'n spesifieke naam gehad nie. Wanneer die komitee ter sprake was, is net na die "komitee" verwys. In 1912 het adv. Jansen dit nog "Voortrekkers Kerk Kommissie" genoem.<sup>77)</sup> Die lede van die Voortrekkerkerkkommissie was nie maklik bereikbaar nie en gevolglik is 'n uitvoerende komitee, bestaande uit ds. Pellissier, adv. Jansen en mnre. Hershensohn, benoem.<sup>78)</sup>

"Ou Vale", 'n rubriekskrywer in **De Afrikaner** het na die vergadering adv. Jansen geprys vir die inisiatief en leiding wat hy geneem het. Hy het die hoop uitgespreek dat nie net Natallers nie, maar

die hele Afrikanerdom hierdie poging sou ondersteun.<sup>79)</sup>

Die uitvoerende komitee van die Voortrekkerkerkkommissie het aan die werk gespring en gepoog om plaaslike komitees in Natalse gemeentes gestig te kry, leiersfigure gekry wat die aksie ondersteun en op 1 Junie 1909 'n kragtige oproep landswyd uitgestuur. Dié kennisgewing en kollektelys met die opskrif "Het Kerkje van de Geloofte der Voortrekkers" is aan alle Afrikaners gerig, met die versoek om die poging 'n gewetensaak te maak en mee te help om die bedrag van £1 750 in te samel.<sup>80)</sup> Die besluite van die vergadering op 2 April is in die oproep vervat en dit is ook gestel dat die kerk aan trustees of voogde oorgedra sou word en dat die beweging onder beskerming van die vier premiers en ander hooggeplaasdes (genls. Smuts, Hertzog, De Wet, De la Rey en andere) staan. Daar is ook genoem dat die komitee beoog om muurpaneel waarop die name van al die Voortrekkers sou voorkom in die gebou aan te bring en 'n gedenkteken vir Retief en ander leiers langs die gebou op te rig.<sup>81)</sup>

Het Kongres, die Natalse Boerevereniging, was waarskynlik die eerste liggaam wat amptelik op dié kennisgewing gereageer het. Tydens Het Kongres se jaarkongres op 16 Junie 1909 te Dundee is besluit om die bewaringsaksie te ondersteun.<sup>82)</sup>

Die publiek het maar traag gereageer om bydraes aan adv. Jansen te stuur.<sup>83)</sup> In Noord-Natal, die oorwegend Afrikaanssprekende gebied, was die spore van verarming na die Tweede Vryheidsoorlog nog nie uitgewis nie. Groot dele van Natalse boeregemeenskappe het ook groot verliese as gevolg van die vernietigende Ooskuskoors gely. Bydraes uit die res van die land het adv. Jansen ook

drupsgewys bereik. Die vrees het ontstaan dat die koopsom nie voor 1 Maart 1910 ingesamel sou word nie. In die lig van 'n ekonomiese herlewing in Pietermaritzburg en die feit dat die munisipale waardasie van die Geloftekerkie op £3 000 getakseer is, is die dringendheid van die kooptransaksie beklemtoon. Die eienaar sou waarskynlik na Maart 1910 op 'n hoër koopprys aangedring het. **De Afrikaner** het gedurende 1909 gereeld sy lesers aangemoedig om die bewaringsaksie te ondersteun.<sup>84)</sup>

Die Voortrekkerkerkkommissie het in hul verslag van 9 Oktober 1909 gemeld dat hulle ruim 2 000 kopieë van hul Junie 1909 oproep aan alle Afrikaanse koerante, bekende Afrikaanse verenigings en politieke partye, skole en kerkrade in Suid-Afrika gestuur het.<sup>85)</sup> Die ingesamelde fonds het in September 1909 £98-7-9,<sup>86)</sup> in November 1909 - £500,<sup>87)</sup> in Januarie 1910 - £572-9-7,<sup>88)</sup> en einde Maart 1910 - £1 567-5-4 beloop.<sup>89)</sup>

Mnr. W.H. Buchanan het op 2 Maart 1910 by adv. Jansen gekla dat hy nog nie die geld vir die Geloftekerkie ontvang het nie en gevra dat die Voortrekkerkerkkommissie so gou moontlik moes reageer.<sup>90)</sup> Mnr. Hendrik Bruyns van Noodsberg het tot die komitee se redding gekom. Hy het vir die komitee £500 voorgeskiet sodat die koopbriewe op 3 Maart 1910 onderteken kon word.<sup>91)</sup> Die eiendom was nou vir die volk teruggekoop en geregistreer op die name van die uitvoerende komiteelede, ds. G.M. Pellissier, mnr. J.M. Hersensohn en adv. E.G. Jansen wat as trustees sou optree. 'n Interessante voorwaarde in die koopkontrak was dat dieselfde bepaling wat in 1863 en Julie 1873 vir Brayhirst en Whitelaw gegeld het, ook op adv. Jansen-hulle van toepassing was naamlik: "Neither ... (die drie kopers) ... or any other future owner ... shall erect or keep any Hotel, Canteen, Public House or TAB thereon".<sup>92)</sup>

Adv. Jansen het op 21 Maart 1910 'n ope brief aan sy landgenote gestuur waarin hy oor die aankoop van die Geloftekerkie verslag gelewer het. Hy het ook gevra dat kongresse van politieke liggame, debats- en ander verenigings, verteenwoordigers moes kies om deel te hê aan 'n konferensie wat oor die toekoms van die teruggekoopte kerk moes besluit.<sup>93)</sup> Hierop is geen antwoord ontvang nie en die Voortrekkerkerkkommissie moes self oor die lot van die kerkie besluit. Die komitee moes nog die lening van mnr. Bruyns terugbetaal en die koste van die restourasie dra. Die publiek het onverpoos meegehelp om fondse in te samel, inligting oor die oorspronklike konstruksie van die gebou te soek en oudhede vir die te stigte Voortrekkermuseum te versamel.<sup>94)</sup>

Die finansiële posisie van die Voortrekkerkerkkommissie het deurgaans benard gebly en adv. Jansen moes onverpoos sy volksgenote deur middel van **De Afrikaner** en **De Kondsapper**, aanspoor om die bewaringsaksie te ondersteun.

Die Voortrekkerkommissie het in samewerking met die dames van die plaaslike N.G. Gemeente 'n reuse bazaar vir 11 November 1910 gereël om fondse vir die Geloftekerkprojek in te samel.<sup>95)</sup> Tydens die bazaar het adv. Jansen vir die eerste keer die Voortrekkeroudhede wat ontvang is, in die Geloftekerkie uitgestal, en die bazaargangers kon teen 'n toegangsprys die oudhede besigtig. Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging het dieselfde aand ook 'n verskeidenheidskonsert ten bate van die projek aangebied,<sup>96)</sup> Die poging het die komitee £261 in die sak gebring en hulle het ook 'n aansienlike hoeveelheid oudhede ontvang.<sup>97)</sup>

Adv. Jansen het ook 'n aktiewe rol in die restourasie van die gebou gespeel. Hy het deur middel van **De Afrikaner** inligting oor die oorspronklike konstruksie van die gebou ingewin.<sup>98)</sup> Die inligting is met J. Collingwood Tully, 'n argitek bespreek wat uiteindelik die restourasiewerk gelei het. 'n Tender van £687-14-8, van die boukontraakteur Cromwell en Carter, is aanvaar om die restourasiewerk aan die gebou te doen. Die bouwerk het die komitee weer eens met 'n tekort van £150 gelaat. Hierop het adv. Jansen weer eens die Natalse Afrikaners versoek om in te spring en die bedrag byeen te bring.<sup>99)</sup>

Teen Januarie 1912 was die restourasiewerk aan die Geloftekerkie voltooi. In **De Kondsapper** het adv. Jansen die voltooide projek trots aangekondig. "Het Voortrekkerkerkie ziet er nu, in zijn herbouwde vorm, schoon en net uit. Hij brengt ons, zo vanzelf als het ware, terug in het verleden - die kajatenhouten deuren en vensters, die witgepleisterde muren met hun oud-Hollandse gevels, ze spreken van een stoere, sterke, eenvoudige tijd, die voor goed voorbij is. Het kleine witte gebouwtje steekt sterk bij de omgeving van rode bakstenen af, en de wandelaar in Kerk straat, ontwaart reeds uit de verte dat klein, wit, zo in het oog vallend plekje, en zo hij het niet weet dan vraagte hij naar de betekenis er van, of weet hij er wel van dan is het hem meteen weer 'n herinnering aan de Voortrekkers. Zijn in het oog springend voorkomen zal het Voortrekkerskerkje helpen zijn zo dure roeping te vervullen. Wanneer alle herinnering aan de Voortrekkers te Pietermaritzburg zal zijn verdwenen, zal dat kleine witte gebouwtje nog fier zijn puntige gevels omhoog verheffen en ieder bezoeker, ieder wandelaar toeroepen: 'De Voortrekkers! Vergeet ze niet!'"<sup>100)</sup>

Die Natalse Afrikaners is ook daaraan herinner dat daar 'n tekort van £150 op hande is en dat addisionele fondse vir die res van

die projek gevind moes word.<sup>101)</sup> Die nypende tekort aan geld het adv. Jansen genoodsaak om op 28 Mei 1912 die stadstesourier te versoek om die betaling van die munisipale belasting vir die eiendom 'n paar maande uit te stel.<sup>102)</sup> Die gemeenskap het weer hul deel bygedra en teen Oktober 1913 het die Voortrekkerkerkkommissie £20 in hul kas gehad, nadat hulle die bewaringsaksie vir 'n totale bedrag van ongeveer £2 470 voltooi het.<sup>103)</sup>

Intussen het adv. Jansen 'n briefwisseling oor die Geloftekerkie met die Departement van Binnelandse Sake begin, wat 24 jaar sou duur. Hy het op 26 Januarie 1912 vir Minister A. Fischer, die destydse minister van Binnelandse Sake, versoek om die Geloftekerkie op die regering se naam te transporteer.<sup>104)</sup>

Die Voortrekkerkerkkommissie was van mening dat die gebou, vanweë sy historiese belang, aan die regering vir bewaring en behoorlike onderhoud oorgedra moes word. Hulle wou die gebou op 12 Desember 1912, ten tye van 'n grootskaalse Dingaansdagviering, aan die regering vir veilige bewaring oorhandig. Onder die akte van transport is die gebou op die volgende voorwaardes aan die staat aangebied: Dat die gebou as 'n museum vir Suid-Afrikaanse oudhede in stand gehou moes word; dat die gebou onder geen omstandighede van die Unieregering vervreem mag word nie; dat marmerpanele waarop die name van alle Natalse Voortrekkerfamilies verskyn, in die museum aangebring moes word; dat 'n monument, "ter ere van Piet Retief en de andere Voortrekker leiers die in Natal sneuwelden of bleven, so mede Andries Pretorius opgericht worden ... waarvoor de Komiteeleden zich verbinden hun krachten in te spannen minstens de helft van de nodige gelden in te zamelen".<sup>105)</sup>

Die Departement Van Binnelandse Sake het namens die regering onderneem om die Geloftekerkie op die volgende voorwaardes oor te neem: Dat die regering nie vir die finansiële las verbonde aan die byeenbring van oudhede verantwoordelik is nie; dat die beherende komitee moes bly funksioneer om die versameling byeen te bring; dat die gebou in die sorg van die Natalse Provinsiale Administrasie geplaas sou word, wat ook die transport van die eiendom aan die regering sou behartig.<sup>106)</sup>

Die Voortrekkerkerkkommissie het op 29 Maart 1912 vergader en die optrede van die uitvoerende komitee goedgekeur. Die uitvoerende komitee het opdrag gekry om in die belangrikste Afrikaanse koerante bekend te maak dat die Geloftekerk as 'n museum aan die regering oorgedra gaan word. Die uitvoerende komitee moes ook die publiek versoek om oudhede aan die museum te skenk.<sup>107)</sup>

Hierop het adv. Jansen op 6 Mei 1912 'n tweede landswye oproep uitgestuur. Die uitvoerende komitee stel dat die kerk teruggekoop, herstel en die skuld byna gedelg is. Die stilswye in verband met hul eerste versoek (21 Maart 1910) het die komitee as blyk van vertrouwe vertolk. Naas verdere bekendstellings het die komitee gevra dat besware teen die voorgenome plan voor 15 Junie 1912 ingedien moes word.<sup>108)</sup>

Slegs een persoon het dié planne in **De Afrikaner** gekritiseer. Hy was van mening dat die gebou die eiendom van die N.G. Kerk moes bly. Terwyl finansiële middele ontbreek, moes daar volgens die onbekende klaer met die aanbring van marmerpanele, 'n monument en uitgawes vir die inrigting van 'n museum gewag

word. "Vooreerst is de grond heilig genoeg en het gebouw monument genoeg voor mij als Afrikaander".<sup>109)</sup>

Adv. Jansen-hulle het hulle nie aan dié beswaar gesteur nie. Op 1 Julie 1912 het hy vir die Departement van Binnelandse Sake verwittig dat geen besware teen die transporteringsgedagte ontvang is nie, en dat die uitvoerende komitee gevolglik met die planne voortgaan.<sup>110)</sup>

Hierop het minister Fischer opdrag gegee vir die kerk se oorname.<sup>111)</sup> Die uitvoerende komitee het hierna alles in gereedheid gebring vir die feesgeleentheid op 16 Desember 1912, waartydens die Voortrekkermuseum amptelik geopen en die gebou aan die regering oorhandig is. Die feesgeleentheid het oor vier dae gestrek en het Pietermaritzburg die brandpunt van bedrywighede gemaak.<sup>112)</sup>

Adv. Jansen het op 22 Oktober die stadsklerk gevra dat die stadsraad moes meehelp om die feesgeleentheid op 16 Desember 1912 'n openbare volkskarakter te gee, omdat Afrikaans- sowel as Engelssprekendes tot die fondsinsamelingspoging bygedra het.<sup>113)</sup> Hierna is 'n Feeskommissie van 40 mans en dames uit bogenoemde bevolkingsgroepe, onder voorsitterskap van die stad se Burgemeester, mnr. D. Sanders, verkies.<sup>114)</sup> 'n Lys van hotelle en losieshuise is gepubliseer en die Feeskommissie het ook 'n tentdorp op die markplein vir al die besoekers opgerig.<sup>115)</sup> Die feesprogram het op Vrydag, 13 Desember 1912, met 'n geskiedkundige lesing oor die Voortrekkers, deur C. Bird, afgeskop. Die Saterdag is 'n lesing deur mnr. Bird vir die skoolkinders, 'n tentoonstelling van historiese skilderye en 'n verskeidenheidskonsert aangebied. Die Sondag is drie eredienste gehou wat deur 'n groot groep besoekende predikante waargeneem is.<sup>116)</sup>

Op Maandag, 16 Desember, is adv. Jansen-hulle se drome verwesenlik. Die dag is deur 'n vroeë erediens ingelui. Om 11h00 is die stadsaal gevul deur feesgangers vir 'n openbare vergadering wat onder voorsitterskap van die administrateur, mnr. C.J. Smythe, plaasgevind het. Tydens die geleentheid is die gebou in 'n plegtige seremonie aan die regering en die Natalse Provinsiale Administrasie oorhandig. As gevolg van 'n kabinetkrisis, die sogenaamde Hertzogkrisis, was geen minister teenwoordig nie. Genl. Schalk Burger (L.U.K. in Transvaal) het namens die regering die plegtigheid bygewoon. Hy het sy toespraak in Hollands gelewer wat deur ds. Rossouw vir die gehoor in Engels vertaal is. Oud-minister George Leuchars, wat juis op daardie stadium midde in die kabinetkrisis gestaan het, het minister F.S. Malan se toespraak voorgelees. Mnr. Smythe het namens die Natalse Provinsiale Administrasie ook 'n kort toespraak gelewer.

Die feesgangers het hierna in 'n plegtige optog na die Geloftekerkie gestap. By die kerkie het ds. H. Schoon 'n gebed gedoen waarna ds. Pellissier namens die uitvoerende komitee van die Voortrekkerkommissie twee brons sleutels aan genl. Burger en mnr. Smythe oorhandig het. Genl. Burger het die voordeur van die Geloftekerkie oopgesluit, die museum geopen verklaar en die gebou namens die Unieregering in besit geneem. Die Administrateur het ook 'n sleutel in ontvangs geneem aangesien die Provinsiale Administrasie die beheer oor die Voortrekkermuseum sou oorneem. Na die seremonie het van die eregaste boompies langs die Geloftekerkie geplant. Die Administrateurspaar het die eregaste op 'n middagmaal onthaal.<sup>117)</sup>

Die lede van die feeskommissie was op die dag duidelik aan hulle rooi, wit, blou, groen en geel kokardes uitkenbaar. Op die bors

van byna elke aanwesige was 'n gedenkpenning waarop 'n afbeelding van die Voortrekkermuseum en name van die Voortrekkerleiers gepryk het.<sup>118)</sup>

### **5.2.3 Die Geloftekerk as Voortrekkermuseum – die oordrag van die museum aan die regering**

Met die opening van die Geloftekerk as Voortrekkermuseum was die taak van die uitvoerende komitee van die Voortrekkerkommissie nog nie afgehandel nie. In Augustus 1913 is 'n Voortrekkermuseumkomitee<sup>119)</sup> in die lewe geroep om die administrasie van die museum te behartig. Die uitvoerende komitee is as lewenslange verteenwoordigers van die N.G. kerk daarop benoem, terwyl die regering ook drie persone vir 'n tydperk van vyf jaar benoem het.<sup>120)</sup>

As segsman van die Voortrekkermuseumkomitee was adv. Jansen op 18 September 1913 genoodsaak om die Minister van Binnelandse Sake aangaande die toestand van die museum in te lig.

Hy meld dat die Provinsiale Administrasie, op hul versoek om geld vir die instandhouding en verbetering van die geboue en die terrein beskikbaar te stel, van die regering verneem het dat geen voorsiening vir die museum op die begroting gemaak is nie. Adv. Jansen beskuldig die regering dat, "het schynt alsof tot nog toe de Regering het Museum niet met die vrygevigheid heeft behandeld welke men zou kunnen verzacht hebben in verband met 'n historiese en nationale inrichting van deze aard".<sup>121)</sup>

Sir T. Watt wat op daardie stadium Natal in die kabinet verteenwoordig het, het op navraag van adv. Jansen onderneem om ook te poog om 'n beter reëling vir die museum te bewerkstellig.<sup>122)</sup>

Na twee jaar se stilswye het adv. Jansen in 'n poging om die onsekere oordragkwestie van die museum aan die regering op te klaar, op 9 April 1915 weer die pen opgeneem. Hy verduidelik aan die sekretaris van Binnelandse Sake dat die Voortrekkermuseumkomitee sedert 1913 op losse voet bly voortbestaan het "zonder presies te weten wat eintlik zijn plichten en verantwoordelikheden waren".<sup>123)</sup>

Intussen het kol. Wales en mnr. C. Bird hul tyd opgeoffer om die museum op sekere dae vir die publiek oop te hou. Hul posisie is net so vaag en onseker. Die rede hiervoor is dat die Provinsiale Administrasie, wat namens die Unieregering beheer uitoefen, magteloos was om iets te doen sonder die nodige fondse.

Adv. Jansen was van mening dat deur die regerings toedoen die belange van die museum gevaar loop om verwaarloos te word. Namens die Voortrekkermuseumkomitee het hy die volgende voorstelle aan die regering voorgelê. Dat 'n kurator wat na alles moet omsien teen 'n behoorlike salaris aangestel behoort te word; dat geld vir die aankoop van oudhede beskikbaar gestel moes word; dat indien die Voortrekkermuseumkomitee aanbly, die regering nagenoeg £250 per jaar vir instandhouding van die museum moes toestaan wat deur die komitee geadministreer sou word.<sup>124)</sup>

Dié pleidooi vir finansiële steun was nie tevergeefs nie. Die regering het alreeds in die 1915-1916 boekjaar 'n bedrag van £150 vir onderhoudskoste en £50 vir die salaris van 'n kurator bewillig.<sup>125)</sup>

Met die regeringshulp kon die funksionering van die museum op vaster voet geplaas word. Adv. Jansen het ook die publiek

aangespoor om meer Voortrekkermuseumstukke vir veilige bewaring aan die museum te skenk. Die feit dat daar 1 500 besoekers in 1914 en 1 700 besoekers in 1915 die museum besoek het, het getoon dat die museum in sy doel beantwoord.<sup>126)</sup>

Hierdie positiewe ontwikkeling is deur 'n wysiging in regeringsbeleid ten opsigte van die museum byna aan bande gelê. Die Sekretaris van Binnelandse Sake het op 28 Desember 1916 laat weet dat 'n parlementêre kommissie verslag gelewer het dat staatsondersteunde instansies, soos dié museum, in stand gehou moes word deur 'n toelaag van die plaaslike besture in wie se gebied dit geleë is. Die balans moes deur donasies verkry word.<sup>127)</sup>

Hierop het die Voortrekkermuseumkomitee 'n formele protes voor die betrokke Minister gelê omdat dit 'n afwyking van die 1912-voorwaardes was.<sup>128)</sup>

Mnr. C.M. Ingwersen is op 8 Februarie 1917 deur die Voortrekkermuseumkomitee aangestel. Tydens dié vergadering het adv. Jansen ook onderneem om die dokumente vir die transport van die museum op te stel.<sup>129)</sup>

Weens die swak finansiële toestand van die Unie was daar sprake dat die regering gedurende 1917 die skrale £150 onderhoudstoelae aan die museum gaan verminder. Adv. Jansen het op 7 Maart verskeie volksraadslede soos sir T. Orr (LV vir Pietermaritzburg-Noord), dr. R.A. Buntine (LV vir Pietermaritzburg-Suid), genl. M.W. Mijburgh (LV vir Vryheid), kmdt. C. van Niekerk (LV vir Boshoff), en Tol Nel (LV vir Newcastle) versoek dat hulle eerder moes toesien dat die onderhoud verhoog word. Die £150 was

onvoldoende vir die finansiële verpligtinge van die museum en 'n kleiner bedrag sou sorgwekkend wees. Die bogenoemde here het almal gunstig op adv. Jansen se versoek gereageer.<sup>130)</sup>

Ten spyte van die poging van adv. Jansen moes die Voortrekkermuseumkomitee later met minister Thos. Orr, die minister van Finansies, 'n onderhoud voer in 'n poging om 'n groter toelaag te bekom en om ook hul griewe op rekord te plaas.<sup>131)</sup>

Minister Orr se standpunt was dat die regering wel in 1912 met die oornam ingestem het om verantwoordelikheid vir die gebou en sy inhoud te aanvaar, maar nie die finansiële verantwoordelikheid vir die aankoop van oudhede nie. Die Voortrekkermuseumkomitee word verseker dat wanneer toestande weer normaal word, die versoek om verhoogde toelae vir die museum gunstig oorweeg sou word. Die Unie se swak finansiële toestand het die Staatstesourier genoop om alle toelaes aan musea met 25% te verminder. Die komitee word gevra om, wat die huidige betref, die saak so te aanvaar.<sup>132)</sup>

Die onsekere finansiële posisie van die Voortrekkermuseum sou in 1922 'n dooie punt bereik. H. Venn, die ondersekretaris van Binnelandse Sake, het die Voortrekkermuseumkomitee verwittig dat die regering besluit het om vanaf 31 Maart 1922 geen verdere "grants-in-aid" aan nie-nasionale instellings te betaal nie. Ten spyte van die vele vertoë van die komitee het die regering nog steeds die Voortrekkermuseum as 'n nie-nasionale instelling beskou. In 1922 is die museum onder die Finansiële Verwantskapswet Nr. 10 van 1913 geklassifiseer. Dit het bepaal dat toekennings van "grants-in-aid" by die Provinsiale Administrasie berus. Die komitee word derhalwe na die Natalse Provinsiale Raad vir finansiële hulp

verwys. Die Voortrekkermuseumkomitee se probleem in dié verband was egter dat die Kaapse en Transvaalse Administrasies volle verantwoordelikheid vir sulke toelaes aanvaar het, maar nie die Vrystaatse en Natalse Provinsiale Administrasies nie.<sup>133)</sup>

Ingwersen se antwoord hierop lui dat, "the Voortrekkers' Museum is not a Government-aided but a purely Government institution taken over by the Department of the Interior in 1912, in trust for the South African people. Under the circumstances the Committee will be glad to know (whatever your notification has not been forwarded in error")<sup>134)</sup>

Teen dié agtergrond het die Voortrekkermonumentkomitee hom by monde van sekretaris Ingwersen tot adv. Jansen as L.V. gewend om vir die Voortrekkermuseum voorspraak te doen.<sup>135)</sup> As LV kon adv. Jansen nie meer soos vroeër sy kulturele rol in Pietermaritzburg uitlewe nie. Die inspraak wat hy deur sy parlementêre verbintenis verkry het, sou die komitee egter altyd tot diens wees.

Kort na die versoek van mnr. Ingwersen het adv. Jansen bevestig dat hy minister Duncan, die minister van Binnelandse Sake, oor die regeringstoelaag vir die Voortrekkermuseum gespreek het. Adv. Jansen was van mening dat die musea in die Vrystaat en Natal op hul Provinsiale Rade druk moes uitoefen om onder Wet no. 10 van 1913 opgeneem te word. Hy het die Voortrekkermuseumkomitee verseker dat hy die saak verder sou voer.<sup>136)</sup>

Gedurende Maart 1922 het mnr. V.H. Venn weer eens verklaar dat die regering nie die Voortrekkermuseum as 'n nasionale instelling

beskou nie. Hy het die Voortrekkermuseumkomitee na die Natalse Provinsiale Administrasie verwys, omdat toekomstige belastingsbevoegdhede die Rade in staat sou stel om die verantwoordelikheid van "Grants-in-aid"-instellings oor te neem.<sup>137)</sup>

Die vraagstuk oor die finansiering van die Voortrekkermuseum kon adv. Jansen in April 1922 voorlopig skik. Tydens die derde lesing van die Finansiële Verwantskapswet in die Volksraad op 5 April het adv. Jansen die posisie van musea in die Vrystaat en Natal onder die aandag van die Raad gebring. Hy het veral die posisie van die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg beskryf. Dié gebou wat met gekollekteerde geld van oor die hele Suid-Afrika gekoop is en deur die regering in 1912 oorgeneem is, is in 1922 na die Provinsiale Raad vir geldelike hulp verwys. Dit was volgens hom direk teenstrydig met die 1912-ooreenkoms. Adv. Jansen het verklaar dat daar bepaal moes word dat die Voortrekkermuseum 'n nasionale instelling is, wat deur die Unieregering onderhou moes word. Hy het voorgestel dat die wet terugverwys word om ook vir die Voortrekkermuseum voorsiening te maak. Die Speaker het die voorstel buite orde gereël omdat dit groter uitgawes sou meebring. Minister H. Burton (Finansies) het onder toejuiging verklaar dat hy die Voortrekkermuseum as 'n nasionale instelling beskou. Daarom het hy simpatie met adv. Jansen se voorstel gehad. Hoewel adv. Jansen nie sy mosie kon deurvoer nie, het die minister hom die versekering gegee dat die regering besluit het om die museum op Bloemfontein en Pietermaritzburg, insluitende die Voortrekkermuseum, onder die Unieregering te laat ressorteer. Daar sou soos in die verlede vir dié toelaes voorsiening gemaak word.<sup>138)</sup>

Adv. Jansen het die blye boodskap dieselfde dag aan die Voortrekkermuseumkomitee gestuur. Hy het hulle aangespoor

om in die toekoms daarvoor te werk dat die museum deur die wet as 'n nasionale inrigting erken word.<sup>139)</sup>

So eenvoudig sou die oplossing egter nie wees nie, want die probleem het hier wel duidelik gegaan om die weiering van besitreg deur die regering en die ontduiking van verantwoordelikheid deur die Provinsiale Raad.

Die **Time of Natal** het in sterker taal verklaar dat, "the Government was proposing to shelve its responsibility".<sup>140)</sup>

Binnelandse Sake het op 18 April 1922 die Voortrekkermuseumkomitee amptelik verwittig dat die regering die museum vir nog een termyn van drie jaar vanaf 1 April 1922 sou finansier. Hierna sou die komitee hulle tot die Provinsiale Administrasie vir verdere hulp moes wend.<sup>141)</sup>

Die Voortrekkermuseumkomitee het hierna besluit om die museum so gou doenlik, ooreenkomstig die skikking van 1912, aan die regering oor te dra.<sup>142)</sup>

Mnr. Ingwersen het die Landmeter-generaal dienooreenkomstig ingelig en versoek dat indien die regering iemand wou benoem om die saak te bespreek, 'n datum vir die eerste ontmoeting bepaal moes word.<sup>143)</sup>

Die Sekretaris van Lande het die Voortrekkermuseumkomitee verwittig dat mnr. F.J. Lewis die Landmeter-generaal van Natal,

benoem is om samesprekings met die komitee te voer. Hy het gevra dat die eerste vergadering so gou moontlik moes plaasvind sodat die registrasie afgehandel kon word.<sup>144)</sup>

Die Voortrekkermuseumkomitee het op hul vergadering van 9 November 1923 besluit om die ontwerptransportakte wat adv. Jansen ter tafel gelê het, te aanvaar en die saak in die hande van die here Jansen en Hershensohnn te laat.<sup>145)</sup>

Na die vergadering het adv. Jansen 'n gewysigde ontwerptransportakte, met 'n nuwe klousule wat 'n pond-vir-pond-basis vir 'n monument behels het, aan Hershensohnn gestuur<sup>146)</sup> wat dit op sy beurt aan mnr. Lewis besorg het.<sup>147)</sup>

Die regering wou die ontwerptransportakte nie aanvaar nie<sup>148)</sup> en die Voortrekkermuseumkomitee het die verwerping as onbegryplik beskryf.<sup>149)</sup>

Intussen het ds. Pellissier as lid van die Voortrekkermuseumkomitee bedank. Adv. Jansen en mnr. Hershensohnn het hom versoek om as een van die oorspronklike trustees aan te bly. Sodra die transport van die museum afgehandel is, sou hulle sy bedanking aanvaar.<sup>150)</sup>

Die gesloer met die transporterings van die museum het in Augustus 1924 'n nuwe wending geneem. Die Departement van Binnelandse Sake het die Voortrekkermuseumkomitee versoek om definitief bewys te lewer dat die regering die voorwaardes soos in 1912 gestel, aanvaar het.<sup>151)</sup> Nadat die saak na wetsadviseurs verwys

is, is daar vasgestel dat, "the Government and the Committee were never **ad idem** as to the conditions under which the Church was to be taken over by the Government".<sup>152)</sup>

Hoewel die regering na twaalf jaar die 1912-voorwaardes nog steeds nie aanvaar het nie, is daar tog besluit om die regeringstoelaag na 31 Maart 1925 sonder 'n verhoging voort te sit.<sup>153)</sup>

Vir die Voortrekkermuseumkomitee was daar in die verwarrende situasie tog hoop gewees. Dr. D.F. Malan, as minister van Binnelandse Sake, was van mening dat daar tog 'n saak vir verdere onderhandeling bestaan het.<sup>154)</sup> Sedert die dae van genl. Smuts as minister van Binnelandse Sake, was dr. Malan die eerste persoon op ministeriële vlak wat die saak simpatiek gesind was. Smuts se opvolgers, asook die verskeie sekretarisse van Binnelandse Sake, was onsimpatiek en wou die museum aan die Natalse Provinsiale Administrasie oordra, om so die regering van sy verantwoordelikheid te onthef. Selfs die ministers van Finansies, met die moontlike uitsondering van minister H. Burton, was onwillig om die museum na behore te finansier. Volgens mnr. Hershensohn was dit juis om dié rede waarom die Natalse Provinsiale Administrasie geweier het om die museum oor te neem, omdat die Unieregering alle verantwoordelikheid op die provinsie wou plaas.<sup>155)</sup>

In die lig van die omstandighede het die Voortrekkermuseumkomitee weer eens hulle hoop op adv. Jansen gevestig om op ministeriële vlak die saak te bespreek.<sup>156)</sup>

John Hershensohn het die bogenoemde interpretasie van Binnelandse Sake, dat die regering geen verantwoordelikheid in 1912 aanvaar het nie, beskou as "een sophisme dat ik niet kan aannemen".<sup>157)</sup> Dit was vir hom verblydend om te sien dat dr. Malan die saak vir verdere onderhandeling oophou. Hy was van mening dat indien dr. Malan persoonlik die oorspronklike korrespondensie sou nagaan, hy sou erken dat beide partye **ad idem** oor al die voorwaardes besluit het.<sup>158)</sup>

Adv. Jansen en mnr. Hershensohn het op 4 Februarie 1926 'n onderhoud met dr. Malan en mnr. A.E.G. Pienaar, die sekretaris van Binnelandse Sake, gehad. Dr. Malan het beloof om op die saak in te gaan en as die wetlike posisie so was dat die regering wel in 1912 verantwoordelikheid aanvaar het, sou daaraan uitvoering gegee word.<sup>159)</sup> Mnr. Pienaar het na aanleiding van die onderhoud weer die wetlike status van die Voortrekkermuseum in 1912 met adv. Jansen bespreek, om 'n beter begrip oor die toedrag van sake te verkry.<sup>160)</sup> Hoewel adv. Jansen hoopvol was oor 'n moontlike deurbraak in die saak, het die poging ook skipbreuk gely.<sup>161)</sup>

John Hershensohn moes in Desember 1927 noodgedwonge weer die lot van die museum by die Departement van Binnelandse Sake bekla. As waarnemende voorsitter van die Voortrekkermuseumkomitee het hy verduidelik dat hyself, adv. Jansen en ds. Pellissier as die drie trustees nog steeds die Voortrekkermuseum se belange behartig. Hulle kon nie bedank voordat die oordrag aan die regering afgehandel is nie. As gevolg van die gesloer met die oordrag van die museum aan die regering het die Voortrekkermuseumkomitee 'n voortbestaanskrisis in die gesig gestaar. Ds. Pellissier was vir etlike jare al uit Natal weg, terwyl adv. Jansen as L.V. en speaker vir lang tydperke uit Natal afwesig was. Met die goedkeuring van beide het hy die beheer

van die komitee se sake op hom geneem. Waar nodig het hulle vergader om saam oor sake te besin. Hershensohn verklaar dat hy op 31 Desember 1927 as provinsiale sekretaris sou aftree en waarskynlik die stad in Januarie sou verlaat.

Dit kon die voortbestaan van die Voortrekkermuseumkomitee in gevaar stel. Hershensohn het gevolglik vir dr. Malan versoek om die komitee tot vyf lede met plaaslike belangstellendes uit te brei.<sup>162)</sup>

Die uitbreiding het wel die voortbestaan van die Voortrekkermuseumkomitee verseker, maar nie die oordragkwestie opgelos nie.

Adv. Jansen het tydens 'n Voortrekkermuseumkomiteevergadering van 25 Januarie 1929 gevra dat die sekretaris, mnr. M. Basson hom na 19 Julie wanneer die parlement weer sou sit, van alle belangrike korrespondensie met betrekking tot die oordragkwestie moet voorsien. Hy wou weer volledig op die sloerende saak ingaan.<sup>163)</sup> Blykbaar het adv. Jansen se aanstelling as minister sy bogenoemde planne in die war gestuur. Mnr. M. Basson het gedurende November adv. Jansen herinner aan sy voorneme om weer eens die transporteringsaak van die museum op te neem.<sup>164)</sup>

Teen 1931 het die Voortrekkermuseumkomitee uit die drie trustees en drie plaaslike persone bestaan. Ds. Pellissier wat op daardie stadium op Carolina gewoon het kon as voorsitter nie vergaderings bywoon nie. Adv. Jansen het na gelang van sy omstandighede sommige vergaderings bygewoon, omdat hy in daardie stadium in Pretoria gewoon het. Slegs mnr. Hershensohn wat op Greytown

gewoon het, kon vergaderings van die komitee gereeld bywoon. Die plaaslike lede het uit mev. Tatham bestaan, wat na Kaapstad verhuis het sonder om haar bedanking aan die komitee aan te bied. Slegs mnr. F.D. Hugo en M. Basson wat op Pietermaritzburg gewoon het, kon die komitee se belange die beste behartig het. Die Voortrekkermuseumkomitee het adv. Jansen versoek om dr. Malan te gaan spreek sodat mev. De Beer, ds. E.Z.J. de Beer se eggenote, op die komitee benoem kon word.<sup>165)</sup> Dr. Malan het later adv. Jansen genader om aanbevelings met betrekking tot die toekomstige samestelling van die Voortrekkermuseumkomitee aan hom voor te lê.<sup>166)</sup>

Gedurende April 1931 het die Voortrekkermuseumkomitee kennis geneem dat die regering die museum se jaarlikse toelaag van £240 na £216 wou verminder. Adv. Jansen sou egter in dieselfde maand die saak van die Voortrekkermuseum beveilig tot tyd en wyl dit aan die staat getranspoteer sou word. Die staatsondersteunde Inrigtingswetsontwerp wat op 30 Maart in die Volksraad ingedien is, sou alle regeringsondersteunde instellings beheer.<sup>167)</sup> Tydens 'n onderhoud wat adv. Jansen met dr. Malan gehad het, het hy onderneem om nie op 22 April tydens die tweede lesing van bogenoemde wetsontwerp, ingevolge Art. 2(1)<sup>168)</sup> daarvan, die wet op die Voortrekkermuseum van toepassing te maak nie. Adv. Jansen het Hershensohn verwittig dat die posisie van die museum voorlopig onveranderd kon bly tot tyd en wyl sake tussen die komitee en die regering opgeklar is.<sup>169)</sup>

Ongelukkig het mnr. Hershensohn, as gevolg van 'n verskil oor 'n Africanaversameling wat hy intussen in die museum opgebou het, in November 1931 as lid van die Voortrekkermuseumkomitee bedank. Die komitee en die regering het sy bedanking met spyt aanvaar met dien verstande dat hy sy trusteeskap nie kon neerlê nie.<sup>170)</sup>

In die lig van die verwickeling was adv. Jansen die enigste trustee wat op die Voortrekkermuseumkomitee gedien het. Vanaf November 1933 het hy hom doelbewus beywer om die transporterings van die museum afgehandel te kry.

Op 24 November 1933 het adv. Jansen 'n onderhoud met minister J.H. Hofmeyr, minister van Binnelandse Sake,<sup>171)</sup> gehad. Hoewel hy soos sy voorgangers nie die voorgestelde monument ter ere van Voortrekkerleiers wou finansier nie, was hy gewillig dat die oordrag van die museum aan die regering kon plaasvind. Die ooreenkoms wat Hofmeyr en Jansen aangegaan het, het beteken dat hoewel die transportvoorwaardes geen melding van 'n voorgestelde monument maak het nie, die Voortrekkermuseumkomitee nog geregtig sou wees om ter geleger tyd hul beskouing oor die voorgestelde monument in die oorspronklike ooreenkoms aan die regering te stel.

Adv. Jansen het ds. Pellissier en mnr. Hershensohn dienooreenkomstig ingelig. Jansen se standpunt was dat die tyd nie stilstaan nie en dat dit wenslik was om die oordrag op die bogenoemde basis af te handel. Indien die twee here gewillig sou wees om die saak in sy hande te laat, kon hy die knoop deurhaak en die finale ooreenkoms later aan hulle voorlê.

Wat die toekomstige samestelling van die Voortrekkermuseumkomitee betref, het adv. Jansen voorgestel dat aangesien nie een van hulle meer in Pietermaritzburg woon nie, die bestaande komitee moes voortwerk. Daar moes egter vir bykomende lede voorsiening gemaak word sodat die komitee

sonder die oorspronklike trustees die belange van die museum kon behartig.<sup>172)</sup>

Ds. Pellissier het akkoord gegaan en die saak in adv. Jansen se hande gelaat.<sup>173)</sup> Mnr. Hershensohn sou instem mits geen afbreuk aan die oorspronklike voorwaardes gedoen word nie. Hy wou ook weer by die Voortrekkermuseumkomitee betrokke geraak het en het voorgestel dat die komitee na sewe of agt lede vergroot word.<sup>174)</sup> Adv. Jansen en mnr. Hershensohn het hierna die konsepdokument vir transporterering van die Voortrekkermuseum aan die regering gefinaliseer.<sup>175)</sup> Adv. Jansen het eindelijk in Maart 1936 die konseptransportakte aan prof. Pellissier (U.P.) vir sy oorweging gestuur.<sup>176)</sup>

Hierna het adv. Jansen die transportakte met verbeterings daarop aan minister Hofmeyr besorg, met die versoek dat die transport so gou moontlik afgehandel moes word. Daar die drie trustees op verskillende plekke gewoon het, het adv. Jansen voorgestel dat dit sake sou vergemaklik indien die finale dokumente so opgestel word dat hulle dit apart kon onderteken.<sup>177)</sup>

Die transporterering van die Voortrekkermuseum aan die regering is in die najaar van 1936 afgehandel. Roy Loney, 'n destydse prokureur van Pietermaritzburg wat met die transporteringsakte belas is, het gedurende September die finale dokumente hanteer, waarna die amptelike registrasie in Oktober 1936 gedoen is.<sup>178)</sup>

P.J. Hoogenhout, die sekretaris van Binnelandse Sake, het in November 1936 die 24-jaar-oue saak met 'n skrywe aan adv. Jansen afgesluit. Hy het verklaar dat die sekretaris van Publieke Werke kennis gegee het dat die Voortrekkermuseum op naam van die

regering getranspoteer is.<sup>179)</sup>

Adv. Jansen het sekerlik by ontvangs van die brief, 'n sug van verligting gegee. Hiermee het hy nog 'n kultuurdiens van die begin tot die eind volvoer.

### 5.3 **Adv. Jansen se rol in die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig**

Vanaf 1909 was dit adv. Jansen en lede van die Voortrekkermuseumkomitee se ideaal dat 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers langs die Geloftekerkie op Pietermaritzburg opgerig moes word. Vir adv. Jansen het die ontplooiing van die ideaal in 'n lewenstaak ontwikkel.

#### 5.3.1 **Die kiemgedagte van die monumentideaal**

Die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig, is alreeds deur 'n ouer geslag begin. In die gang van die Voortrekkergeskiedenis was Bloedrivier seker 'n sterk aanspraakmaker vir 'n monument. Die vroegste pogings om 'n Voortrekkergedenkteken op te rig, is inderdaad op Bloedrivier geloods en daarna deur verskeie volksbewegings as doelwit gestel. Vanaf 1838 tot 1864 het die Nederduits Gereformeerde Kerk van Natal 'n besondere rol gespeel om die volksgenote in verband met die herdenking van Wendag of Gelofte dag aan te wakker.<sup>180)</sup>

Gedurende 1864 het die Natalse Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk die voortou geneem met 'n besluit om 16 Desember as feesdag te vier.<sup>181)</sup> Dit was waarskynlik die rede waarom die dag, gedurende dié jare, die getrouste in Natal gevier is.<sup>182)</sup>

Die eerste bewuste drang om 'n monument ter ere van die Voortrekkers daar te stel, is tydens 'n groot Geloftefees in 1866 te Bloedrivier bespreek. Ds. F. Lion-Cachet (Utrecht) was die prediker by die fees. Die feesgangers het 'n klipstapel as 'n herinnering aan die heroïese Bloedrivierslag, agt en twintig jaar tevore, gepak. Tydens die volgende jaar se Geloftefees te Bloedrivier wat weer deur ds. Cachet waargeneem is, het die feesgangers weer 'n klipstapel gepak. Op versoek van ds. Cachet het ouderling J.W. de Jager die grond waarop die vegterrein geleë is, aan die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde gemeente van Utrecht geskenk.<sup>183)</sup>

Die Transvalers het die 1880 Geloftefees tydens 'n groot volksfees te Paardekraal herdenk. Die feesgangers het ook 'n klipstapel as vernuwing van die Gelofte van 1838, gepak.<sup>184)</sup>

Die vyftigjarige herdenkingsfees van die Bloedrivierslag in 1888 op die vegterrein is deur 'n groot volksfees herdenk. Onder die aanwesiges was Paul Kruger, Piet Joubert en sewe deelnemers van die slag wat groter luister aan die fees gegee het. Die feesgangers het besluit om 'n Bloedriviermonument van nagenoeg £10 000 op te rig. 'n Komitee wat verteenwoordigend van al die provinsies was, is verkies. Die voorsitter was Piet Joubert en ds. H.C. Neethling van Utrecht is as sekretaris verkies. Die tussenkoms van die Anglo-Boereoorlog het die poging veryd. Niemand kon later verslag doen oor die geld wat vir die doel gekollekteer is nie.<sup>185)</sup>

Tydens 'n herdenkingsfees in 1891 van die Transvaalse onafhanklikheid is 'n monument deur president Paul Kruger op

Paardekraal onthul. Die monument moes ook as simbool van die herdenking van die 1838 Gelofte dien.

Vier jaar later is nog 'n hoeksteen vir 'n monument onthul. Op 16 Desember 1895 het genl. P. Joubert die hoeksteenlegging van die Bloukransmonument waargeneem.<sup>186)</sup> C.J. Langenhoven het tydens die fees fondse vir 'n Voortrekkermonument ingesamel.<sup>187)</sup>

Op 19 Desember 1908 is 'n komitee op Pietermaritzburg saamgestel om die Geloftekerk terug te koop en te restoureer. In 'n landswye kennisgewing wat op 1 Junie 1909 uitgestuur is, het die komitee onder meer verklaar dat dit hulle voorneme was om later 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers op te rig. Hulle het ook beoog om muurpanele in die kerk aan te bring, waarop die name van al die Voortrekkers moes voorkom.<sup>188)</sup>

### 5.3.2 Die monument ter ere van die Voortrekkerleiers

Die Voortrekkermuseumkomitee in Pietermaritzburg moes gedurende die eerste paar jaar van sy bestaan twee belangrike aspekte rakende die monument ter ere van die Voortrekkerleiers gevestig kry. Enersyds moes hulle te midde van ander sporadiese fondsinsamelingspogings vir soortgelyke doelwitte, hulle bonafides as gesaghebbende komitee vir dié monument-ideaal bo alle twyfel landswyd gevestig kry. Andersyds moes hulle die regering oortuig dat die oprigting van die monument deel van die oorspronklike ooreenkoms tussen die komitee en die regering was.

Wat die eersgenoemde aspek betref het die komitee se voorganger, die Voortrekkerkommissie alreeds in 1909 aan mnr. Hershensohn

opdrag gegee om die geld wat deur wyle mnr. G. van Rooyen vir 'n monument ter ere van Piet Retief ingesamel is, te probeer opspoor. C.J. Langenhoven het tydens die hoeksteenlegging van die Bloukransmonument in 1895 geld vir 'n Voortrekkermonument begin insamel, 'n taak wat deur mnr. Van Rooyen as Nataller voortgesit is. Die 1895-komitee het intussen weggekwyn.<sup>189)</sup> C.J. Langenhoven het in werklikheid in Maart 1913 'n landwye beroep op Afrikaners gedoen om bydraes vir 'n nasionale fonds aan hom te stuur, ten einde 'n monument vir Retief en sy makkers in Dingaanstat op te rig.<sup>190)</sup>

Hierteenoor het die Voortrekkermuseumkomitee op 3 Oktober 1913 die saak van 'n monument ter ere van Retief en ander Voortrekkerleiers opnuut aan die orde gestel. Die komitee het besluit om die batige saldo van hul fonds vir die oprigting van 'n gedenkteken voor die museum te gebruik. Hulle het adv. Jansen ook opdrag gegee om met vooraanstaande Pietermaritzburgers te onderhandel met die doel om 'n vergadering byeen te roep waarop die modus operandi in verband met die oprigting van bogenoemde monument bespreek kon word.<sup>191)</sup>

'n Openbare vergadering op 14 Oktober het 'n voorlopige komitee wat Afrikaans- en Engelssprekendes verteenwoordig het met mnr. G.T. Plowman as voorsitter (afgevaardig deur die Administrateur) gekies, wat die eerste stappe in verband met die beoogde monument geneem het. Die algemene gevoel was dat alvorens na die publiek gegaan word, eers definitief vasgestel moes word wat die regering se finansiële steun vir so 'n monumentsaak sou wees. Vir dié doel is 'n subkomitee gekies wat uit sir Thomas Hyslop, kol. Wales, adv. R.J. Harrison, ds. G.M. Pellissier en adv. E.G. Jansen bestaan het. Dié komitee moes op 'n volgende vergadering oor die saak rapporteer, waarna 'n openbare vergadering belê sou word. Adv.

Jansen het tydens die vergadering die dringendheid van die saak beklemtoon omdat C.J. Langenhoven hom ook aktief vir so 'n gedenkteken beywer het. Adv. Jansen het ook voorsien dat nadat die nasionale Vrouemonument op 16 Desember 1913 onthul is, verdere pogings aangewend sou word om regeringsteun vir die oprigting van dergelike gedenktekens te verkry.<sup>192)</sup>

Dit het die komitee by die bogenoemde aspek gebring om die regering te oortuig dat die oprigting van die monument deel van die oorspronklike ooreenkoms tussen hulle en die regering was.

Die Voortrekkerkerkkomitee het in die korrespondensie wat die formele oorhandiging van die Geloftekerk aan die regering in 1912 voorafgegaan het, die voorwaarde gestel dat 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers opgerig moes word. Die komitee was van mening dat die regering (ingevolge art. 6 van die ooreenkoms) verantwoordelikheid vir 'n pond-vir-pond-delging van die beoogde monument se koste aanvaar het.<sup>193)</sup> Dié artikel 6 het gelui dat "A marble or other monument shall be erected in honour of Piet Retief and other Voortrekker leaders who died in Natal, as well as Andries Pretorius at a spot on the property to be pointed out or approved of by the Committee and for this purpose the members of the Committee bind themselves to do their best to collect at least half of the necessary funds".<sup>194)</sup>

In opvolging van die bogenoemde openbare vergadering se besluite, het adv. Jansen die Minister van Binnelandse Sake gepols oor die uitvoering van die monumentideaal wat in hul onderhandelings van 1912 ter sprake was. Hy het die Minister verwittig van die voorlopige komitee wat op 14 Oktober verkies is en die besluit

dat alvorens die publiek vir fondse genader sou word, eers vas te stel hoe groot die finansiële steun van die regering sou wees.

Adv. Jansen het verklaar dat die komitee van mening was dat ten minste £3 000 vir 'n waardige gedenkteken ingesamel moes word. Hulle het vertrou dat die regering ten minste £2 000 sou bydra.

Die komitee het ook daarop gewys dat genl. L. Botha op Potchefstroom 'n monument ter ere van Marthinus Pretorius onthul het, waarvan die regering alle koste gedra het. Adv. Jansen was van mening dat die regeringshulp ook in Pietermaritzburg van toepassing gemaak kon word.

Die subkomitee het op 15 Oktober 'n onderhoud met minister Burton, minister van Spoorweë en Hawens, gehad en hy het gunstig oor die komitee se planne gereageer.<sup>195)</sup>

In Maart 1914 het adv. Jansen weer die minister van Binnelandse Sake gevra wat die regering se steun vir die beoogde monument sou behels.<sup>196)</sup> Hy het ook by die minister van Finansies, sir. T. Orr, aangeklop met dié versoek: "I shall be very much obliged if you will do what you can to have an amount placed on the estimates towards the support of the proposed monument."<sup>197)</sup>

'n Ontmoedigende antwoord is van die ondersekretaris van Binnelandse Sake ontvang. Daarin stel hy, "dat wegens de vele

aanvragen voor fondsen de Minister de tijd niet gelegen achtte om deze kwestie te berde te brengen".<sup>198)</sup>

Weens bogenoemde antwoord en om ander onbekende redes is besluit om die saak tot die volgende jaar uit te stel, maar met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is besluit om die saak verder uit te stel.<sup>199)</sup>

Terwyl die Pietermaritzburgers se poging besig was om te kwyn, het Langenhoven en ander yweraars in Utrecht en Babanango vir 'n Piet Retief- of Voortrekkermonument hul saak voortdurend in die openbare oog gehou.<sup>200)</sup>

Dit was Ben Vorster, die moedige kultuurstryder in Pietermaritzburg, wat die openbare aandag weer eens op die monumentideaal van die Voortrekkermuseumkomitee gevestig het. Te midde van die hernude belangstelling om 'n gedenkteken op die verwaarloosde graf van Retief en sy makkers op te rig, was hy van mening dat die geskikste plek vir 'n monument vir die Voortrekkerleiers langs die Geloftekerkie is. Dr. Vrolik die redakteur van **De Afrikaner** het Vorster ondersteun en die hoop uitgespreek dat duisende Afrikaners hul bydrae vir die Pietermaritzburgse fonds sou stuur.<sup>201)</sup>

Hierop het adv. Jansen uit Breyten, waar hy as gevolg van gesondheidsprobleme aangesterk het, aan J. Hershensohn geskryf en gesê-vra of dit nie goed sou wees om die korrespondensie sedert 1912 tussen die Voortrekkermuseumkomitee en die regering insake die Piet Retiefmonument weer te publiseer nie. Die geskarrel

oor die saak en die feit dat op Paardekraal (Desember 1916) diskussies oor die saak sou plaasvind, was vir hom 'n bewys dat die mense vergeet het dat daar reeds jare gelede 'n komitee gevorm is om met dié saak te handel. Vir hom het stilswye van die Pietermaritzburgse komitee beteken dat hulle planne in die wiele gery sou word. Indien die publiek bewus sou wees van die komitee se vroeëre optrede en van die feit dat daar reeds op die plasing van die monument (langs die Geloftekerkie) besluit is, mag dit hul planne bevorder.<sup>202)</sup>

Ses dae later het die Voortrekkermuseumkomitee 'n landsweye oproep uitgestuur. Dit het die geskiedenis van die "Piet Retief en ander Voortrekkers Monument"-beweging kortliks verhaal en aan die hand gedoen dat die "a.s. feestvieringen te Paardekraal, Senekal en elders op 16 dezer een goede gelegenheid zal wezen voor bijdragen welke wij hopen dat daar het publiek aan leraars of andere verantwoordelike ... persone overhandig zullen worden met opdracht het geld aan de Voorzitter van het Komitee te Pietermaritzburg te bezorgen".<sup>203)</sup>

Genl. L. Botha het inderdaad op 16 Desember te Paardekraal 'n Piet Retief-Monumentfonds gestig met die doel om £10 000 vir 'n Voortrekkermonument in te samel.<sup>204)</sup> Die onrus binne die Voortrekkermuseumkomitee jeens die pasgestigte maar kragtige Paardekraalkomitee word in die woorde van Hershensohnn aan Gustav Preller weerspieël. Hy het gevra of die geld wat die Paardekraalkomitee gekollekteer het, ook vir Natal bedoel was.<sup>205)</sup> Dit was die eerste amalgameringspoging wat uit Natal geloods is, met die hoop om die verskillende fondsinsamelingspogings te koördineer.

Die Paardekraalfonds sou in latere jare vir ander doeleindes aangewend word. Volgens Preller is iets oor die £2 000 na die stigting in 1916 ingesamel. Drie jaar later met genl. L. Botha se dood, het genl. Smuts voorsitter van die fonds geword. In 1920 is £500 aan die Soutpansbergse Voortrekkermonument afgestaan.<sup>206)</sup> Genl. Smuts het ook £600 vir 'n monument by Dingaanstat gegee en £100 is aan 'n monument ter ere van Retief se dogter spandeer.<sup>207)</sup>

Mnr. J. Ferreira, die redakteur van *De Afrikaner*, het in Junie 1918 'n nuwe openbare debat oor die Voortrekkermonumentideaal van die verskeie fondsinsamelingspogings geloods. Hy was van mening dat Afrikaners nog nie in daardie stadium die waarde van monumente besef het nie. In Natal was daar vele monumente vir Engelssprekendes wat hul lewe in belang van die land opgeoffer het. Hierteenoor was daar min monumente vir Afrikaanssprekendes wat hul lewe in belang van die land opgeoffer het. Hy het die hoop uitgespreek dat die sloerende saak van 'n Voortrekkermonument dalk nog iets sou oplewer wat almal se verwagtings gaan oortref.

Hy het beskuldigend na al die verskillende komitees wat aan die saak werk (d.i. die Voortrekkermuseumkomitee, die Paardekraalkomitee, die komitee in Babanango wat 'n gedenkteken op Retief se graf wil oprig en poging van C.J. Langenhoven) verwys en gesê dat in die verbrokkeling van kragte, die saak skade kon ly. Sy standpunt was dat "die hele Suid-Afrika behoort saam te maak en een groot waardige monument op te rig naas die Voortrekkers Kerkie te Pietermaritzburg".<sup>208)</sup>

In die volgende uitgawe van **De Afrikaner** het hy sy pleidooi vir 'n monument langs die Geloftekerkie voortgesit, omdat Pietermaritzburg die Voortrekkerstad is, die monument binne bereik van 'n groot groep mense is wat daagliks daardeur aangespreek kon word. Daarom was die keuse beter as om 'n groot monument te Bloedrivier of Dingaanstat op te rig.

Hy het ook sy standpunt oor samewerking tussen die verskillende komitees 'n stap verder gevoer. Hy het gevra of die verskillende komitees nie mekaar kon ontmoet nie? Daar moes volgens hom samewerking bewerkstellig word voordat die verskillende komitees mekaar teëwerk!<sup>209)</sup>

Slegs twee korrespondente, met uiteenlopende standpunte oor die monumentsaak, het hierop gereageer.<sup>210)</sup>

Intussen het 'n komitee wat in Babanango gesetel was, en hulle ten doel gestel het om 'n gedenkteken op Retief se graf op te rig, 'n aktiewe fondsinsameling geloods en 'n gedenkteken van £1 300 vir die doel laat ontwerp.<sup>211)</sup> Die komitee het onder voorsitterskap van mnr. L. de Jager gestaan en adv. Jansen was as L.V. vir Vryheid ook by die poging betrokke.<sup>212)</sup>

As gevolg van die gevaar van die sogenaamde perdesiekte is besluit om die monument gedurende die winter te onthul.<sup>213)</sup> Die onthulling het op Saterdag 8 Julie 1922 plaasgevind. Adv. en mev. Jansen het die Dinsdag uit Kaapstad in Natal aangekom.<sup>214)</sup> Mnr. Frikkie Scheepers het die politikus en sy gade per motor na Dingaanstat geneem. Op pad het mnr. Scheepers in 'n moddergat gejaag wat adv. Jansen blykbaar sterk laat wens het dat hy liever

per trein na Eshowe gereis het. Die groepie het egter in vreugdevolle stemming in Dingaanstat opgedaag en by 'n tentlaer van nagenoeg 1 400 mense vir die onthullingsfees aangesluit.

Die Vrydagaand is 'n algemene vergadering en 'n konsert in 'n groot tent gehou, wat nagenoeg 800 mense gehuisves het. Tydens die vergadering het oud-president Reitz gesê dat hy sou help om die £700 wat nog deur mnre. L. de Jager en P. Meyer op die gedenkteken geskuld is, in te samel.<sup>215)</sup> Reitz het inderdaad by die Paardekraalfonds om hulp aangeklop,<sup>216)</sup> maar dr. Engelenburg was van mening dat hulle nie veel simpatie met die uitstaande bedrag gehad het nie omdat hulle nie vooraf in die saak geken is nie.<sup>217)</sup> Die fonds het wel later £600 vir die doel geskenk.<sup>218)</sup>

Die onthullingsfees het egter sonder haakplek verloop. Die Saterdagoggend het adv. Jansen en nagenoeg 900 ander feesgangers in optog na die monument vertrek. Hulle het sowat 500 tree van die monument 'n stoet gevorm en onder begeleiding van die Gluckstadt se orkes die heilige akker betree. Ds. Snyman van Vryheid het die verrigtinge geopen, waarna mnre. L. de Jager en D. Louw toesprake gehou het. Genl. P.R. Viljoen het die gedenkteken onthul, waarna oud-president Reitz 'n toespraak oor die lewe van Retief gelewer het. Die oggend se verrigtinge is deur 'n orkesuitvoering en koorstukke afgesluit. Die middag om 14h00 is die verrigtinge in die groot tent voortgesit. Adv. Jansen was die hoofspreekster en hy het oor "Die Volksgeskiedenis vanaf die moord op Piet Retief tot met die anneksasie van Natal deur die Engelse in 1845" gepraat.<sup>219)</sup>

In die woorde van dr. H. Viljoen, die redakteur van **Die Afrikaner**, het die Afrikaners deur hierdie monument 'n ereskuld aan die Voortrekkers betaal.<sup>220)</sup>

Na die suksesvolle afloop van die Babanango se poging het die Pietermaritzburgers hulle ideaal om 'n Retiefmonument op te rig opnuut aangepak.

Adv. Jansen en mnr. J. Hershensohn het op 4 Februarie 1926 'n onderhoud met dr. Malan, as minister van Binnelandse Sake, oor die moontlike transporterings van die Voortrekkermuseum en die oprigting van 'n gedenkteken, gevoer.

Dr. Malan se standpunt oor die moontlikheid van regeringshulp vir 'n gedenkteken vir Voortrekkerleiers het daarop neergekom dat adv. Jansen-hulle die samewerking van alle liggame moes verkry wat vir 'n soortgelyke doel gewerk het. Indien daar groter eensgesindheid dwarsdeur die land oor die saak bestaan het, sou daar volgens hom 'n groter aanspraak op regeringshulp gemaak kon word.<sup>221)</sup>

Na aanleiding van die onderhoud het adv. Jansen onmiddellik met Gustav Preller, die sekretaris van die Paardekraalkomitee, geskakel. Hoewel die twee komitees hulle vir monumente van dieselfde aard beywer het, het hulle dit vir verskillende plekke beoog. Adv. Jansen was van mening dat die twee komitees mekaar nie in die wiele moes ry nie, maar eerder saamwerk, omdat die oprigting van so 'n monument 'n nasionale saak behoort te wees. Hy was

oortuig dat indien die samewerking van die hele land verkry kon word, die regering baie geredeliker vir so 'n monument mag bydra.<sup>222)</sup>

Soos reeds gestel, was dit nie die eerste amalgameringsvoorstel wat gemaak is nie, maar dit was die kiemgedagte wat in 1931 in die vorm van die Sentrale Volksmonumentekomitee sou realiseer. Adv. Jansen het hiermee ook sy amalgameringsmissie ingelui wat hom uiteindelik as die voorsitter van die Sentrale Volksmonumentekomitee sou vestig.

Mev. M. Jansen het as voorsitster van die Vroue Nasionale Party van Natal ook 'n fondsinsamelingsveldtog in Natal geloods om geld vir 'n Piet Retiefmonument in Pietermaritzburg in te samel. Sy het die vroue Nasionaliste aangespoor om in elke tak 'n komitee te kies om geld vir die monument in te samel.<sup>223)</sup> Hiernaas het sy 'n oproep uitgestuur om bydraes van elders te ontvang.<sup>224)</sup> Onder die ywerige hand van mev. Jansen het die fonds in 1928 alreeds op £1 100 gestaan.<sup>225)</sup> Die ontbinding van die groep vroue het aan mev. Jansen die alleenseggenkap oor die fonds gegee.<sup>226)</sup>

In die Hoofbestuurs- en kongresgeledere van die Saamwerk-Unie is ook van tyd tot tyd aandag aan die Piet Retiefmonument gegee, maar die realisering van die ideaal is in die hande van die Voortrekkermuseumkomitee gelaat.<sup>227)</sup>

Ten einde doelmatiger gestalte aan die monumentideaal te gee, het die Voortrekkermuseumkomitee in Desember 1929 besluit om 'n verteenwoordigende provinsiale komitee in die lewe te roep om daadwerklike stappe te doen om landswyd fondse vir 'n

Voortrekkermonument in te samel. Die komitee het alreeds oor £400 beskik en hulle mikpunt was om minstens £10 000 in te samel. Die komitee het nog steeds gehoop dat die pond-vir-pond-ooreenkoms met die regering gefinaliseer sou word.<sup>218)</sup>

Mnr. Basson het namens die komitee by adv. Jansen kers opgesteek omdat hulle sy raad as van die uiterste belang vir die monumentideaal beskou het.<sup>229)</sup>

Adv. Jansen het dié modus operandi nie goedgekeur nie. Hy was van mening dat die Voortrekkermuseumkomitee nie 'n provinsiale komitee moes stig nie, maar moes wag en sien in watter mate koördinasie met ander monumentekomitees verkry kon word. Volgens adv. Jansen moes al die monumentekomitees in 'n landswye komitee verenig.<sup>230)</sup> Indien die Voortrekkermuseumkomitee 'n aansienlike som geld vir 'n monument ingesamel het, sou dit hulle bedingingsposisie met die regering verbeter. Hy het ook verklaar dat die land se finansiële toestand op daardie stadium nie gesond was nie en dat 'n versoek aan die regering om finansiële steun vir 'n monument nog langer moes oorstaan.<sup>231)</sup>

Intussen het nog 'n monumentkomitee, die Bloedriviermonumentkommissie aan die werk gespring om 'n grootse monument op 16 Desember 1938 te onthul. Mnr. L.J. Spies het, net soos die Voortrekkermuseumkomitee, adv. Jansen se steun vir hul poging gevra.<sup>232)</sup>

Adv. Jansen het mnr. Spies in dieselfde gees as vir mnr. Basson geantwoord. Hoewel hy saamgestem het dat as daar 'n monument vir die Bloedrivierslag moes wees, moes daar ook 'n monument ter ere van die Voortrekkers self opgerig word. Adv. Jansen het ook sy vereistes vir so 'n Voortrekkermonument gestel. Dit moet op 'n plek staan waar dit daagliks in die openbare oog is en waaruit die mense daagliks inspirasie kon put; dit moet ook op 'n plek staan wat intiem aan die geskiedenis van die Voortrekkers verbonde is. Volgens hierdie kriteria was daar vir adv. Jansen nie 'n geskikter plek as Pietermaritzburg nie.

Adv. Jansen verklaar voorts dat almal na iets groots by geleentheid van die honderdjarigegedenkeefees uitgesien het. Hy het weer eens vir 'n koördinerende van die verskillende bewegings gepleit sodat die kragte nie verbrokkel raak nie. Alle monumentbewegings het instemming van die volk verkry, omdat reggesinde Afrikaners lank reeds 'n monument ter ere van die Voortrekkers opgerig wou sien. Ongelukkig is die ideaal nog nooit volledig voor die publiek gelê nie. Met ander woorde, die instemming het op 'n fragment van 'n gehele plan wat geloods moes word, berus. Volgens adv. Jansen kon een groot beweging gestig word met 'n tweërlei doel, naamlik om 'n gedenkteken vir die Bloedrivierslag en 'n grootse monument by die Voortrekkerkerkie of daar naby, ter ere van al die Voortrekkers op te rig. Vir so 'n beweging verklaar adv. Jansen hom bereid om te doen wat hy kon.<sup>233)</sup>

Hierdie amalgameringsmissie van adv. Jansen het nie juis aanklank in Natal gevind nie. Die Voortrekkermuseumkomitee het adv. Jansen se voorstelle vir koördinasie van monumentkomitees slegs in beginsel aanvaar. Hulle en die Bloedriviermonumentkommissie het geweet dat hulle in 'n algehele amalgamasie van Voortrekkermonumentfondse hulle onafhanklikheid en seggenskap op fondse sou verloor.<sup>234)</sup>

Minister Jansen het gedurende Augustus 1930 die Voortrekkermuseumkomitee ingelig oor die amalgameringsmissie wat hy gevoer het. Dit moes die Voortrekkermuseumkomitee se strewe wees om een of ander weg te vind om sáám met die ander liggame vir een doel, naamlik 'n grootse monument op Pietermaritzburg, te ywer. Hy het voorgestel dat hulle navraag moes doen om vas te stel watter ander komitees in die land ook in dié rigting gewerk het. Mnr. Hugo het voorgestel dat indien die amalgameringsidee by die ander komitees byval sou vind, adv. Jansen versoek moes word om 'n landswye vergadering op te roep om so 'n skema te ontwerp. Indien 'n ooreenkoms bereik word, moes dit op die 1931 Dingaansdagvierings landwyd bekendgemaak word.<sup>235)</sup>

Mnr. Basson het op 19 en 26 Augustus landswyd met oproepe aan alle komitees en bewegings hulle samewerking gevra om met verenigde krag 'n "grootse volksvererende gedenkteken vir Piet Retief en die ander Voortrekkerleiers op Pietermaritzburg" op te rig.<sup>236)</sup> Indien die gedagte byval sou vind, sou minister Jansen 'n amalgameringskonferensie van monumentekomitees byeenroep om 'n basis van samewerking te bespreek. Monumentekomitees moes reageer en verklaar of hulle van voorneme was om 'n verteenwoordiger na so 'n amalgameringskonferensie te stuur.<sup>237)</sup>

Mnr. Basson het adv. Jansen herinner dat hy 'n vry hand gegee is met die beoogde amalgameringskonferensie. Hy het herbevestig dat die Voortrekkermuseumkomitee dit met hom eens is om eers samewerking met die ander monumentekomitees te verkry alvorens daar 'n beroep om fondse by die publiek gedoen word.<sup>238)</sup>

Die Voortrekkermuseumkomitee het uiteenlopende reaksies op hul oproep ontvang. Mnr. B.H.J. van Rensburg van die Nasionale Vrouemonumentkommissie het die plan verwelkom en verklaar dat hulle met die insameling van fondse sou meehelp.<sup>239)</sup> Mnr. L.J. Spies van die Bloedriviermonumentkommissie het net een voorwaarde vir samewerking gestel. Daar moes nie 'n onderskeid in die finansiering van die monumente te Pietermaritzburg en Bloedrivier gemaak word nie.<sup>240)</sup> Mnr. A. Stolz die medepenningmeester van die Paardekraalse komitee het getwyfel of genl. Smuts (voorsitter)so 'n poging sou ondersteun.<sup>241)</sup>

Adv. Jansen het ook intussen gevind dat daar alreeds ander eenheidskeppende bewegings in die geledere van die monumentekomitees aan die gang was. Dit was veral vir hom verblydend dat die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (F.A.K.) ook aandag aan die saak geskenk het. Hy het die Voortrekkermuseumkomitee gerus gestel met die versekering dat hy die ideale van dié komitee voortdurend op die voorgrond geplaas het.

Adv. Jansen het ook bemerk dat daar 'n gevoel in Pretoria bestaan dat alle bewegings in alle dele van die land in verband met Voortrekkermonumente moes verenig. Sodoende kon geld vir 'n groot nasionale fonds ingesamel word waaruit alle monumente een vir een gefinansier kon word.<sup>242)</sup>

Die amalgameringsmissie van adv. Jansen het na 1931 tot 'n mylpaal in ons kulturele geskiedenis gelei. Op 4 April 1931 het die verskillende monumentekomitees aan die Sentrale Volksmonumentekomitee (S.V.K.) sy beslag gegee.

Die S.V.K. se werksaamhede val buite die bestek van die studie,<sup>243)</sup> maar omdat die kiemgedagte van die liggaam vanuit Natal sy beslag gekry het, word dit kortliks aangedui.

### 5.3.3 Die nasionalisering van die Voortrekkermonumentideaal

'n Voorlopige reëlingskomitee (E.G. Jansen, mev. genl. Kemp, mev. Jansen, N.J. van der Merwe, T.J. Hugo, G. Preller, S.P. Engelbrecht, H. Pierneef, M.C. du Toit, A.K. Bot, J.H. Greybe met I.M. Lombard as waarnemende sekretaris) het deur bemiddeling van die Afrikaner Broederbond en onder beskerming van die F.A.K., in Februarie 1931 'n landswye oproep aan monumentekomitees en belangstellendes gestuur. Die voorgestelde konferensie van monumentekomitees moes onder voorsitterskap van adv. Jansen 'n basis vir samewerking verkry en 'n sentrale komitee in die lewe roep.<sup>244)</sup>

**Die Volksblad** het die strewe na eenheid van volksmonumentekomitees as heilsaam en van groot belang vir die volkslewe beskou, omdat afsonderlike monumentebewegings verbrokkeling van kragte veroorsaak. Almal was verdienstelik en nodig, maar nie almal se saak ewe dringend nie. Volgens die blad het adv. Jansen die agting en vertroue van almal geniet, en daarom was hy die geskikte persoon om leiding in die saak te neem. Die koerant spreek die hoop uit dat alle betrokkenes sou saamwerk en was van mening dat iets groots hierdeur vir die Afrikaanse volksaak tot stand gebring kon word.<sup>245)</sup>

Die geskiedkundige eerste konferensie van monumentekomitees en ander kultuurliggame wat vir dieselfde doel werk, het op Saterdag

4 April 1931 om 09h30 in die Volksbladsaal te Bloemfontein deur bemiddeling van die F.A.K. begin.<sup>246)</sup>

Twintig komitees is deur nagenoeg dertig afgevaardigdes verteenwoordig.

Nadat ds. P. Boshoff die verrigtinge met gebed geopen het, het die voorsitter, minister Jansen, in sy verwelkomingswoord gesê dat dit die doel van die konferensie was om 'n sentrale liggaam vir die oprigting en instandhouding van volksmonumente tot stand te bring. Adv. Jansen het na ander lande verwys waar groot gebeurtenisse en volkshelde in vele monumente verewig is. Op hierdie gebied, het hy gesê, is daar in Suid-Afrika nog so min gedoen. Die rede daarvoor was dat ons volk nog altyd in 'n toestand van storm en drang verkeer het en gevolglik nog nie genoegsame geleenthede gehad het om sy aandag aan monumente te skenk nie. Die Engelsprekendes in Suid-Afrika daarteenoor het al byna in elke dorp die een of ander gedenkteken opgerig. Daar bestaan nog geen gedenkteken vir die Voortrekkers of helde uit die Tweede Vryheidsoorlog nie. Alles wat moontlik is, moet ook gedoen word om die ervarings van dié manne en vroue wat die oorlog en geskiedenis beleef het, te boek te stel voordat hulle ons ontval.

In 'n kort oorsig oor die werksaamhede en doelstellings van verskillende Voortrekkermonumentekomitees het adv. Jansen op die prioriteit van 'n monument te Pietermaritzburg gewys.

Die belangrikste taak van die konferensie, verklaar die voorsitter, was om besluite te neem in verband met die oprigting van 'n

nasionale Voortrekkergedenkteken. Daar moes besluit word wat die beste stappe sou wees ter verwesenliking van dié grootse ideaal.

Adv. Jansen het sy openingsrede afgesluit deur daarop te wys dat die F.A.K. reeds stappe gedoen het ter uitvoering van die Voortrekkergedenktekenideaal. Dit sou dus gepas wees as 'n liggaam gestig word wat onder die beskerming van die F.A.K. gestaan het. Hy het verklaar dat die werksaamhede van die konferensie in belang van die hele volk was en dat almal moes saamwerk, sodat met krag opgetree kon word.

Mnr. J. Hershensohn, 'n jarelange voorstaander van Voortrekkergedenktekens, het gevoel dat prioriteit aan die Voortrekkers verleen moes word, voordat monumente vir die Anglo Boereoorlog aandag geniet.

Adv. Jansen het met sy ondervinding as Speaker, 'n groot bydrae tot die sukses van die konferensie gelewer. 'n Voorbeeld van sy invloed as voorsitter van die konferensie spreek uit sy hantering van kontensieuse besprekingspunte.

Op voorstel van mnr. J.W. Potgieter is besluit dat 'n sentrale monumentekomitee gestig word, waarna die komitee se skakeling en samewerking met die F.A.K. 'n lewendige bespreking uitgeloek het. Ná 'n lang bespreking is besluit dat die vyf lede van die uitvoerende bestuur van die F.A.K. ampshalwe as lede in die Sentrale Monumentekomitee sou dien. Die voorsitter vestig die aandag daarop dat die F.A.K. daarop gewys moes word dat dié sentrale komitee, wat deur die konferensie aangestel word 'n deel van die F.A.K.-werksaamhede sou oorneem. Die F.A.K. moes

dus die sentrale komitee gebruik vir die uitvoering van dié bepaalde vertakking van sy werk. "Aan die sentrale komitee", verklaar adv. Jansen, "moet opdrag gegee word om die F.A.K. te nader ten einde die nodige reëlins vir samewerking te tref, en oor die besware moet nie lig heen gestap word nie. Die doel moet egter wees dat die F.A.K. die agtergrond vir die gesamentlike optrede vorm".<sup>247)</sup>

Adv. Jansen se voorstel in die verband is eenparig aanvaar: "Die konferensie dra dit aan die sentrale monumentekomitee op om alle nodige stappe te doen ten einde 'n grondslag van samewerking met die F.A.K. vas te stel, indien nodig, om die F.A.K. te versoek om voorsiening in sy konstitusie te maak vir die werksaamhede van die komitee".<sup>248)</sup>

Hy het ook 'n belangrike voorstel wat die optrede van die S.V.K. sou bepaal wat aanvaar is, voorgelê: "Terwyl die konferensie dit wenslik ag dat alle gedenktekenkomitees sal saamwerk met die sentrale komitee, laat hy dit ope vir sodanige liggame wat reeds besig is om met hul werksaamhede voort te gaan en klaar te maak. Dit word egter versoek dat wat betref die Voortrekkergedenkteken van 1938, almal sal saamwerk".<sup>249)</sup>

Volgens mnr. J.W. du Preez, van die genl. De la Reystandbeeldfonds was adv. Jansen se optrede 'n spoorlag tot besieling vir die aanwesiges.

Die Sentrale Volksmonumentekomitee het uit nege lede bestaan: adv. E.G. Jansen (voorsitter), mev. De Beer (Pietermaritzburg),

prof. J.D. du Toit (Potchefstroom), senator W.J.C. Brebner (Bloemfontein), prof. D.P. Engelbrecht (Pretoria), mnr. J.F. van G. Bekker (L.V. vir Cradock), prof. J.D. Kestell (Bloemfontein), mev. M.E. Rothman (Swellendam), en F.V. Engelenburg (Pretoria). Die lede is deur die F.A.K.-verteenwoordigers aangevul: dr. N.J. van der Merwe (Bloemfontein), prof. E.C. Pienaar (Stellenbosch), prof. T.J. Hugo (Pretoria), mev. M.M. Jansen (Pretoria), mnr. L.J. Erasmus (Johannesburg) en I.M. Lombard as voorlopige sekretaris.

Die feit dat die S.V.K. op die konferensie tot stand gebring is, was vir adv. Jansen 'n groot stap ter bevordering van die volksmonumenteideaal.

Ander uitsprake oor die beweging wat adv. Jansen tot stand gebring het, het veral sy rol en die verdienstelikheid van die saak beklemtoon.

Mnr. J. Hershensohn het adv. Jansen as die beslaggewer van die ontwikkeling geloof.<sup>251)</sup> Dr. F.V. Engelenburg het hom só oor die ontwikkeling uitgelaat: "Die lofwaardige strewe - soos orals geopenbaar - om prominente volksmanne en gebeurtenisse in plastiese gedaante ter herinnering aan volgende geslagte lewendig te hou, behoort aan stelselmatige en verstandige kontrole onderwerp te word. Moontlik kan genoemde oproep ook gemotiveer word deur die besef dat die oomblik nader, wanneer ons publiek gemeenskaplik sal moet konsentreer op 'n nasionale gedenkteken ter ere van die Voortrekkers. Die jaar 1938 lê mos nie langer in 'n onbereikbare toekoms nie!"<sup>252)</sup>

Dr. Engelenburg het adv. Jansen gelukgewens met die groot onderneming en ook gesê: "Staan mij toe om u geluk te wens met u inisiatief insake Voortrekkersgedenkteken. Dit was, glo, heilsaam dat iemand van u kaliber die ding in sij hand neem."<sup>253)</sup>

Die S.V.K. het gehoop dat hulle ideale by die volk sou inslag vind sodat hulle vir die huidige en toekomstige geslagte 'n indrukwekkende monument kon oprig wat die Voortrekker se nagedagtenis tot eer sou strek.<sup>254)</sup>

Die voorwaarde wat **Die Volkstem** vir 'n Voortrekkermonument gestel het was dat dit "deur sy gedaante en skoonheid 'n waardige vertolking word van die huidige Afrikanergeslag se eerbied en bewondering vir die geslag van honderd jaar gelede".<sup>255)</sup>

Hierdie kragtige steun wat adv. Jansen met die loodsing van die S.V.K. ontvang het en die gepaardgaande nasionalisering van die Voortrekkermonument-ideaal, het hom as voorsitter van dié landswye komitee in 'n "nuwe" verhouding tot sy Natalse kultuurstryders en hul ideaal vir Voortrekkergedenktekens te Bloedrivier en Pietermaritzburg geplaas. As voorsitter moes hy na die belange van die S.V.K. en alle ander monumentekomitees omgesien het, wat sy prioriteite vir 'n Voortrekkermonument in die proses ook beïnvloed het.

Dit het meegebring dat die jare onmiddellik na 1931 vir die S.V.K. 'n storm-en-drangtydperk was. Die S.V.K. moes georganiseer en gevestig word, en naas al die ander fondsinsamelingspogings as die opperraad van monumentekomitees aanvaar word.<sup>256)</sup>

Adv. Jansen moes tydens die organisatoriese beginfase van die S.V.K. vele briewe wissel om hardkoppige fondsinsamelaars hok te slaan, hul pogings te koördineer, hulle saam te snoer en op hoogte van die S.V.K.-sake te hou. In Natal moes adv. Jansen baie oortuigingswerk gedoen het om die provinsie se ideale vir 'n waardige Voortrekkergedenkteken, wat hy self help skep het, aan die ideale van die S.V.K. gekoppel te kry.

#### **5.3.4 Adv. Jansen se rol in Natalse Voortrekkermonumentekomitees en bewegings na 1931**

---

Die Voortrekkermuseumkomitee het vroeg in 1932 planne beraam om 'n subkomitee in die lewe te roep om fondse vir die Voortrekkermonument in te samel. In reaksie hierop het adv. Jansen verklaar dat, as gevolg van die finansiële omstandighede in die land, dit na daardie stadium nie raadsaam was om die publiek vir fondse te nader nie. Die Voortrekkermuseumkomitee het gevolglik besluit om hul planne vir 'n jaar uit te stel.<sup>257)</sup>

In September 1932 het adv. Jansen, as voorsitter van die S.V.K., by die Pietermaritzburgse burgemeester, mnr. P.H. Taylor, navraag gedoen na aanleiding van die stadsraad se voorneme om by geleentheid van die Voortrekkereeufoesviering 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig. Adv. Jansen het verduidelik dat die S.V.K. al sulke pogings nou koördineer en sodoende voorkom dat verskillende komitees mekaar in die wiele ry. Die S.V.K. wou om die rede graag op hoogte gehou word van die stadsraad se planne.<sup>258)</sup> Mnr. Taylor het onderneem om met die S.V.K. in kontak te bly.<sup>259)</sup> Die onderneming is byvoorbeeld in 1934 nagekom.<sup>260)</sup>

Die S.V.K. het gedurende 1932 ook gepoog om vas te stel hoeveel geld alreeds in Natal vir 'n Voortrekkergedenkteken ingesamel is. Adv. Jansen het eerstehandse inligting oor die vroeëre fondsinsamelings in Natal aan die S.V.K. gegee. Adv. Jansen het ook die doel van die Vroue Nasionale Party van Natal se fonds vir 'n Piet Retiefmonument te Pietermaritzburg, aan die S.V.K. verduidelik. Die navraag wat hulle oor die sogenaamde Bloukransfonds gedoen het was egter vrugteloos omdat niemand die fonds wat deur genl. P. Joubert hanteer is, kon opspoor nie.<sup>261)</sup>

Adv. Jansen was van 'n mening dat indien die Voortrekkermuseumkomitee 'n voldoende som geld vir 'n Voortrekkergedenkteken kon insamel, die regering in die lig van die 1912-ooreenkoms met betrekking tot die Geloftekerkie, nie sou kon weier om 'n bydrae te maak nie.<sup>262)</sup> Adv. Jansen het in der waarheid die transportakte van die Geloftekerkie tussen die regering en die Voortrekkermuseumkomitee so bewoord, dat die oprigting van 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers in die vooruitsig gestel is.<sup>263)</sup>

Afrikaans- sowel as Engelssprekende Pietermaritzburgers het in 1934 behoorlik aan monumentkoors gely. Die stadsraad het in Mei 1934 'n komitee aangestel wat die 1938-Voortrekkerereuefeesvierings in die stad moes behartig. Die stadsraad het samewerking met die plaaslike Afrikaanse komitee beoog. Volgens raadslid Taylor was Pietermaritzburg die uitgelese plek vir 'n Voortrekkergedenkteken en die stadsraad het hulle vir die doel beywer. Die stadsraad was vol planne en wou 'n gedeelte van die markplein teenoor die Voortrekkermuseum beskikbaar stel vir 'n Voortrekkergedenkteken en 'n argiefgebou wat die regering van plan was om in die stad te bou. Hulle was ook van

plan om 'n kunsgalery op die perseel op te rig om van die gebied 'n ware kultuursentrum te maak. Die manne was van mening dat die regering £25 000 vir 'n monument behoort by te dra en wou weet hoeveel geld die S.V.K. bereid was om by te dra.<sup>264)</sup>

Adv. Jansen het weer duidelik laat blyk dat die S.V.K. sekerlik sou saamwerk, maar dat daar nog geen besluit oor die situs van die monument geneem is nie. Selfs al sou die monument nie in Pietermaritzburg opgerig word nie, sou die S.V.K. Pietermaritzburgers nogtans help om hul ideaal te verwesenlik. Die plan om die argief en Voortrekkergedenkteken saam op te rig, verdien volgens adv. Jansen sorgvuldige oorweging deur die stadsraad. Indien hulle op so 'n stap sou besluit, sou hulle so gou moontlik met die Departement van Publieke Werke moes skakel.<sup>265)</sup>

Intussen was die Afrikaners ook hard besig om fondse vir 'n Voortrekkermonument in te samel. Na die onbevredigende verkope van Voortrekkerseëls is daar in Augustus 1934 'n voorlopige provinsiale komitee, die Natalse Voortrekkermonumentekomitee in Pietermaritzburg in die lewe geroep. Die komitee het onder die aktiewe leiding van prof. J.J. le Roux as voorsitter, mej. Hugo as sekretaresse en drs. en mev. G. Nienaber en mnr. C.M. Booysen gestaan. Die komitee het daadwerklike stappe geneem om geld vir 'n Voortrekkermonument in Natal in te samel en om die S.V.K. se doelstellings in die provinsie te bevorder. Die komitee het beoog om hul werksaamhede dwarsoor Natal uit te brei deur plaaslike komitees te stig.<sup>266)</sup>

Die S.V.K. het met sorg van die twee komitees se planne kennis geneem, omdat hulle van mening was dat sulke ambisieuse komitees bes moontlik deur goeie bedoelings die S.V.K. se sentrale gedagte

en ideaal vir 1938 kon benadeel. Adv. Jansen moes tydens 'n besoek aan Pietermaritzburg die twee komitees persoonlik besoek.<sup>267)</sup>

Die beweging wat prof. J.J. le Roux begin het, was egter volstoom aan die werk. Hulle het laat blyk dat hulle beslis van plan was om die Voortrekkergedenkteken in Pietermaritzburg op te rig. Die Natalse Voortrekkermonumentekomitee wou ook verteenwoordiging op die S.V.K. gehad het.<sup>268)</sup> Nadat die S.V.K. die saak bespreek het, het adv. Jansen vir prof. Le Roux voorstok gekry.

Adv. Jansen het prof. Le Roux om meer inligting gevra. Hy het verklaar dat die plek van die beoogde monument nog nie bepaal is nie en dat daar so ver moontlik voorkom moet word dat die monumentbeweging soos deur die S.V.K. beliggaam is, verbrokkel word.

Adv. Jansen het vervolg dat daar op Bloedrivier, Winburg, Potchefstroom e.a. plekke monumentbewegings op tou gesit is. As daar egter in elke deel van die land nuwe bewegings vir 'n monument tot stand kom, sou alle kragte hopeloos verbrokkel word. Adv. Jansen het geweet dat Le Roux hom daarvoor beywer om die volksmonument op Pietermaritzburg opgerig te kry, maar hy het vertrou dat dit nie 'n noodsaaklike voorwaarde vir samewerking met die S.V.K. sou wees nie. Volgens adv. Jansen het die kern van die saak daarin gelê dat 'n waardige monument opgerig moes word en hoewel hy ook sy voorkeur gehad het, sou sy ywer nie verminder as sy beskouing nie aangeneem word nie.<sup>269)</sup>

Prof. Le Roux het namens die Natalse Voortrekkermonumentkomitee weer eens bevestig dat hulle in samewerking met die S.V.K. vir 'n monument in Pietermaritzburg gewerk het. Indien die volk egter op 'n ander plek sou besluit, sou hulle net so hard vir 'n monument bly werk. Hulle was egter van mening dat die S.V.K. in dáárdie stadium nie al die provinsies op gelyke basis verteenwoordig het nie en daarom nie die sienswyse van al die monumentbewegings beliggaam het nie.

Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het gevolglik voorgestel dat die S.V.K. uitvoering gee aan die voorstel van dr. Nienaber om so gou moontlik provinsiale komitees in die lewe te roep. Die verteenwoordigers van die provinsiale komitees moes later oor die plek van die monument besluit. Die komitee het met nadruk verklaar dat Natal te min verteenwoordiging in die S.V.K. gehad het en het gemeen dat dit tog moontlik behoort te wees om hulle in dié opsig tegemoet te kom. Prof. Le Roux het verklaar dat die bogenoemde saak in daardie stadium heelwat beroering in Natal veroorsaak het.<sup>270)</sup>

Hierdie optrede en kritiek van die Natallers kon volgens adv. Jansen die hele volksmonumentesaak verydel.<sup>271)</sup>

Intussen is die geledere van die Natalse Voortrekkermonumentekomitee verder versterk. Nadat die Historiese Kommissie van die Saamwerk-Unie nouer samewerking met die Voortrekkermonumentkomitee bepleit het, het daar in Desember 1934 'n gesamentlike vergadering tussen die twee liggame plaasgevind. Die vergadering het besluit om Natalse kragte te koördineer en om groter verteenwoordiging in die SVK te verkry.<sup>272)</sup>

Dr. Steenkamp het adv. Jansen verseker dat die doel van bogenoemde vergadering nie was om kragte te verbrokkel of om die werk van die S.V.K. te bemoeilik nie, maar om sekere misverstande uit die weg te ruim. Dr. Steenkamp het gevind dat almal met wie hy in aanraking gekom het, van mening was dat Natal verteenwoordiging behoort te hê in die liggaam wat uiteindelik 'n besluit oor die plek van die Voortrekkermonument sou moes neem. Die algemene gevoel in Natal was volgens dr. Steenkamp dat die verskillende provinsies gelyke verteenwoordiging moes hê in die komitee wat die finale beslissing oor die plek van die monument moes neem. In so 'n geval sou daar geen beswaar wees as die plek eindelijk aangewys word nie. "As gelyke verteenwoordiging toegestaan word, sal u dadelik die monster van verdeeldheid, wrywing en onaangenaamheid wat hom ongelukkig begin openbaar, die kop inslaan."<sup>273)</sup>

Dr. Steenkamp se opvatting oor bogenoemde vergadering was dat die Natalse Voortrekkermonumentekomitee en die Historiese Kommissie van die S.U., reeds sukses gehad het in hul pogings om 'n "spangees" vir die volksaak te bou, maar dat voortgesette samewerking van gelyke verteenwoordiging op 'n situskonferensie sou afhang.<sup>274)</sup>

Op 19 en 20 Desember 1934 is die derde F.A.K.-kongres in Johannesburg gehou.<sup>275)</sup> Adv. Jansen het op versoek van prof. Le Roux samesprekings tussen sommige Transvalers, Vrystaters en Natallers oor die S.V.K. gereël. Dit het hier geblyk dat die Vrystaters dieselfde probleme as die Natallers gehad het. Hulle het gevolglik die bogenoemde Natalse standpunt ondersteun. Adv. Jansen het tydens die kongres weer eens 'n pleidooi gelewer dat daar 'n eenheidstrewe oor die beoogde Voortrekkermonument moes posvat. Hy het die verskynsel dat hoe nader die

Voortrekkereuefeesvierings kom, hoe meer monumentekomitees te voorskyn tree wat plaaslike monumente wou oprig, gekritiseer.<sup>276)</sup>

As gevolg van dié organisatoriese besware het die S.V.K. op 25 Februarie 1935 besluit dat die plek waar die monument opgerig sou word, deur 'n situskonferensie bepaal sou word. Die situskonferensie sou uit 'n gelyke aantal verteenwoordigers van die vier provinsiale komitees en die S.V.K. saamgestel word.<sup>277)</sup>

Adv. Jansen het die hoop uitgespreek dat die bogenoemde samesprekings en dié besluit van die S.V.K., die Natallers se gemoedere gekalmeer het. Hy het gehoop dat die S.V.K. voortaan op die volle ondersteuning van die Natallers kon staatmaak. Prof. J.J. le Roux het op sy beurt die S.V.K. vir die bogenoemde besluit bedank en verklaar dat niemand in Natal meer bevrees was dat die besluit oor die situs van die monument deur 'n oneweredig saamgestelde liggaam geneem sou word nie. Hy het die Natallers aangespoor om andermaal Voortrekkerseëls te koop en ook op ander maniere tot die Voortrekkermonumentfonds by te dra.<sup>278)</sup>

Die beroeringe in Natalse geledere het adv. Jansen half gekrenk laat opmerk dat, hoewel dit blykbaar nie so beskou word nie, hy in alle beskeidenheid homself as 'n verteenwoordiger van Natal beskou.

As gebore Nataller wat bykans sy hele lewe in Natal deurgebring het, het hy nog met hulle meegeleef. Dit was meer as agt en twintig jaar gelede dat hy begin werk het in belang van dié Natalse Afrikaner en het hyself geglo dat nie al sy pogings heeltemal

sonder sukses was nie. Wat sake van kulturele aard betref, en in besonder Natalse sake, het hy altyd 'n Nataller gebly. In hierdie stadium was adv. Jansen ook nog erevoorsitter van die S.U. en hy kon nie begryp dat daar mense in Natal was wat hom nie in hierdie lig beskou het nie.<sup>279)</sup>

Vir die groot ideaal wat vir 1938 gekoester is het die S.V.K. 'n volhardende stryd dwarsdeur die land teen verbrokkeling van kragte gevoer. Mnr. Scheepers, die sekretaris, het geglo dat die ywer van die verskillende plaaslike komitees vir 'n eie monument die entoesiasme vir die groot werk sou demp. Die S.V.K. moes in die pers strenger teen sodanige komitees optree.<sup>280)</sup>

Dié groot taak van die S.V.K. en die ultra-individualisme van die plaaslike komitees het hulle misnoeg gemaak. In 1935 was daar agt verskillende monumentekomitees wat hulle vir plaaslike gedenktekens beywer het. Na vier jaar was die S.V.K. nog nie volkome by die plaaslike belange van baie groepe aanvaar nie, omdat laasgenoemdes alles vir hul eie belange veil gehad het.

Volgens mnr. Scheepers was die toedrag van sake te wyte aan die feit dat die publiek geen konkrete beeld van die beoogde Voortrekkermonument gehad het nie. Boonop kon die S.V.K. sy werkswyse verbeter het. Die S.V.K. se ongereelde vergaderings het byvoorbeeld die spoedige afhandeling van sake belemmer.

Mnr. Scheepers het voorgestel dat hulle die situs van die monument moes bepaal, die vorm daarvan moes vasstel, die planne aan 'n argitek gee en dat die oprigtingskoste bepaal moes word sodat daar 'n finansiële verpligting op die volk geplaas kon word. Nadat

hierdie dinge gedoen is moes 'n dagbestuur verkies word wat meer gereeld kon vergader. Hierdie voorstelle sou volgens mnr. Scheepers die werksaamhede van die S.V.K. verbeter en sodoende aan die volk meer rigtinggewende leiding kan verskaf. Die geskarrel onder die publiek was vir hom 'n gebrek aan metode en nie aan ywer nie.<sup>281)</sup>

Adv. Jansen het met die voorstelle akkoord gegaan en onderneem om tydens die parlementêre reses die plek te besoek waar plaaslike monumentekomitees gedenktekens wou oprig.<sup>282)</sup> Die S.V.K. het ook in Junie 1935 'n dagbestuur saamgestel, wat hierna die werksaamhede van die liggaam met groter spoed afgehandel het.<sup>283)</sup>

Daar was ook 'n traagheid in die bydraes tot die Voortrekkermonumentfonds. Die S.V.K. het as gevolg van die depressie hul fondsinsameling hoofsaaklik tot die verkoop van Voortrekkerseëls beperk. Die seëlverkope het tot Desember 1934 sowat £2 412.17.0 vir die fonds ingebring.<sup>283)</sup>

Hierdie trae fondsinsameling sou ook deur verbeterde werksmetodes van die S.V.K. beredder word. Die werksmetodes van die liggaam is met die instelling van provinsiale komitees organisatories verbeter, omdat die komitees die polsslag van die S.V.K. geword het. Dit sou ook die Natallers se probleem van 'n ewerediger verteenwoordiging van die provinsies op die S.V.K., oplos.

Die implikasies van verteenwoordiging in die S.V.K. was meer gekompliseerd as wat kritici gedink het. Vir die verteenwoordigers

van verafgeleë plekke was dit onmoontlik om S.V.K.-vergaderings by te woon. Die werk is deur 'n klein aantal lede wat in Johannesburg en Pretoria gewoon het en wat op eie koste vergader het, verrig. Al die provinsies was in die S.V.K. verteenwoordig, maar afgesien van bogenoemde groepie, het dit selde gebeur dat iemand van die ander provinsies op die S.V.K.-vergaderings teenwoordig was.<sup>284)</sup>

Met die vorming van die provinsiale komitee is die oënskynlike probleem van oneweredige verteenwoordiging egter opgelos.

Die Natallers het adv. Jansen uitgenooi na 'n kongres waar die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee saamgestel is. Tydens die kongres moes die provinsiale verteenwoordiging op die S.V.K. uitgepluis word, die samestelling van die provinsiale komitee bepaal word, en die insameling van fondse dringende aandag geniet. Dr. Gawie Nienaber het adv. Jansen versoek om die kongres by te woon omdat sy woord in Natal baie gewig gedra het. Sy leiding in die verkryging van samewerking tussen Afrikaners onderling en tussen Afrikaners en Engelssprekendes was noodsaaklik. Hy moes ook die bespreking oor die fondsinsameling lei.<sup>285)</sup>

Adv. Jansen se opvatting oor dié Natalse kongres was dat iets goeds daaruit gebore kon word, mits dit nie deur persone met "vooraf vasgelegde idees" oorheers word nie. Die grootste probleem sou wees om die regte leiding te gee, sodat daar nie besluite geneem word wat teenbesluite sou uitlok nie.<sup>286)</sup>

Op uitnodiging van die voorlopige Natalse Voortrekkermonumentkomitee en onder beskerming van die

Administrateur van Natal en die S.U. het 'n kongres van ongeveer 64 afgevaardigdes uit Natal op 24 Mei 1935 in die Pietermaritzburgse stadsaal byeengekom.

Die stad se burgemeester, mnr. Harry Collins, het in sy verwelkomingswoord met nadruk die medewerking van die Engelssprekendes verseker.

Adv. Jansen het hierop 'n interessante skets oor die geskiedenis van die Natalse Voortrekkermonumentbeweging gegee. In die ontwikkeling van die S.V.K. se werksaamhede het volgens hom 'n tweërlei vraagstuk ontstaan: Wat sou die vorm van die monument wees en waar sou dit opgerig word?

Wat die vorm betref, het hy verklaar dat daar in beginsel besluit is dat dit "n-deur-n kunstenaar ontwerpte monument" sou wees. Die situskwessie sou op 'n konferensie waarop die vier provinsies gelyke verteenwoordiging sal hê, bespreek word. Adv. Jansen het die wens uitgespreek dat daar voorlopig op die monument self gekonsentreer moes word en nie op die plek nie.

Na vele besprekings is besluit om 'n provinsiale komitee in die lewe te roep, waarna die volgende ampsdraers en lede deur die kongres gekies is. Die erevoorsitters was adv. Jansen en mnr. J. Hershensohn; die voorsitter, mnr. C.M. Booyse; die ondervoorsitters, mnr. Hugh Bryan (vir Engelssprekendes) en prof. J.J. le Roux (vir Afrikaanssprekendes); die sekretaresse, mev. Nienaber, die penningmeester, mnr. J. Boshoff, die verteenwoordigers van die verskillende gebiede met die plekname

as middelpunte was mnre. P.W.J. Groenewald en T. Kinloch, vir Durban; dr. G. Nienaber en mnr. R. Eagle vir Pietermaritzburg; dr. L. Steenkamp en mnr. A.W. Cresswell, vir Ladysmith; dr. P.C. Schoonees en mnr. R.G. Foord, vir Vryheid; mnr. A.J. du Plessis, vir Greytown; mnr. J.J. Boshoff, vir Mooirivier, ds. W.A. Gräbe, vir Estcourt; mnr. A.J. van der Merwe, vir Winterton; mnr. P.J. van Rooyen, vir Wenen; mnr. A.G. du Toit, vir Paulpietersburg. Gebiede soos Dundee, Newcastle, Glencoe, Utrecht, Babanango, Port Shepstone en Eshowe was nie verteenwoordig nie.<sup>287)</sup>

Die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee het op die namiddag van 24 Mei hul eerste vergadering in die Pietermaritzburgse stadshuis gehou. Hulle het administratiewe sake bespreek en veral op fondsinsamelings gekonsentreer. Adv. Jansen het onderneem om ondersoek in te stel na die moontlikheid om soos in 1934 weer 'n radiopraatjie te hou om die verkoop van Voortrekkerseëls aan te moedig.<sup>288)</sup>

Adv. Jansen is getref deur die goeie gees waarin die konferensie plaasgevind het. Die konferensie het so goed afgeloop dat die Natallers heeltemal daarvan afgesien het om selfs 'n diskussie oor die situskwessie te voer.<sup>289)</sup> Hy het die S.V.K. verseker dat die komitee alles in hul vermoë sou doen om die monumentideaal te bevorder.<sup>290)</sup> Hy het ook in 'n persverklaring dié ondersteuning van die Natallers geloof.<sup>291)</sup>

Adv. Jansen was ook tevrede oor die goed verteenwoordigende provinsiale komitee wat verkies is.<sup>292)</sup> Mnr. Booysen het sowat vier maande na die stigting van die provinsiale komitee 'n positiewe verslag oor hul fondsinsamelingstrategie aan die S.V.K. voorgelê.

Dit was veral verblydend dat Engelsprekendes die saak goed ondersteun.<sup>293)</sup> In sy latere samestelling was die Natalse Provinsiale Komitee in sewentien distrikskomitees verdeel, wat oor die hele Natal die organisasie en fondsinsameling van die monumentideaal behartig het.<sup>294)</sup>

Natal se steun aan die fondsinsamelingspoging het in oorleg met die S.V.K. verskillende vorme aangeneem.

Gedurende September 1935 het die S.V.K. met behulp van die poswese 'n intensiewe veldtog geloods om Voortrekkerseëls te verkoop. Adv. Jansen het 'n beroep op elke volksgenoot en in besonder die Afrikaners gedoen, dat elkeen dit as sy plig moes beskou om 'n bydrae te lewer.<sup>295)</sup>

Soos oral in die land het fondsinsamelings ook in Natal momentum gekry namate die oproepe om bydraes geïntensiveer is. Adv. Jansen se oproep dat dit elke volksgenoot se plig is om 'n bydrae tot die fonds te lewer het vrugte afgewerp. Die monumentfonds het van Augustus 1934 tot Desember 1935 van £9 205.16.10 tot £18 457.13.2 'n drastiese styging getoon.<sup>296)</sup> Natallers het tot op 31 Desember 1935 die minste tot die monumentfonds bygedra. Die Transvalers het £7 797.7.3 met Pretoria alleen 'n reuse £1 903.10.3, die Kapenaars het £5 520.17.11, die Vrystaters £3 987.15.0 en die Natallers 'n skrale £1 151.13.0, tot die fonds bygedra.<sup>297)</sup>

Adv. Jansen en die S.V.K. het in November 1935 teenstand uit 'n onverwagte oord in Natal gekry. Ds. L.N. Botha van Ladysmith het by adv. Jansen beswaar gemaak dat danspartye in Natal en

oor die Unie as 'n middel tot geldinsameling vir die volksmonument 'n steen des aanstoets geword het.

Ds. Botha het adv. Jansen daarvan beskuldig dat onder sy voorsitterskap tydens die stigting van die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee, dans as 'n middel tot geldinsameling genoem en goedgekeur is. Hy het adv. Jansen gewaarsku dat dit gebiedend noodsaaklik is om die dreigende botsing, wat verreikende gevolge kon hê, in die kiem te smoor.<sup>298)</sup>

Adv. Jansen het mnr. C.M. Booyesen, die voorsitter van die provinsiale komitee, oor die aanklag ingelig en gesê dat die S.V.K. danse as 'n vorm van fondsinsameling moes verwerp.<sup>299)</sup> Vir ds. Botha het hy gesê dat dit moontlik was dat dans as fondsinsamelingsmiddel genoem is, maar dat hy dit nie kon onthou nie. Hy was van mening dat dit nie billik was om 'n gevolgtrekking te maak dat hy dans as metode vir fondsinsameling goedgekeur het nie.<sup>300)</sup>

Mnr. Booyesen het op 'n soortgelyke brief van ds. Botha geantwoord dat die saak op die volgende vergadering van die provinsiale komitee bespreek sou word. Sy opvatting was dat hulle enige uitspraak baie versigtig behoort te hanteer. Hoewel daar wel beswaar van die kant van die kerk kan wees, moet nogtans ook die gevoelens van ander in aanmerking geneem word. 'n Uitweg sou wees om nie enige besluit vir of teen danspartyte te neernie, maar die saak aan die gesonde oordeel van die plaaslike komitees oor te laat. Hy was van mening dat die saak met sukses doodgeswyg kon word.<sup>301)</sup>

Die S.V.K. het oor die beswaar van ds. Botha besluit dat die provinsiale komitees in die vasstelling van middele en metodes vir fondsinsamelings 'n vry hand gegee moes word. Die komitees moes egter die godsdienstige karakter van die Voortrekkers én die samewerking van die hele volk in hul besluite in aanmerking neem.<sup>302)</sup>

Tydens 'n Natalse Sinodesitting van die N.G. Kerk in April 1936 te Dundee is die saak weer eens breedvoerig bespreek. Ds. W.A. Gräbe sou die kerk se standpunt in die Natalse Provinsiale Monumentekomitee stel.<sup>303)</sup>

Intussen was daar 'n ander Natalse storm oor die monumentideaal aan die broei. Dit het om die skynbare botsende belange van die Bloedriviermonumentkommissie, die Sinodale Bloedrivier-Eeufeeskommissie en die S.V.K. gewentel.

Die N.G. Kerk van Transvaal het in Julie 1934 te Pretoria besluit om 'n sinodale Bloedrivier-Eeufeeskommissie (nl. di. L.M. Kriel (Utrecht) as voorsitter, en Paul Nel, G.M. Pellissier, P.J. Swart, J.I. de Wet en senator A.T. Spies) te benoem om die eeufeesviering van die Bloedrivierslag op 'n waardige wyse te vier. Die sinode het ook besluit dat die bogenoemde kommissie in noue kontak met die S.V.K. moes bly, "ten einde ons Kerk se invloed te laat geld in verband met die keuse van die aard, plaatsing en omvang van die groot gedenkteken, en ander gedenktekens, wat moez opgerig word ter gedagtenis aan die Voortrekkers. Om verder daarvoor te sorg, dat ons Kerk sy regmatige aandeel sal doen om te help om bogenoemde doeleindes te bereik en sy regmatige aandeel te kry in die reëling van die verskillende feesvierings in verband daarmee".<sup>304)</sup>

Adv. Jansen het sy dank uitgespreek teenoor die sinode vir hierdie besluite en gesê hy hoop dat daar noue skakeling en hartlike samewerking tussen die S.V.K. en dié kommissie sou wees. Hy het verklaar dat daar nog nie op 'n situs vir die volksmonument besluit is nie. Die S.V.K. sou egter saamwerk aan die oprigting van 'n gedenkteken te Bloedrivier, al sou die volksmonument elders opgerig word. Dieselfde geld vir Pietermaritzburg, wat beplan het om met die viering van die honderdjarige bestaan van die stad 'n gedenkteken op te rig. So sal die S.V.K. ook op ander plekke wat in noue historiese verband met die Voortrekkers staan, bereid wees om gedenktekens op te rig. Die eerste prioriteit van die S.V.K. lê egter by die volksmonument en adv. Jansen het vertrou dat die kerk ook daarmee behulpsaam sou wees.<sup>305)</sup>

Die S.V.K. het besorgd kennis geneem van die ideale wat die Sinodale Bloedrivier-Eeufeeskommissie gekoester het.<sup>306)</sup> Ds. L.M. Kriel het op 1 Oktober 1934 'n pleidooi vir die waardige viering van die Bloedrivier-eeufees gelewer deur die oprigting van 'n monument waartoe alle Afrikaners moes saamwerk. Ds. Kriel het die sinodale ideaal vir Bloedrivier verduidelik en kerkgenootskappe en Afrikaners gevra om aan die poging deel te neem. Daarom rig hulle 'n versoek aan al die Dingaansfeeskommissies om vir die volgende vier jaar by elke Dingaansfees 'n kollekte te hou vir die bogenoemde eeufees. "En dan bewus synde van die feit dat daar reeds 'n kommissie - ek sal dit maar noem die kommissie van adv. E.G. Jansen, L.V. - besig is om geld vir 'n Voortrekkermonument te versamel, het die Sinode ook besluit om die kommissie vriendelik te versoek om aan ons Sinode deur middel van sy kommissie verteenwoordiging en seggenskap toe te staan."<sup>307)</sup>

Die kommissie het die volk met vier versoeke genader. Hulle wou die eeufeesviering op 'n grootse en waardige wyse vier wat aan die godsdienstige en historiese dele reg sou laat geskied. Hulle wou ook 'n waardige monument op Bloedrivier oprig en het die volk genader om geld vir die monument in te samel. Hulle het 'n beroep op die eerste minister, genl. Hertzog, gedoen om sy ondersteuning aan die saak te gee en ook £2 000 by te dra. Hulle wou ook die bestaande kommissies wat vir die saak gewerk het, saamvoeg. Ds. Kriel het in 'n emosionele pleidooi hul standpunt só gestel: "Broeders en susters, ons beoog tog een doel, ons werk vir een saak, ons wil graag een monument opsit en dit te Bloedrivier, en ons wil graag een eeufees vier. Waarom kan ons nie die kommissies saamvoeg nie? Ek vra u in die naam van ons vaders en moeders, in die naam van die land en die volk, in die naam van God, laat ons saamsmelt in een kommissie, anders sal die saak nie 'n volkome sukses wees nie."<sup>308)</sup>

Na hierdie oproep het dit in S.V.K.-geledere behoorlik gegons. Mnr. Scheepers het verklaar dat die S.V.K.-lede hulle uiterste kragte moes inspan om die werk van sulke monumentkomitees met die doelwitte van die S.V.K. te koördineer.<sup>309)</sup>

Die S.V.K. was baie besorg oor die moontlike verbrokkeling van kragte vir die monumentideaal. Ten einde die nodige samewerking te verkry, word adv. Jansen opgedra om so gou moontlik ds. Kriel en sy Bloedrivierkomitee te ontmoet. Mnr. I.M. Lombard was van mening dat die sekretaris die ontstaan van die S.V.K. weer duidelik in die pers moes stel. Mev. Jansen was van mening dat die S.V.K. nou op die "hartlikste ondersteuning" van die kerke geregtig is, want die S.V.K.-fondsinsameling is teruggehou totdat die Voortrekkergedenksaal deur die N.G.-kerk in Pretoria gebou is.<sup>310)</sup>

Ds. Kriel het in die Kerkbode van Februarie 1935 weer oor Bloedrivier se nalatenskap en betekenis sy stem laat hoor. Die omheinde slagveld met die klipstapel onder die grasoordak het hy as een van die heiligdomme van die Afrikanervolk beskryf. Volgens hom kon die volk sy waardering teenoor die Voortrekkers toon deur 'n grootse monument op te rig. Daardeur kon die volk hul erkenning aan die Voortrekkers en dankbaarheid teenoor God bewys. "Daar dié kerk baie begerig is om die Trekkers te vereer, ontbreek geld. Geld het die volk al taamlik gegee ... maar waarvoor? Vir 'n Volksmonument? Ja, maar waar moet dié opgerig word? Te Bloedrivier? 'Ons weet nog nie', sê die Volksmonumentkommissie. Hulle wil dit miskien wêreldwye gaan sit te Pretoria of Maritzburg. Maar ons kan dit nou tog nie glo in sulke goeie volksmanne as mnr. Jansen en dr. Preller en senator Spies nie. Hulle sal tog seker insien dat die volk en die kerk dit wil hê te Bloedrivier."<sup>311)</sup>

Adv. Jansen het op 15 Mei 1935 die eerste vergadering van die Sinodale Bloedrivier-Eeufeeskommissie bygewoon en die versekering gegee dat die S.V.K. begerig is om met die kerk saam te werk. Hy het kennis geneem dat indien die beoogde Voortrekkermonument nie op Bloedrivier opgerig sou word nie, dit sou bots met die sinodale besluit. Volgens die kommissie was die geld wat in 1916 te Paardekraal gekollekteer is, vir 'n Bloedriviergedenkteken bedoel. Die kerk sou egter nie sy morele steun aan die S.V.K. weerhou nie. Adv. Jansen het verduidelik dat die S.V.K. geen beswaar teen plaaslike fondsinsamelings vir Bloedrivier gehad het nie. Die S.V.K. sou selfs as hulle oor voldoende fondse beskik 'n bydrae gee, maar hul eerste prioriteit was om 'n Voortrekkermonument op te rig. Hy het ook die versekering gegee dat indien die monument nie te Bloedrivier opgerig word nie, dit die S.V.K. se plig sou wees om op Bloedrivier, net soos op ander geskiedkundige plekke wat 'n verband met die Voortrekkers het, 'n behoorlike gedenkteken op te rig.<sup>312)</sup>

Adv. Jansen het die S.V.K. verseker dat hierdie vergadering die misverstande uit die weg geruim het en dat die vrees vir verbrokkeling van kragte vir die monumentideaal, nie in S.V.K.-geledere hoef voort te bestaan nie.<sup>313)</sup>

Dieselfde gewaarwording het adv. Jansen ook aan die pers bekend gemaak. "Ons sal so spoedig moontlik opdrag gee aan Suid-Afrikaanse kunstenaars om te begin met die Voortrekkermonument te ontwerp ... Oor die plek waar die monument opgerig moet word, is nog nie besluit nie ... Ons was baie besorg oor die beweging wat oral in die land begin het om te werk vir die oprigting van plaaslike monumente. Ek het nou egter goeie hoop dat ons almal sal saamwerk vir een groot volksmonument ter ere van die Voortrekkers, waar dié ook al opgerig word. Die Volksmonumentkomitee het reeds onderneem om, wanneer die hoofdoel bereik en die volksmonument opgerig is, hom te beywer vir die oprigting van behoorlike gedenktekens op alle plekke wat aanspraak daarop kan maak vanweë hul noue verband met die geskiedenis van die Groot Trek".<sup>314)</sup>

Adv. Jansen het skaars die sinodale Bloedrivier-Eeufeekommissie en die S.V.K. se ideale probeer versoen, toe mnr. L.J. Spies (Koppie Alleen, Kingsley, Natal) en die Bloedriviermonumentkommissie die kalklig betree en die S.V.K. die stryd aangesê het.

Mnr. Spies het sy veelbesproke brief met 'n beskuldiging ingelui. "Vandag word van alle kante propaganda gemaak en fondse ingesamel vir 'n Voortrekkermonument, terwyl aan die anderkant baie lankal 'n beweging aan die gang is vir die oprigting van 'n Bloedrivier-monument ter herinnering aan die oorwinning van 1838. Die feit is dat daar ook groot verwarring in verband met

die twee sake bestaan en dit word hoog tyd dat die publiek bietjie ingelig en op die hoogte gebring word".<sup>315)</sup> Mnr. Spies het die wordingsgeskiedenis van die Bloedriviermonument, vanaf die klipstapel wat die Voortrekkers in 1866 gepak het tot met die stigting van die S.V.K. geskets.<sup>316)</sup>

Met betrekking tot die stigting van die S.V.K. het hy die volgende bewering gemaak. "Nadat ek reeds met die saak besig was, het die F.A.K. hom begin beywer vir 'n Voortrekkermonument en is die kommissie onder voorsitterskap van adv. E.G. Jansen in die lewe geroep. Omdat ek bang was dat ons mekaar in die wiele sou ry en ook eers wou sien wat die houding van laasgenoemde kommissie i.v.m. die Bloedriviermonument sou wees, het ek die stilswye bewaar. Dit het egter spoedig geblyk dat hulle weinig oor het vir die Bloedriviermonument en dit terwyl hulle onder laasgenoemde se vlag seil, deur byvoorbeeld te praat van 'n Voortrekkermonument, wat op 16 Desember 1938 onthul moet word. Hierdeur verkeer vandag die grootste gros van ons volk onder die valse indruk dat die Voortrekkermonument een en dieselfde is, want die mening van die grootste gedeelte van ons volk was en is nog dat 'n Voortrekkermonument apart van 'n Bloedrivier niks met 16 Desember te maak het nie.

"Gevolglik is die posisie vandag van so 'n aard, dat die mense nie weet wat nou eintlik aan die gang is nie ... Volgens my eerlike opinie en dié van baie ander het dit hoog tyd geword dat ons volk sal eis dat daar nou 'n definitiewe verklaring van die kant van die sinodale Voortrekkermonumentkommissie of van die kant van die F.A.K. ... sodat ons kan weet wat die planne met betrekking tot die Bloedriviermonument is.

"As dit nie gebeur nie, hou ek vol dat die volk mislei word en dat verder die langgevoelde behoefte van ons volk aan 'n monument te Bloedrivier verkrag word, 'n verlange wat nie sonder die grootste skade aan ons volksiel gesmoor kan word nie, omdat die wortels daarvan diep in ons volksverlede wortel. As sake voortduur teken ek as Afrikaner die heftigste protes aan teen die verontagsaming van die dure verpligting, wat ons kragtens die verlede voor alle ander dergelike verpligtings moet nakom."<sup>317)</sup>

Mnr. Spies het daarop gewys dat deur bemiddeling van die Transvaalse N.G.-Kerk £40 000 vir 'n Voortrekkermonument ter herinnering aan die Groot Trek ingesamel is en dat dit in die vorm van 'n saal, naamlik die Voortrekkergedenksaal, opgerig is. Hy wys daarop dat hy nog nie kon vasstel waar die tweede Voortrekkermonument opgerig sou word nie. Waar die kerk hom in bogenoemde geval vir 'n monument beywer het, spruit die ideaal van 'n Bloedriviermonument vir mnr. Spies, uit die volksiel voort. Die opstapeling van die hokie klippe deur Voortrekkerhande bewys, "ondubbelsinnig ... hul begeerte dat die geboorteplek en dag van die Afrikanervolk eendag deur 'n monument verewig moet word. Op die nageslag rus dus nog steeds die nie volbragte verpligting om 'n monument daar te stel ... Persoonlik het ek nie die minste beswaar teen 'n Voortrekkermonument nie, maar waar ek wel deeglik beswaar teen maak, is dat die Bloedriviermonument, ... opsy geskuif word vir 'n Voortrekkermonument wat die ouer broer se eersgeboortereg wil ontnem en selfs op sy geboortedatum aanspraak maak ... Kom my volk, ... Ek gee nog gereeld bydrae vir die Bloedriviergedenktekenfonds ... Kom Afrikaners, Bloedrivier roep u ... is dit u erns? U bydrae wat u stuur, sal u antwoord wees".<sup>318)</sup>

Adv. Jansen het hierop verklaar dat aangesien die brief maklik tot misverstand kon lei en dit nie heeltemal billik gestel was nie, hy tog sekere sake in perspektief wou plaas. Hy het in die eerste plek breedvoerig op die geskiedenis van die beweging vir 'n Voortrekkermonument (vanaf 1909 tot 1931) ingegaan en die S.V.K. se rol daarin aangetoon.

Adv. Jansen se standpunt oor die stigtingskonferensie van die S.V.K. was dat dit wyd en syd in die pers geadverteer is en dat alle destydse bestaande monumentekomitees sowel as ander belangstellende liggame uitgenooi is. "Mnr. Spies het gewet wat my beskouings was in verband met 'n Voortrekkermonument en as hy of sy komitee wou, kon hulle die konferensie bygewoon het."<sup>319)</sup>

Hy het ook verduidelik hoe die werksaamhede van die S.V.K. landswyd gepropageer is. "Om nou te sê ons seil onder die vlag van die beweging vir 'n Bloedriviermonument, of dat daar misleiding is, is, om die minste daarvan te sê, baie vergesog."<sup>320)</sup>

Adv. Jansen het voorts sy korrespondensie met mnr. Spies, gedateer 29 Maart 1930,<sup>321)</sup> volledig aangehaal en gesê dat mnr. Spies blykbaar die korrespondensie vergeet het. Adv. Jansen het verklaar dat hy nog dieselfde ideale as in 1930 gekoester het. Naamlik dat 'n behoorlike gedenkteken op Bloedrivier opgerig moes word, maar dat die volksmonument ter ere van die Voortrekkers op 'n plek moes staan waar dit vir die publiek die maklikste bereikbaar is.

"Had mnr. Spies die S.V.K. genader vir bystand sou daar veel voor te sê gewees het, maar in 'n poging om sy saak te bevorder, neem hy die toevlug tot die pers en probeer om die S.V.K. verdag te maak. Dit spyt my baie dat hy dit gedoen het".<sup>322)</sup>

Adv. Jansen het ook hard met alle volksgenote en monumentekomitees gepraat wat hul plaaslike belange bo die groot monumentideaal van die S.V.K. geplaas het. Hy het weer eens die S.V.K. se onderneming beklemtoon dat nadat die Voortrekkermonument opgerig is, op al die plekke wat weens hul historiese verbintenis met die Voortrekkers daarop aanspraak maak, gedenktekens opgerig sou word. Hy het beklemtoon dat die monument slegs op een plek opgerig kon word en dat dit onvermydelik sou wees dat die voorstanders van dié plekke wat ook op die situs van die monument aanspraak gemaak het, teleurgesteld sou wees.

Adv. Jansen het die stryd vir monumente gevra om in gedagte te hou dat dit die Voortrekkers is wat vereer word en nie een of ander plek nie. "Ek doen dus 'n beroep op my mede-Afrikaners om, afgesien van hul besondere voorkeur, almal saam te werk vir die eer van die Voortrekkers, sodat 'n volksmonument opgerig sal word wat hulle waardig en ons Afrikaners tot eer sal wees."<sup>323)</sup>

Mnr. Spies het later verontskuldigend geantwoord dat hy nie bedoel het om adv. Jansen of die S.V.K. se bedoelings of opregtheid met die volksaak in twyfel te trek nie. Hy was net bang dat die Bloedriviermonument, in die nasionalisering van die monumentideaal, op die agtergrond geskuif sou raak.<sup>324)</sup>

Die samewerkingsooreenkoms wat gedurende Desember 1935 tussen die regering en die S.V.K. aangegaan is, het die monument-ideaal die offisiële bloedoortapping gegee wat dit uiteindelik in 'n volksbeweging sou ontwikkel.<sup>325)</sup>

Die S.V.K. het aan adv. Jansen en dr. Engelenburg opdrag gegee om genl. Hertzog te versoek om regeringsteun aan die komitee toe te sê en hulp op die pond-vir-pond-basis vir die monument te vra.<sup>326)</sup>

Genl. Hertzog se uiteensetting van sy regering se standpunt met betrekking tot die volksaak het gelui dat "hoewel nog geen formele besluit daartoe geneem was, die Regering van voornemens was om Dingaansdag 1938 op 'n grootse nasionale wyse, ons volk en land waardig, te vier; en om terselfdertyd en ter herdenking aan die groot nasionale gebeurtenis van 100 jaar gelede, 'n gedenkteken te doen oprig, waardeur die Afrikanervolk en nageslag, afgesien van seksionele en partye belange en motiewe, met 'n gevoel van nasionale voldoening en van nasionale trots sal geïnspireer word, en dat daar ik verneem het dat u gekonnekteerd was met die Sentrale-Volksmonument-Komitee, ik gaarne van u sou wil verneem in hoeverre u meen dat u Komité gereed sou wees om met die Regering gemene saak te maak en om onder Regeringsleiding saam te werk tot bereiking van daardie doel".<sup>327)</sup>

Adv. Jansen het geensins daaraan getwyfel dat sake op bevredigende wyse gereël sou word nie.<sup>328)</sup>

Na maandelange onderhandelings het die S.V.K. hul ooreenkoms met die regering op 7 Desember 1935 finaal geformuleer,<sup>329)</sup>

wat ook deur minister Hofmeyr namens die regering aanvaar is.<sup>330)</sup> Die S.V.K.-ooreenkoms het gelui dat as "daar onverhoop deur die regering 'n eis aan die uitgebreide komitee sou opgelê word, of stappe in verband met die monumente geneem word, waarmee die meerderheid van die komitee hom nie kon versoen nie, dan behou die huidige lede van die S.V.K. die reg om by meerderheid van stemme te besluit om hulle van die samewerking te onttrek en hulself opnuut te konstitueer as 'n komitee, en aan hulle sal oorbetaal word die bedrag in hande van die S.V.K. op datum van die eerste vergadering van die uitgebreide komitee, met die reg om sodanige bedrag alleen te bestee in terme van die opdrag van die Bloemfonteinse Konferensie ...".<sup>331)</sup>

Sy verslag aan minister Hofmeyr het adv. Jansen só afgesluit: "Die S.V.K. vertrou dat die samewerking wat nou tot stand gaan kom sodanig sal wees dat daar geen aarseling aan die kant van die regering sal wees nie, om, wanneer die tyd daarvoor aanbreek, hom ook as Feeskommissie te erken ten einde sake in verband met die onthulling van die monument en die eeufeesviering te reël."<sup>332)</sup>

Adv. Jansen het 'n persverklaring van die S.V.K. oor bogenoemde saak aan verskillende redakteurs gestuur met die opmerking dat die sukses van die ooreenkoms afgehang het van die houding wat die pers daarvoor sou inneem. "Onder die omstandighede was dit werklik die beste wat kon gedoen word, en dit sou onvergeeflik gewees het as ons toegelaat het dat hierdie saak 'n verdere bron van tweedrag sou word. Die vrees wat daar by baie bestaan dat die Regering deur die eindbeslissing in alle sake van belang in hande te neem, op 'n onwenslike wyse sal optree is m.i. ongegrond, ... Ek vertrou dat u die reëling sal kan

ondersteun. So nie dan wil ek u dringend versoek om dinge nie moeiliker te maak deur daarteen op te tree nie".<sup>333)</sup>

Die Natallers het die stilswye oor die ooreenkoms tussen die S.V.K. en die regering bewaar. 'n Saak waaroor hulle in 'n storm van protes hul ontevredenheid sou lug, was die situsvraagstuk van die beoogde monument wat gedurende 1936 afgehandel is.

Die S.V.K. het reeds op 16 September 1933 'n Plekkomitee gekies, wat die verskillende plekke waar die monument opgerig kon word, moes besoek. As gevolg van die vroeë stadium van die fondsinsamelings is die werksaamhede van hierdie komitee uitgestel.

Tydens die eerste vergadering op 25 Januarie 1936 van die vergrote S.V.K., na die inwerkingtreding van die ooreenkoms met die regering, is die vraagstuk van die situs van die monument weer bespreek. Adv. Jansen het op die ooreenkoms met die provinsiale komitees en die regering gewys en gesê dat hy dit wenslik ag dat 'n konferensie met verteenwoordigers van die provinsiale komitees so spoedig moontlik gehou moes word.

Die provinsiale komitees moes plaaslike liggame wat aanspraak op die monument gemaak het, versoek om hul aansprake in 'n memorandum uiteen te sit en aan die S.V.K. te stuur. Die Ondersoekkomitee wat onder voorsitterskap van adv. Jansen saamgestel is, moes nie later as 31 Augustus 1936 aan die S.V.K. rapporteer nie.<sup>334)</sup>

Gedurende Oktober of November 1936 sou 'n konferensie bestaande uit drie verteenwoordigers van elke provinsiale komitee en die S.V.K. gehou word, om oor die verslag van die Ondersoekkomitee te besluit.

Op voorstel van prof. T.J. Hugo is ook 'n onderkomitee benoem wat op die hele kwessie van die vorm van die Voortrekkermonument sou ingaan en aanbevelings aan die S.V.K. moes maak.<sup>335)</sup>

Adv. Jansen en mnr. I.M. Lombard, die waarnemende sekretaris van die S.V.K., het hierna 'n persverklaring oor die situskwessie uitgereik. "Wat betref die plek waar die monument opgerig sal word, is 'n subkomitee benoem, wat gegewens moet inwin en plekke besoek, met die doel om 'n verslag uit te bring wat aan die S.V.K. en 'n konferensie met verteenwoordigers van die Provinsiale Komitees voorgelê sal word. Die verslag moet teen die end van Augustus klaar wees en die konferensie sal in Oktober of November gehou word."<sup>337)</sup>

Gedurende April 1936 is die "English Speaking Committee of the Voortrekker Monument Fund" in Durban gestig. In 'n persverklaring het die komitee onder andere verklaar: "In 1938 the centenary of the great Trek will be celebrated. That centenary presents an opportunity for both English-speaking and Afrikaans-speaking South Africans to join in paying tribute to bravery in battle, fortitude in hardship and simplicity of faith ... The members of this Committee feels that here is an opportunity for the English-speaking members of this City and of this Province to show that they are as ready as any in the land to give honour where honour is due".<sup>338)</sup>

Die Natallers was dus oorgehaal en die Ondersoekkomitee van die S.V.K. se planne het ook begin vorm aanneem.

Op 19 Mei 1936 het adv. Jansen 'n persverklaring vir Reuter aan mnr. Scheepers gestuur waarin weer eens berig word dat gedurende die tweede helfte van Juliemaand 'n subkomitee die plekke wat op die monument aanspraak maak, sou besoek. 'n Verslag van die subkomitee sal dus die S.V.K. en die konferensie van verteenwoordigers van die provinsiale komitee in staat stel om beter besluite te neem. Plaaslike komitees moes vroegtydig hul aansprake in 'n duidelike uiteengesette memorandum aan die S.V.K.-sekretaris stuur.

Adv. Jansen het die versekering herhaal dat sodra die S.V.K. sy taak i.v.m. die oprigting van die volksmonument afgehandel het, die komitee hom daarvoor sou beywer om op al die plekke met 'n Voortrekker geskiedenis, 'n geskikte gedenkteken op te rig. Hy het ook herhaal dat die monument slegs op een plek opgerig kon word. Hy het vertrou dat almal, ook die teleurgesteldes, die saak enduit sou ondersteun.<sup>339)</sup>

Mnr. Scheepers het die verskillende items wat plaaslike komitees in hul memorandum vir die Ondersoekkomitee moes noem, gedurende Junie gefinaliseer. In die memorandum moes die plaaslike komitees aandag gee aan die grootte, topografie en historiese aansprake van die terrein, die afstand van die terrein na die naaste grootpad en dorp, die bereikbaarheid van die terrein te voet, per motor, vliegtuig en trein, die beskikbaarheid van water, aan wie die terrein behoort het en of dit aan die komitee geskenk sou word.<sup>340)</sup>

Die Ondersekkomitee het op Maandag 13 Julie 1936 vanaf Johannesburg vertrek.<sup>341)</sup> Adv. Jansen se Natalse hartklop spreek duidelik uit die opmerkings wat hy oor die konsepreisplan gemaak het en waarin hy mnr. Scheepers op sekere foute gewys het. "Daar sal min te sien wees op Weenen, die eintlike plek is aan die Bloukransrivier en Moordspruit naby Chieveley waar die 1896 monument staan ... Bloedrivierstasie is egter verkeerd. Die stasie is De Jagers Drift wat nader aan Dundee is. U kan Bloedrivierstasie uitsny. Ons sal daar glad nie kom nie."<sup>342)</sup>

Die Ondersekkomitee is oral hartlik ontvang. Die groep het Pietermaritzburg op Dinsdag 14 Julie, Weenen op Donderdag 16 Julie en Bloedrivier op Saterdag 18 Julie, besoek.<sup>343)</sup>

Na die besoek aan Bloedrivier, die laaste Natalse plek wat vir die monument in aanmerking kon kom, het adv. Jansen verklaar dat al die verskillende plekke met verloop van tyd onder die aandag van die verantwoordelike liggaam gebring sou word. Daar was geen twyfel dat Bloedrivier sterk in aanmerking sou kom nie. Dieselfde geld vir Pietermaritzburg, die eerste Voortrekkerdorp, die Weenen-Bloukransgebied waar die grootste opoffering van menselewens plaasgevind het, en Danskraal waar die Gelofte afgelê is.

Adv. Jansen het weer eens met nadruk verklaar dat die beoogde monument nie bedoel is om 'n besondere daad of gebeurtenis te herdenk nie. Dit moes die idealisme wat van die hele Trek kenmerkend was, weerspieël. Gevolglik is dit nie net die oorwinning by Bloedrivier wat herdenk sal word nie.<sup>344)</sup>

In 'n onderhoud met die **Natal Witness** het hy die verregaande uitlatings van persone wat sekere plekke as die situs vir die monument voorgestaan het, gekritiseer. Hy het verklaar dat, "with some of them it had become an absolute obsession and they felt that if the monument were not erected on their particular site a serious crime would be committed. To prove this he quoted one instance in Natal where they had been told by the members of that particular committee that if the monument were not erected there 'it would be a slap in the face of the Lord'",<sup>345)</sup> Hy het waarskynlik na die opmerking van dr. L. Steenkamp verwys wat 'n opmerking van ds. Oosthuysen aangehaal het, wat gesê het dat die S.V.K. die Here in die gesig sal slaan as die monument nie op Danskraal opgerig sou word nie.<sup>346)</sup>

Op Maandag 27 Julie was die Ondersoekkomitee terug in Pretoria om die lywige memoranda te bestudeer en sonder aanbeveling in 'n verslag saam te vat.<sup>347)</sup>

Alle oë was vanaf Maandag 5 Oktober op Pretoria gerig, waar die S.V.K. op dié dag vir die twee en twintigste keer vergader het, om die prosedure vir die situskonferensie van die volgende oggend te bepaal.

By die aanvang van die vergadering het adv. Jansen gesê dat sedert die verskillende plaaslike komitees gevorm is, die gevoel ontstaan het om hulle ook 'n seggenskap te gee in die bepaling van die plek waar die Voortrekkermonument opgerig moes word. Hy het die vertroude uitgespreek dat niks gesê of gedoen sal word wat 'n wanklank sou vorm nie.

Adv. Jansen het weer eens die aandag daarop gevestig dat die monument nie opgerig word om 'n persoon of plek te vereer nie, maar ter ere van die groot rol wat die Voortrekkers as sodanig in die geskiedenis gespeel het.

Op voorstel van kmdt. O.A. Davel is besluit dat die S.V.K. saam met twee afgevaardigdes van elke provinsiale komitee die konferensie vir die volgende dag sou uitmaak. Almal was stemgeregtig en kon net een stem uitbring het.

Daar is op voorstel van sen. Malan besluit dat die verslag van die Ondersoekkomitee aan die provinsiale afgevaardigdes gegee moes word. Sen. Malan sou die verslag kortliks toelig.

Volgens kmdt. Davel kon die monument net in een van die drie hoofstede opgerig word en daarom sou daar nie 'n lang bespreking wees nie. Adv. Jansen was van mening dat elke lid die volste geleentheid gegee moes word om vir enige plek 'n saak uit te maak en dat daar geen tydsbepaling vir besprekings opgelê moes word nie.

Die S.V.K. het ook besluit dat die publiek welkom was om voor die einde November kritiek op en wenke oor die vorm van die monument in te dien.<sup>348)</sup>

Dinsdagoggend, 6 Oktober om 10h00, het adv. Jansen in die Voortrekkergedenksaal die Sibuskonferensie met 'n hartlike welkomswoord geopen. Hy het verklaar dat dié dag 'n baie ernstige

besluit geneem sou word en die hoop uitgespreek dat die besluit tot heil van die land en volk sou strek. Hulle sou baie versigtig moes werk, omdat dié besluit 'n baie groot invloed op die toekomstige geslagte sal uitoefen. Adv. Jansen het die konferensie gemaan om in die besprekings altyd deur die groot werk van die Groot Trek as geheel in die oog te hou.

Drr. G.S. Nienaber en L. Steenkamp was die twee Natalse verteenwoordigers wat die Situskonferensie bygewoon het.

Na die voorlees van die Ondersoekkomitee se verslag het sen. Malan op 'n bondige wyse die aansprake van die verskillende plekke sowel as die indrukke van dié komitee uiteengesit. Hierop het dr. Nienaber die senator gelukkigwens met die onpartydige leiding aan die vergadering. Dr. Nienaber was van mening dat die konferensie op so 'n wyse 'n onpartydige besluit kon neem. Hulle moes hulle net losmaak van plekke en hulle neerlê by die besluit wat geneem moes word. Hy het egter sy teleurstelling uitgespreek dat die provinsies nie gelykop op die konferensie verteenwoordig was nie.

Nadat die voorsitter die konferensie oop verklaar het, is kragtige en weldeurdagte pleidooie die res van die oggend deur die afgevaardigdes van die verskillende provinsies gelewer.

Na die reses vir middagete is 'n voorstel van dr. Preller, dat sake bespoedig sou word as sekere plekke geëlimineer kon word, met 24 stemme teen een aanvaar. Dit het beteken dat Ohrigstad, Bloedrivier, Blyde Vooruitzicht, Thabantsjoe en Vegkop op grond van onbereikbaarheid uitgeskakel is.

Die ses oorblywende aanspraakmakers was: Pretoria, Pietermaritzburg, Danskraal (Ladysmith), Winburg, Bloemfontein en Potchefstroom.

Die stemming het volgens 'n voorstel van sen. Malan en Spies, stapsgewys só verloop. Die bogenoemde ses plekke is as groslys geneem, waaruit elke lid van die konferensie een keuse moes doen. Op hierdie wyse word agtereenvolgens die plek met die minste stemme geëlimineer totdat 'n tweetal oorbly. Die finale keuse sou met 'n meerderheid van stemme uit dié oorblywende twee plekke gedoen word.

Die keuse is per geslote stembriefies gedoen. Die stemtelling is deur sen. Malan en ds. Nicol behartig, met mnr. Moerdyk in adviserende hoedanigheid.

Só is daar met uiterste versigtigheid die laaste treë na 'n "regverdige"beslissing probeer stap.

Daar is waarskynlik met die grootste erns en in 'n atmosfeer van intense gespannenheid met die eerste stemming begin. Ladysmith, Bloemfontein en Potchefstroom het geen stemme op hulle getrek nie en het uitgeval.

Na die tweede stemming was die stemme tussen Pietermaritzburg (6), Winburg (8) en Pretoria (12) verdeel. So het die laaste Natalse aanspraak dus ook verval.<sup>349)</sup>

Te midde van stygende spanning het Winburg 12 en Pretoria 14 stemme in die finale stemming behaal.<sup>350)</sup>

Om 18h00 het adv. Jansen die konferensie afgesluit en gesê hy is seker nou dat die lede geweet het waar die monument opgerig sou word, hulle op dieselfde heelhartige wyse die saak sou steun. "Ons moet bymekaar staan en 'n monument bou wat ons sowel as die Voortrekkers tot eer sal strek. Hy dank die lede vir die moeilike werk wat hulle op 'n mooi manier ten einde gebring het."<sup>351)</sup>

Ten spyte van dié pleidooi was die beslissing vir Natallers "onregverdig" en 'n konfrontasie met die Sitas konferensiebesluit onvermydelik.

Drr. G.S. Nienaber en L.S. Steenkamp het as afgevaardigdes van die Natalse Provinsiale Komitee geen bepaalde opdragte vir die Sitas konferensie gehad nie.<sup>352)</sup>

Die aankondiging van die Natalse besware na afloop van die konferensie op Woensdag die sewende was slegs die voorspel tot 'n heftige Natalse protes wat sou volg.<sup>353)</sup>

Dr. G.S. Nienaber het op Woensdagaand by sy aankoms in Natal 'n persverklaring uitgereik. "It is not necessary to say that we are very disappointed that the Voortrekker Monument Commission has decided to erect the main Voortrekker Monument at Pretoria, ... When the movement started in Natal some of us felt that as the central committee had mostly Transvaal persons on it they would naturally decide on Pretoria if they were sitting in judgement. After much discussion and personal contact with Mr. E.G. Jansen we obtained the promise that he would be in

favour of a sub-committee on which the four provinces would be equally represented and that they would take the final decision.

"The main idea was to exclude provincialism as far as possible and to get an indication of the general feelings of the nation. This concession was granted and we decided to collaborate.

"Now it appears that there was a misunderstanding in so far as the central committee gave a totally different interpretation.

"Their idea was that the decision had to be taken by this sub-committee in conjunction with them but we would never have agreed to that on the principle that they would have the preponderance directly and that the consequence would not be a fair one. It is therefore understandable that when this idea of ours was not accepted by them on Monday, when the procedure was decided by them, we felt that an injustice had been done."<sup>354)</sup>

Die Natalse afgevaardigdes kon volgens dr. Nienaber nie verstaan wat Pretoria se aanspraak was nie en maak die stelling dat indien die provinsies gelyk verteenwoordig was, die keuse heel anders sou gewees het.

Vir dr. Nienaber sou dit jammer wees indien die volgende standpunt van die Natalse afgevaardigdes verkeerd geïnterpreteer word. "The Natal delegates received a commission to plead the cause of the monument to the Voortrekker sense and not in a sectional or provincial manner. The Natal delegates were prepared to give their full support to the movement erecting a monument for the Voortrekkers wherever that be and the reason for their

disappointment is not because the monument is not to be erected in Natal ... The reason ... is that they can see no direct connection between Pretoria and the Voortrekkers. They feel that the decision was not taken in the spirit for which it was pleaded."<sup>355)</sup>

Die negatiewe gees is ook weerspieël deur die aankondiging dat 'n koekverkoop, wat vir Saterdag 10 Oktober in Pietermaritzburg gereël was, afgestel is.

Mnr. H. Ellis van die Vryheidse Dorpsraad het gesê dat aangesien die keuse nog deur die regering oorweeg moes word, dit moontlik is dat 'n protes teen die keuse van Pretoria nog mag slaag. Hy onderneem om sy Raad tydens hul Oktobervergadering oor te haal om hul ontevredenheid met Pretoria uit te spreek.<sup>356)</sup>

Op Vrydag, 9 Oktober, het prof. J.J. le Roux en dr. L. Steenkamp die Natalse verset oorgeneem.

Prof. Le Roux, medestigter van 'n Natalse fondsinsamelingskomitee en op daardie stadium vise-voorsitter van die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee, het na die Sibuskonferensie sy bedanking ingedien. Sy rede was dat die vier provinsies nie gelyke verteenwoordiging op die Sibuskonferensie gehad het nie, hoewel dit 'n definitiewe belofte van die S.V.K.-voorsitter was, "on the strength of which organisation was developed and funds collected".<sup>357)</sup>

Dr. L. Steenkamp van Ladysmith het in geen onseker taal nie die gebreke belofte van die S.V.K. veroordeel: "This ... was

a distinct breach of the agreement since that arrangement gave the Transvalers a preponderating vote. The Natal members felt this a distinct injustice.

"Attempts were made, ... to rush the voting. The monument was being erected in 1938 to mark the centenary of the Great Trek. Pretoria was not founded till 1858. How could one mark a centenary of what did not exist 100 years ago? Overseas visitors would come to look at this monument and on reading the facts imprinted on it would ask, 'Where is Dansekraal?' The answer would have to be 'Three hundred and fourteen miles away'. 'Where is Blood River?' would be another question. The answer again would have to be, 'Five hundred miles away'.

"Would that not be too absurd? ... The strongest part of it is that the people of Pretoria and the Transvaal generally are disappointed and disgruntled, as they agree that Pretoria has no claim ...

"A small section of the committee who have a Government complex have forced the issue. An illustration of this is seen when it was learned from a local gentleman that a very prominent Pretorian whose house is next door to the architect of the monument, when told it had been agreed, subject to Government confirmation, to built it on the koppie behind their houses, expressed the greatest surprise."<sup>358)</sup>

Die groei van 'n nasionale eenheid onder die Suid-Afrikaners sou volgens dr. Steenkamp baie deur die besluit benadeel word. Baie beskou die keuse as 'n uitspraak teen die Afrikaans- en

Engelssprekendes van Natal, waardeur 'n gulde geleentheid om eenheid en onderlinge verstandhouding te bevorder verlore gegaan het. Dr. Steenkamp het voorsien dat die fondsinsameling na die situsbesluit 'n moeisame taak in Natal sou wees.<sup>359)</sup>

Dié Natalse verset het adv. Jansen en die S.V.K. as teiken gehad en dit kon sy jarelange Natalse arbeid asook sy en die S.V.K., se hoë ideale vir die Voortrekkermonument, skaad.

Op Vrydagmiddag, 9 Oktober, tydens die behandeling van prof. Le Roux se protesbedanking in die Dagbestuur van die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee, wou ander lede dieselfde pad volg. Hulle is oortuig om as lede aan te bly nadat 'n kompromisbesluit oor die protesaksie geneem is. Die Dagbestuur het besluit om vir 17 Oktober 'n spesiale vergadering van die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee te belê, waarop adv. Jansen ook teenwoordig moes wees. Hulle het ook besluit om 'n brief aan die Minister van Binnelandse Sake te rig en teen die situsbepaling te protesteer. Die minister moes ook versoek word om geen besluit oor die situskonferensie te neem alvorens die standpunt van die provinsiale komitee na 17 Oktober bekend gemaak is nie.<sup>360)</sup>

Mnr. C.M. Booysen het adv. Jansen na afloop van die vergadering gekapittel, omdat hy die protesaksie van sy mede-Natallers verwag het. Die poppe het volgens mnr. Booysen nie gedans omdat die monument in Pretoria sal pryk nie, maar omdat adv. Jansen 'n belofte, dat die provinsies gelykop op die situskonferensie verteenwoordig sou word, nie nagekom het nie. Ook die

konstituering van die situskonferensie het gehinder. Hy kla dat die heftige veldtog in die pers teen die wyse waarop die beslissing geneem is, hom ook van ontrouheid verdag gemaak het.<sup>361)</sup>

Adv. Jansen het sy stilswee verbreek deur sy verbasing en bittere teleurstelling oor die optrede van drr. Steenkamp en Nienaber uit te spreek. "Dis duidelik dat by hulle is dit nie 'n kwessie van die eer van die Voortrekkers nie soseer as dat hulle hul eie sin sal kry en reklame. Wat 'n skouspel! Ek is te vies om daar iets verder oor te sê. Wat ek glad nie mooi vind van ons twee vriende is dat deur hul optrede hulle my laat dink het dat hulle tevrede was met die besluit van die S.V.K. en ek het daar nog besonder bly oor gewees. Waarom het hulle nie protes ingedien nie toe die konferensie begin het?"<sup>362)</sup>

Adv. Jansen was aanvanklik van plan om niks oor die situs van die monument te sê nie, maar het by ontvangs van mnr. Booyen se brief tog besluit om 'n verklaring te publiseer, wat ook mnr. Booyen se posisie in die reine sou bring. Adv. Jansen was ook bereid om die Natalse Komitee te ontmoet en "verantwoording" te doen.<sup>363)</sup>

Adv. Jansen het ook sy diepe teleurstelling teenoor mnr. Scheepers uitgespreek omdat drr. Steenkamp en Nienaber die Natallers opgesteek het. Hy kon nie verstaan dat die Natallers so tekere gegaan het oor die saak nie.<sup>364)</sup>

Het adv Jansen sy hand oorspeel, of was die eertydse beloftes net om Natal rustig te hou?

Sy standpunt het hy volledig in 'n persverklaring uiteengesit. "Daar was 'n belofte van my dat die kwessie waar die monument opgerig sou word, uitgemaak sou word op 'n konferensie waarop die Provinsiale Komitees gelykelyk verteenwoordig sou wees. Uit die offisiële mededeling van die sekretaris blyk dit dat die S.V.K. nie uitgesluit was nie. Daar is herhaalde male in die openbaar gepraat van 'n konferensie van die S.V.K. met gelyktallige verteenwoordigers van die Provinsiale Komitees en in die korrespondensie met die regering is dit ook so gestel en deur die Minister goedgekeur ...

"Toe die saak ter sprake gekom het op 5 Oktober het mnr. Booyen van Natal wat lid is van die S.V.K. sterk gepleit daarvoor dat die belofte uitgevoer moes word in die sin dat die konferensie nie met die S.V.K. moes plaasvind nie, maar beperk moes wees tot die afgevaardigdes van die Provinsiale Komitees. Daar is toe van verskillende kante op gewys dat die S.V.K. hom nie kon ontdoen van sy verantwoordelikheid nie en ook dat, wat ook al die belofte was, die posisie verander het deur die toevoeging van die regeringsverteenwoordigers by die S.V.K. "Dit is gevoel geword dat die S.V.K. geen reg het om sy pligte oor te dra aan 'n heeltemal ander liggaam en daarom is besluit om die konferensie te laat plaasvind tussen lede van die S.V.K. en die verteenwoordigers van die Provinsiale Komitees. Mnr. Booyen het sy stem hierteen laat aanteken.

"Toe die Konferensie plaasgevind het op 6 Oktober, is daar van geen kant protes ingedien oor die prosedure wat gevolg was nie, maar is net na gerefereer in 'n toespraak, en as Voorsitter het ek alle rede gehad om te glo dat die afgevaardigdes van die Provinsiale Komitees hulle neergelê het by die besluit wat die S.V.K. die vorige dag geneem het."<sup>365)</sup>

Adv. Jansen het die veronderstelling dat 'n S.V.K.-lid die provinsie waarin hy woon op die komitee moes verteenwoordig, veroordeel. Hy het verklaar dat S.V.K.-lede as Afrikaners gekies is om die monument-ideaal te laat realiseer. Hulle is nie as provinsiale verteenwoordigers verkies nie. Hy het genoem dat van die 26 persone wat oor die situs gestem het, net 10 in Transvaal gewoon het.

Hy het sy spyt uitgespreek dat daar in die verband ooit na die term provinsiale verteenwoordigers verwys is. Hy het weer eens sy eie posisie op die S.V.K. as voorbeeld gebruik om sy standpunt te illustreer. "Ek persoonlik woon op die oomblik op Pretoria maar ek is nog Nataller en was altyd ten gunste daarvan dat die monument op Pietermaritzburg opgerig moes word. As Voorsitter het ek nie gestem nie, maar as ek moes stem sou dit vir Pietermaritzburg gewees het. Vir my ook is dit 'n teleurstelling dat my keuse uitgeval het, maar ek lê my daarby neer, want soos ek altyd gesê het, dit is my nie te doen oor een of ander plek nie maar oor die eer van die Voortrekkers.

"Ek is gebore in Natal, het my hele lewe buiten die laaste jare, in Natal gewoon en gewerk, en ek staan vir niemand terug wat betref my liefde vir Natal of my eerbied vir wat die Voortrekkers daar presteer het nie. Waar die besluit nou geval het dink ek dat ons ons daarby moet neerlê en laat ons tog die koerantskrywery laat staan."<sup>366)</sup>

In die vyandige Natalse atmosfeer waarin adv. Jansen en die S.V.K. hulle bevind het, was daar darem een Vrystater, mnr. J. van der Wath, die voorsitter van Thaba'Nchu se Monumentekomitee, wat 'n woord van dank tot die komitee gerig

het. "As ek dink oor julle stryd vir die behoud van Taal en Kultuur dan word my moed weer dubbel versterk. Ek lees in die 'Friend' dat hulle (Natal) baie ontevrede is, dat 'n funksie vir die insameling van fondse gekanselleer is, en dat prof. Le Roux en dr. G. Nienaber bedank het as lede van die plaaslike komitees. My twyfelagtigheid in Natal se opregtheid is dus ook geregverdig. Baie jammer; maar die monument sal by Pretoria gebou word en ek wil die S.V.K. verseker dat ons ons sal beywer soos in die verlede en die saak 'n volksaak hou."<sup>367)</sup>

Die protesveldtog van die Natallers was seker nie sonder regverdiging nie. Die feit dat die provinsiale komitee ongelukkig was oor die samestelling van die situskonferensie, wat nie volgens belofte verloop het nie, was seker ook geregverdig. Hierteenoor was die S.V.K. se houding om medeseggenskap oor die situsbesluit te behou, seker net so geregverdig. Die S.V.K.-lede het baie sterk gevoel oor die verantwoordelikheid wat in 1931 aan hulle opgedra is. Hulle wou nie eers in 1935 die regering 'n volle vennoot in hul onderneming gemaak het nie. Dit is te verstane dat die S.V.K. nie die reg en verantwoordelikheid wat deur die volk in 1931 aan hulle opgedra is, in een van die deurslaggewendste besluite wat hulle moes neem, aan 'n groep provinsiale verteenwoordigers sou oorlaat nie.<sup>368)</sup>

Mnr. Scheepers het in opdrag van die situskonferensie die dagblaaie versoek om nie korrespondensie oor die situsbesluit toe te laat nie. Dié konferensie het gevoel dat die polemieek geen nut sal hê nie en so 'n goeie saak skade kon berokken.<sup>369)</sup>

Mnr. Booyen het op sy beurt Natal gemaan om kalm te bly en die situskwessie onpartydig te bejeën. Hy was nie van plan om

as voorsitter van die provinsiale komitee te bedank nie en verklaar dat 'n persverklaring waarskynlik na die vergadering van 17 Oktober uitgereik sou word.<sup>370)</sup>

In 'n brief aan adv. Jansen het mnr. L.M. Booyesen die sluier so effens oor die Natalse drama gelig. Die rede waarom drr. Steenkamp en Nienaber nie teen die konstituering van die situskonferensie geprotesteer het nie, was omdat mnr. Booyesen hulle versoek het om hulle aan die S.V.K.reëlings te onderwerp.

Mnr. Booyesen was diep ongelukkig en verontwaardig oor die optrede van sy mede-Natallers, omdat hulle hom nie vooraf oor hul voornemens geraadpleeg het nie. Mnr. Booyesen sou waarskynlik hul openbare uitbarsting afgeraai het.

In die krisisuur het hy gesê dat hy bitter jammer oor die hele gedoente is en hom werklik vir die houding van drr. Steenkamp en Nienaber geskaam het. "Hulle het Natal nou so opgesweep dat verdere pogings hier om geld in te samel maar min sukses sal hê. Ek hoop ek sal die klomp Saterdag darem in toom kan hou en dat die hele komitee nie uitmekaar sal spat nie."<sup>371)</sup>

Saterdag, 17 Oktober was adv. Jansen in Pietermaritzburg op die buitengewone vergadering van die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee, teenwoordig. Dit het hoofsaaklik oor die belofte wat adv. Jansen gemaak het en nie nagekom het nie, en die situsbesluit gewentel.<sup>372)</sup>

Mnr. Booyen het as voorsitter in sy openingswoord gesê dat die groot ontevredenheid by sommige lede oor die metode wat op die situskonferensie gevolg is, tot die bedanking van prof. J. le Roux en dr. L. Steenkamp gelei het. Die vergadering moes dié sake uitpluis en ook die Dagbestuur se besluite van 9 Oktober goedgekeur het.

Adv. Jansen het die probleme wat oor die interpretasie van die verteenwoordiging van die provinsiale komitees op die situskonferensie ontstaan het geskets. Hy het sy spyt uitgespreek dat hy nie in Desember 1935 na die ooreenkoms met die regering vir prof. Le Roux oor die veranderde omstandighede ingelig het nie. Na die ooreenkoms is besluit om die situskonferensie uit die S.V.K.-lede én verteenwoordigers van die provinsiale komitees saam te stel. Volgens adv. Jansen het die misverstand as gevolg van die besluit ontstaan. Hy het egter verklaar dat hy gekrenk was oor die houding wat die Natalse afgevaardigdes na die situskonferensie ingeneem het. Hy het 'n beroep op die Natallers gedoen om nie die monumentideaal skade te berokken nie.

In 'n noukeurige uiteensetting met skriftelike bewyse het prof. Le Roux die houding van die Natallers en die geskiedenis van al die onderhandelings verduidelik. Dr. Steenkamp het insgelyks sy besware uiteengesit.

Na 'n lang bespreking is die Dagbestuur se besluite goedgekeur. Die vergadering het besluit dat aangesien daar ernstige misverstand tussen die S.V.K. en die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee bestaan, en eenheid en samewerking in hierdie volksaak absoluut nodig is, die regering "eerbiedig dog dringend" versoek word om die situsbesluit, in die lig van

die beloftes wat aan die komitee gemaak is, na die S.V.K. vir heroorweging terug te verwys. Daar is ook besluit dat prof. J. le Roux, dr. Steenkamp en mnr. P. Eagle, 'n memorandum moes opstel om die besluit toe te lig en met dokumentêre bewyse te staaf.

Nadat die vergadering daarop aangedring het dat die drie beswaarmakers hul bedanking terugtrek, het dr. Steenkamp daaraan gehoor gegee. Prof. Le Roux en dr. Nienaber sou hul bedanking nie laat geld terwyl die saak hangende is nie.<sup>373)</sup>

Adv. Jansen het die Engelssprekendes wat die vergadering van 17 Oktober bygewoon het, geloof vir die "pragtige gees" wat hulle geopenbaar het. Die twee Durbanse komitees wat teenwoordig was, het verklaar dat hulle hulle nie met die beswaarmaking teen die situs van die monument vereenselwig nie.<sup>374)</sup>

Adv. Jansen het ook minister Hofmeyr breedvoerig oor die situskonferensie se besluite ingelig. Hy het gevra dat die regering so spoedig moontlik op die situskonferensie se aanbeveling moes reageer. Hy het die Natalse komitee se beswaar uiteengesit en gesê dat hy van geen ander provinsiale komitee geweet het wat in daardie stadium teen die situsbesluit geprotesteer het nie. Die minister is van die nodige dokumente voorsien sodat hy sy eie standpunt oor die saak kon vorm.<sup>375)</sup>

Adv. Jansen was van mening dat tot tyd en wyl die regering 'n besluit oor die situs van die monument geneem het, die ontevredenheid oor die saak sou voortduur.<sup>376)</sup>

Die Natalse beswaarskrif oor die situsbesluit het uitsluitel oor die situskwessie met sowat 14 dae vertraag. Dr. Nienaber het die Natalse beswaarskrif en memorandum op 31 Oktober aan die Minister voorgelê.<sup>377)</sup> Minister Hofmeyr het die Natalse stukke aan adv. Jansen gestuur met die versoek dat hy graag adv. Jansen se sienswyse daarvoor wou verneem.<sup>378)</sup>

Adv. Jansen het dié keer alle nodige dokumente oor die saak bekom, waarvoor hy veral mnr. Scheepers ingespan het.<sup>379)</sup> Sy antwoord aan Hofmeyr getuig van grootmoedigheid. "Dit spyt my dat daar 'n misverstand ontstaan het wat miskien aan my te wyte is. Dit is egter moeilik om te sê waar dit begin het."<sup>380)</sup>

Hy het nie die Natalse memorandum veroordeel nie, maar gemeld dat sy persverklarings van 13 Desember 1935,<sup>381)</sup> 25 Januarie 1936<sup>382)</sup> en 13 Oktober 1936,<sup>383)</sup> asook die feit dat die Natalse afgevaardigdes aan die situskonferensie deelgeneem het en die indruk gewek het dat hulle met die prosedure tevrede was, ook in aanmerking geneem moet word.<sup>384)</sup> Hy het bedenkinge oor 'n tweede situskonferensie gehad omdat dit verdere onvoorrsiene probleme kon veroorsaak. Om homself te vrywaar, het adv. Jansen sy antwoord aan minister Hofmeyr voor die S.V.K.-Dagbestuur voorgelê, wat dit goedgekeur het.<sup>385)</sup>

Die minister het adv. Jansen vyf dae later nie-amptelik verwittig dat die kabinet op die situskwessie ingegaan het en die situskonferensie se besluit bekragtig het. Die Sekretaris van Binnelandse Sake sou adv. Jansen formeel in kennis stel, maar dit was vir adv. Jansen van minder belang.<sup>386)</sup>

Op die hoë noot is adv. Jansen en minister Jan Hendrik Hofmeyr se samewerking ook beëindig, aangesien mnr. Richard Stuttaford vanaf 9 Desember 1936 die nuwe Minister van Binnelandse Sake sou word.<sup>387)</sup>

Terwyl sommige Natallers oor die situskwessie gebelgd was, het 1937 'n voorspel tot groter dinge vir die monumentideaal ingelui. Gedurende 1937 het 'n gees van eendragtigheid en opregte besieling met die monumentideaal in die land posgevat.

Die ontwikkeling is deur die positiewe houding van genl. Hertzog se regering oor die monumentideaal, versnel. Die S.V.K. het in Januarie 1937 'n memorandum oor die Voortrekkermonument vir die regering opgestel.<sup>388)</sup> Genl. Hertzog en lede van sy kabinet (Smuts, Havenga en Stuttaford) het in 'n onderhoud met adv. Jansen en sen. F.S. Malan die memorandum goedgekeur en die S.V.K. opdrag gegee om met hul beoogde werksaamhede voort te gaan.<sup>384)</sup>

Die publiek kon tot November 1936 kritiek en wenke oor die Voortrekkermonument aan die S.V.K. gerig het. Die saak het groot belangstelling uitgelok. Gedurende Februarie 1937 is ook dié saak afgesluit met 'n persverklaring wat adv. Jansen oor die vorm, simboliek en betekenis van die monument uitgereik het.<sup>390)</sup>

Hiermee is alle onsekerheid oor die plek, vorm, simboliek en betekenis van die Voortrekkermonument opgeklar en kon die S.V.K. se planne met betrekking tot die hoeksteenlegging begin vlot.<sup>391)</sup>

Die Voortrekkermonumentbeweging in Natal het na die situspolemie in April 1937 weer herontwaak. Die dagbestuur van die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee het 'n memorandum opgestel met die hoop dat dit die gemoedere in Natal sou laat afkoel.<sup>392)</sup> Ten einde die fondsinsameling in Natal weer op dreef te kry is genl. Hertzog versoek om die poging per brief te ondersteun. Genl. Hertzog het die vertrouete uitgespreek dat die fondsinsameling met sukses bekroon sou word. Hy het ook die hoop uitgespreek dat die Voortrekkermonument as nasionale gedenkteken rasse-eenheid sou bewerkstellig.<sup>393)</sup>

Ten tye van die S.V.K.-vergadering van 26 Junie 1937 het mnre. J. Coetzer en C.M. Booyen 'n ernstige pleidooi vir die bou van kleiner monumente in die ander provinsies gelewer. Senator Spies het ook namens die Bloedriviermonumentkommissie die S.V.K. versoek om £1 000 aan hulle te skenk om 'n gepaste monument vir die Voortrekkereeufoesviering op Bloedrivier op te rig. Die vergadering het besluit dat adv. Jansen die regering moes nader om op 'n pond-vir-pondbasis 'n bydrae vir die Bloedriviermonument te maak, aangesien die terrein 'n unieke plek in die Voortrekkergeskiedenis beklee. Senator Spies was gewillig om die plan van hul beoogde gedenkteken aan die S.V.K. voor te lê.<sup>394)</sup>

Minister N.C. Havenga was nie geneë om op 'n pond-vir-pondbasis 'n bydrae vir die Bloedriviermonument te maak nie. Dit sou volgens hom 'n presedent skep vir alle ander aanspraakmakers wat kleiner monumente wou oprig. Minister Havenga was van mening dat die regering op die Voortrekkermonument moes konsentreer. Hy het voorgestel dat die S.V.K. uit hulle fonds 'n £1 000 vir die Bloedriviermonument moes bydra. Adv. Jansen het sen. Spies dienooreenkomstig ingelig en verklaar dat hy die saak by die S.V.K. sou aanbeveel.<sup>395)</sup>

Tydens die Dagbestuursvergadering van 13 Augustus 1937 het adv. Jansen oor die saak verslag gelewer en aanbeveel dat £1000 uit die S.V.K.fonds aan die Bloedriviermonument bewillig word.<sup>396)</sup> Die S.V.K. het op 12 Februarie 1938, na 'n lang bespreking dié aanbeveling van die Dagbestuur goedgekeur.<sup>397)</sup>

Die gramskap wat in Natal oor die situsbesluit ontstaan het, het uiteindelik die knie gebuig voor die begeerte om aan die landswye verering van die Voortrekkers deel te hê.

Mnr. Booyen het op 16 Augustus verneem of dit vir adv. Jansen moontlik sou wees "om 'n klein rondreis in Natal te maak i.v.m. die Voortrekkermonument sodat ons weer 'n bietjie lewe in die doodsbeendere kon inblaas".<sup>398)</sup>

Die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee se Dagbestuur het ook besluit om mnr. M.C. Botha te versoek om aan die begin van September op die Afrikaanse en Engelse radiostasies praatjies te hou om die seëlverkope aan te moedig. Daar is ook besluit om mnr. F.D. Hugo, die Natalse Superintendent van Onderwys, te versoek om soos sy eweknie in die Vrystaat, mnr. S.H. Pellissier, die skoolkinders aan te moedig om tot die penniefondsinsamelingsveldtog by te dra.

Mnr. Booyen was nie optimisties oor die skoolprojek nie, aangesien mnr. Hugo waarskynlik te bang sou wees dat die mense dit as politiek sou beskou.<sup>399)</sup>

Die bogenoemde Dagbestuur het met die oog op die besoek van adv. Jansen, plaaslike komitees versoek om te laat weet of hulle

adv. Jansen as spreker wou gebruik. Vyf plaaslike Natalse monumentekomitees het versoek dat adv. Jansen hulle moes besoek.

Die provinsiale komitee het met genoeg kennis geneem van adv. Jansen se bereidwilligheid om Natal te besoek en 'n vyfdaagse reisprogram vir hom opgestel.<sup>400)</sup>

**Die Natalse Afrikaner** wat in Oktober 1937 sy herverskyning gemaak het, het met onverbloemde Natalse patriotisme, adv. Jansen 'n koel ontvangs gegee. Volgens die blad het elke Nataller adv. Jansen se blitsbesoek oor die Voortrekkermonument met afwagting bejeën. Hulle het gehoop dat hy meer lig op Pretoria as situs vir die monument sou werp. Volgens die redakteur was dit noodsaaklik om weer vuur vir die monumentideaal aan te wakker, omdat daar in Natal nog steeds felle ontevredenheid in sommige kringe oor die situskwessie bestaan het.<sup>401)</sup>

Adv. Jansen het sy Natalse besoek met 'n openbare vergadering te Ladysmith ingelui. Die plaaslike monumentkomitee wou vroeër al ontbind het, maar het besluit om eers die saak met adv. Jansen te bespreek.<sup>402)</sup> Mnr. Carter, die voorsitter, het in sy verwelkomingswoord gesê hulle voel geëerd om 'n vooraanstaande politikus soos adv. Jansen in hulle midde te gehad het. Soos 'n wafferse politikus het hy vir sy ontevrede volksgenote gesê hy voel soos 'n vriend tussen vriende, wat impliseer dat wat onoorkomelik blyk te wees, opgelos kon word. Hy moes tydens die vergadering egter bontstaan met antwoorde oor die werking van die S.V.K., die vorm, ontwerp en situs van die monument en die samestelling van die situskonferensie wat tot die Natallers se protesveldtog gelei het. Hy het 'n beroep op die komitee gedoen

om nie te ontbind nie, maar voort te gaan met die waardevolle werk wat hulle in die verlede gedoen het.

Dr. L. Steenkamp het weer eens die situs van die monument bevraagteken en verskoning gevra indien hy mense oor die saak mislei het. Hy het sy relaas met dié woorde afgesluit: "Ek het klaar geveg. Pretoria het nie reg nie, maar die Voortrekkers het, en daarom wil ek pleit dat hierdie komitee nie sal ontbind nie, maar verder sal werk".<sup>403)</sup>

Die vergadering het uiteindelik met 'n meerderheid van twee stemme besluit om nie te ontbind nie, maar met hul werk in verband met die monumentideaal voort te gaan. Adv. Jansen se besoek aan Ladysmith was dus nie vrugteloos nie.

Adv. Jansen het op Dinsdag, 16 November, 'n vergadering in Estcourt se Vrymesselaarsaal toegesprek. Hy het sy reeds bekende standpunt oor die polemieke rondom die situsprotes herhaal. Hy het gevra dat Natallers hul ongelukkigheid oor die situskwessie moes laat vaar en hernude pogings aanwend om fondse vir die Voortrekkermonument in te samel. Adv. Jansen was oortuig dat Natallers grootmoedigheid aan die dag sou lê om hul ware geestelike kaliber te toon.<sup>404)</sup>

Die Donderdagaand het 'n skrale veertigtal Pietermaritzburgers adv. Jansen se vergadering in die stadsaal bygewoon. Vir die redakteur van **Die Natalse Afrikaner** was dit 'n bewys dat die monumentideaal aanmoediging nodig gehad het. Dit het vir laasgenoemde voorgekom asof die Voortrekkermonument as iets buite die grense van Natal beskou is.

Tydens die vergadering het adv. Jansen 'n defensiewe houding teenoor Pretoria as keuse vir die situs van die monument ingeneem. Hy het herhaaldelik die feit beklemtoon dat die monument geen plek of persone huldig nie, maar die Voortrekkers as 'n groep vereer en daarom 'n nasionale gedenkteken is.<sup>405)</sup>

Adv. Jansen het tydens die besoek ook ander vergaderings toegesprek. Hy het op Donderdagmiddag, 18 November, die Pietermaritzburgse Rotariërs tydens 'n noenmaal toegesprek. Hy het ook die mense van Greytown en Durban oor die monument ingelig. Onder die ongeveer sestig Durbaniete wat na adv. Jansen kom luister het, was die Engelssprekendes goed verteenwoordig. Hulle het die aand hul Afrikaanssprekende stadsgenote aangesprek om meer positief te wees. Hulle het die Afrikaanssprekendes gekritiseer omdat die groep slegs £50 vir 'n fondsinsamelingspoging bygedra het wat £650 opgelewer het.<sup>406)</sup>

Adv. Jansen het tydens die vergadering die geskiedenis van die monumentideaal vanaf 1912, toe hy daarby betrokke geraak het, geskets. As gebore Nataller en afstammeling van Voortrekkers (aan moederskant) wou hy ook graag die Voortrekkermonument in Natal gehad het. Hoewel Natalse aansprake nie die paal gehaal het nie was hy van mening dat die keuse van die situs vir die Voortrekkermonument 'n wyse besluit was.<sup>407)</sup>

Met hierdie uitspraak het hy dié debat afgesluit. Sy volgende amptelike besoek aan Natal, as S.V.K.-voorsitter, het gelukkig op 'n vriendelike voet plaasgevind. Dit het met die Nataltrek van die simboliese Ossewatrek saamgeval.

In die tussentyd het hy sy rol in die S.V.K. voortgesit om die Voortrekkereuefees op 'n breë nasionale vlak van stapel te stuur.<sup>408)</sup>

In 1938 het die eeufeesviering van die Groot Trek en die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument te Pretoria, die Afrikaner se kulturalmanak oorheers. 'n Subkomitee van die S.V.K., die Sentrale Eeufeeskomitee, was onder voorsitterskap van adv. Jansen vir die eeufeesreëlings verantwoordelik.<sup>409)</sup>

Ten einde die feesvierings te sentraliseer het die S.V.K. besluit om die publiek aan te moedig om die hoeksteenlegging te Pretoria by te woon en nie plaaslike reëlings te tref nie. Adv. Jansen het egter toegegee dat daar op Bloedrivier en ander plekke ook eeufeesvierings sou plaasvind. Om eenheid in die eeufeesvierings te behou het hy in vooruitsig gestel dat die hoofverrigtinge tydens die hoeksteenlegging op Pretoria na ander feesterreine soos Bloedrivier, uitgesaai sou word.<sup>410)</sup>

Die sentrale Eeufeeskomitee het ook voorstelle van die volksgenote gevra vir iets wat die verbeelding van die Afrikaners in die feestyd sou aangryp. Die simboliese Ossewatrek wat deur die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (A.T.K.V.) van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens geloods is, was 'n gedagte wat deur 'n oud-Nataller, mnr. H.J. Klopper, geïnisieer is.<sup>411)</sup>

Die beskeie gedagte van slegs een wa vanaf Hartenbos na Pretoria het uiteindelik so 'n groot belangstelling uitgelok dat daar twaalf waens op vyftien roetes getrek het.<sup>412)</sup> Na 'n reis van bykans

vier maande het agt waens in Pretoria en vier op Bloedrivier vir die eeufesvierings aangekom.<sup>413)</sup>

Adv. Jansen was as S.V.K.-voorsitter landswyd by die ontvangs van die ossewaens op hul noordwaartse tog betrokke.

Op die namiddag van 8 Augustus het die eerste waens vanaf die Van Riebeeckstandbeeld uit Kaapstad vertrek. Toe die waens die eerste aand op Goodwood uitgespan het, het adv. Jansen en dr. N.J. van der Merwe een van die grootste kultuursaamtrefke in die geskiedenis van Suid-Afrika toegesprek. Dr. Van der Merwe het die aand gesê dat hy God dank dat hy 'n Afrikaner is. Goodwood het 'n oplewing van suiwer Afrikanersentiment tot gevolg gehad.<sup>414)</sup> Die emosionele impuls van die ossewatrek vir die Afrikanerkultuur is treffend deur **Die Burger** beskryf. "Vier maande het die simboliese ossewatrek oor die verlate vlaktes oor Suid-Afrika voortbeweeg. En met hulle het daar 'n stygende vloedgolf en geesdrif en besieling en volksontwaking op ongehoorde, onkeerbare wyse (...) noordwaarts gerol. Die tog van die waens het meer as 'n triomftog geword. Die ossewa op trek - daarin het die Afrikaner die sinnebeeld gesien van sy volk se trek op die pad van Suid-Afrika".<sup>415)</sup>

Adv. Jansen het ook op die ontluikende kulturele bewussyn wat die Ossewatrek tot gevolg gehad het, gewys. Hy het gehoop dat die groot skares mense wat die waens oral verwelkom het, 'n teken van die belangstelling was wat die Ossewatrek op kultuurgebied opgewek het. Hy het gehoop dat die belangstelling duursaam sou wees.<sup>416)</sup>

Voordat die ontluikende kulturele bewussyn in die volk kon suurdeeg, moes daar eers op politieke vlak vrede gesluit word. Die standaard van die politieke gedrag met sy verdagmakery en onderlinge verdeeldheid het in 1938 sy laagste vlak sedert 1910 bereik.<sup>417)</sup>

Koalisie en samesmelting het politieke skeldwoorde soos "smelter" en "gesuiwerde" met twee onversoerbare kampe van Hertzogiete en Malaniete geskep, wat telkens gedreig het om die hele eeufees te verongeluk.<sup>418)</sup> Tussen die twee strydmagte moes die S.V.K. by monde van adv. Jansen as 'n kulturele buffer dien. Dit het selfs vir adv. Jansen te veel geword en hy het in Julie 1938 gepoog om as voorsitter van die Eeufeeskomitee te bedank.<sup>419)</sup> Adv. Jansen en ander yweraars kon die ideaal van Afrikanereenheid egter op die vooraand van die eeufeesvierings in 'n tydelike politieke wapenstilstand, tussen genl. Hertzog en dr. Malan, verwesenlik. Dit is volgens adv. Jansen in die gees van die eeufeesvierings voltrek.<sup>420)</sup>

Gedurende die eeufeesvierings het adv. Jansen by twee geleenthede in Natal gefigureer. Tydens die Retief-eeufees te Dingaanstat het hy die regering verteenwoordig.<sup>421)</sup> Adv. Jansen het ook in Pietermaritzburg tydens die ontvangs van die twee waens, Piet Retief en Vrou en Moeder, as hoofspreker opgetree.<sup>422)</sup>

Die landswye besieling en faestelike opgewondenheid wat die Ossewatrek opgewek het, het die Natallers teen die middel van Novembermaand soos 'n onstuitbare golf getref en hulle ook meegesleur. "De duideliker het die geklop van die wiele geword en verlede Dinsdagmiddag (8 November) het die Piet Retief en

Vrou en Moeder langs die hange van die Drakensberge in Natal afgesak. Die waens is hier. Ook ons verneem nou die boodskap. Want die waens bring 'n boodskap."<sup>423)</sup>

Die ossewaens het Pietermaritzburg langs die ou Voortrekkerroete binne getrek. Die sogenaamde Voortrekkerpad oor Ketelfontein of te wel "World's View" is vooraf deur mnr. J. Elliot en 'n span vrywilligers met pik en graaf begaanbaar gemaak.<sup>424)</sup>

Op die 18de het die waens om ongeveer 09h30 op die plaas Corndonagh van mej. Ethel Campbell uitgespan. 'n Skare mense het die waens ingewag, en om 'n monumentjie ter ere van die Voortrekkersvrou wat deur mej. Campbell en mev. J. Nel opgerig is, vergader. Die monumentjie staan langs die Voortrekkerpad en om die monumentjie het adv. Jansen, mnr. Kachelhöffer - die leier van die trek, ds. J.S. Erlank en dr. J.G.M. Richter en andere agt bome geplant.<sup>425)</sup>

Die stad se Burgemeester en Raadslede het die waens om 13h00 te World's View ontvang. 'n Skare van ongeveer 18 000 mense het later om die Geloftekerkie saamgedrom om die ontvangs van die waens mee te maak.

Adv. Jansen het 'n Bybel wat aan die Voortrekker Daniël P. Bezuidenhout behoort het, namens die Voortrekkermuseumkomitee in ontvangs geneem. Hy het ook die geskiedenis van die Geloftekerkie geskets.<sup>426)</sup> Adv. Jansen is ook gevra om iets oor die sogenaamde Pandaklippe te sê. Hy het egter die Reëlingskomitee vooraf afgeraai om nie die Pandaklippe in die

program op te neem nie. Sy standpunt het hy uit sy omvangryke geskiedkundige kennis oor Natal gemotiveer. "In die omtrek van waar die klippe vandaan kom word die hele ding beskou as 'n groot grap. Mnr. M. Ferreira van Swartfolosi, wat 'n geloofwaardige man is, het my vertel dat hy by was toe 'n sekere mnr. Kemp die klippe daar geplaas het toe hy besig was om 'n pad daar te maak. Dit was in die tagtigerjare. Hy het my ook die plek gewys waar die klippe was."<sup>427)</sup> Die komitee het ten spyte van die opmerking tog 'n gedenkplaat by die klippe langs die Geloftekerkie onthul. Adv. Jansen het die volgende aand in 'n toespraak die mense gewaarsku dat die egtheid van dié klippe bevraagteken word.<sup>428)</sup>

Die Pietermaritzburgse eeufeesprogram is op 19 November deur 'n feesprogram in die stadsaal afgesluit. Naas die verskeidenheidskonsert wat aangebied is het adv. Jansen as hoofspreker opgetree. Sy toespraak oor "Volkswording" is ook oor die radio uitgesaai.

Sy vergesig oor die nimmereindigende proses van volkswording het hy met die gedagte afgesluit: "Toe ek gister daar bo by Wolrd's View gestaan en kyk het op die sneebedekte Drakensberge in die verskiet met die groen velde van Natal daaronder, het daar 'n begeerte by my opgekom dat die tyd binnekort moet aanbreek wanneer Suid-Afrikaners, Engels- en Afrikaanssprekend, op geestelike hoogtes sal staan, die kleinlikhede en onverdraagsaamheid wat ons verdeel, sal staak en net die skoonheid en edele gevoelens raaksien wat elkeen motiveer."<sup>429)</sup>

Mnr. S.J. Naudé het as radioluisteraar uit Ficksburgse wêreld adv. Jansen vir dié boodskap geloof. Die "gees en stemming wat geheers het en waarmee u ontvang is, ek glo dat dit elke hoorder met bewondering vervul het. Wat 'n voorbeeld vir die wêreld, wat 'n dank is die volk u nie verskuldig nie, ... Gaan voort my heer, op ingeslane weg, u beloning volg wat u nie sal ontvang van mense nie, maar van Hom, die einigelik beloon na sy werk".<sup>430)</sup>

Adv. Jansen het in die geestelike herlewing van die Afrikaners 'n groot rol gespeel. Die eeufeesjaar het die Afrikaner se soeke na identiteit help bevredig. Eksklusiewe Afrikanersentimente is deur sommige Afrikaners gedurende 1938 vertroetel soos 'n "verlossingsmare wat na 'n eeu van onreg verneem is".<sup>431)</sup> Adv. Jansen het die tipe hartstogte in Afrikanergeledere met 'n besondere kultuurfilosofie probeer verklaar. Hiernaas wou adv. Jansen die kultuureenheid van Afrikaanssprekendes uitgebou het om ook die Engelssprekendes in 'n breër Suid-Afrikaanse nasieskap te betrek.

'n Uittreksel uit die vele eeufestoesprake en uitsprake wat E.G. Jansen gemaak het, bied 'n beeld van sy kultuurbeskouing en die wyse waarop hy sy Afrikanerskap en volkskap beleef het.

Die beste voorbeeld van adv. Jansen se kultuurbeskouing kom voor in 'n toespraak wat hy op 10 Oktober 1933 tydens 'n Helderdagviering op Kroonstad gelewer het. Dit het sy lewenshouding weerspieël wat, gemeet aan die kultuurhoogty in Afrikanergeledere gedurende 1938, tot volle wasdom gekom het.

"As iemand my sou vra wat ek in gedagte het wanneer ek praat van die opbou van ons Afrikaanse kultuur dan sou ek sê dat dit beteken die ontwikkeling, verheffing en verryking van die eie Afrikaanse geestesgoedere ... Die Afrikaanse gees wat in 'n mens is word ontwikkel, verryk en verruim deur die studie van goeie letterkunde, die kunste, die natuur ens. En uit dit alles moet gehaal word die dinge wat die eie Afrikaanse karakter ontwikkel en sterk maak. Dit kom my voor dat die man wat ware kultuur besit moet doen wat Paulus aan die Filipense geskryf het nl. 'Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, dit moet julle bedink! Want as iemand die dinge gedurig bedink dan moet hulle deel van sy innerlike lewe word. En wanneer ons in ons verlede dit alles soek en dit kry en elkeen van ons maak dit sy eie dan voldoen ons ook aan die laaste opdrag van pres. Kruger aan sy volk, en dan kan ons die toekoms sterk en duursaam bou".<sup>432)</sup>

Hierdie lewenshouding van adv. Jansen en sy onbaatsugtige rol op kultuurgebied het hom die doyen van ons kultuurstryders gemaak. "Adv. Jansen staan vir ons as voorbeeld van ideale Afrikanerskap, 'n man met die gesindheid van hart en gees wat te begeer val, 'n produk van die suiwerste strewe van die Afrikanervolk, as patriot staan hy in skerp teenstelling tot alles wat skyn is, en as mens is hy 'n toonbeeld van beskaafdheid en kultuur", het **Die Vaderland** patrioties verklaar.<sup>433)</sup>

Adv. Jansen se standpunt oor Afrikanervolkskap en -volkseenheid en die gepaardgaande breër Suid-Afrikaanse nasieskap het op basis van die bogenoemde kultuurbeskouing ontwikkel.

Die Suid-Afrikaanse nasie het volgens hom uit die blanke volksgroepe bestaan wat Suid-Afrika hul tuiste gemaak het en wat hul onverdeelde trou aan die land gegee het. Elke volksgroep moes volgens hom die reg gehad het om sy volkskap tot op die hoogste vlak, in 'n Suid-Afrikaanse gees, te ontwikkel. Dit was vir hom noodsaaklik dat elke Afrikaner sy volkskap ten volle moes uitleef en op sy regte moes staan, sodat hulle nie in 'n breër Suid-Afrikaanse nasieskap verswelg word nie.<sup>434)</sup>

Volgens adv. Jansen was die Afrikanervolk nog in sy kinderskoene en was die eeufeesjaar net nog 'n fase in hul wordingsgeskiedenis, om hul volkskap ten volle uit te leef. "Die waens het deur die land gegaan met die boodskap van vrede van broederskap en eenheid, en ek is oortuig daarvan dat hulle baie daartoe bygedra het dat Afrikaners mekaar weer gevind het. En hier in Natal het hulle ook gepraat tot ons Engelssprekende medeburgers wat getoon het dat hulle ook kan deel in die hulde wat aan die Voortrekkers gebring word. Mag die spore van die ossewaens diep op ons volkslewe ingedruk word en ons altyd die les van verdraagsaamheid en liefde leer."<sup>435)</sup>

Dit was vir hom belangrik dat die Afrikaners moes beseft dat hul strewe na erkenning en ontwikkeling van hul taal en kultuur geregtig is. Hulle moes alles in hul vermoë doen om hul kultuurgoedere te handhaaf en te beskerm.

Volgens adv. Jansen moes daar as gevolg van die heterogene samestelling van die blanke volksgroepe 'n gelykberegtigde ontwikkeling wees. Aan die een kant moes Afrikaners aanvaar dat Engelssprekendes medeseggenskap in die landsake gehad het. "Aan die ander kant wil ek aan ons Engelssprekende

medeburgers sê dat hulle nooit daarin sal slaag om Britte van ons te maak nie, en dit sal oneindig veel bydra tot die vrede en geluk in ons land as hulle meer sou wil meehelp om die Afrikaanssprekendes te laat voel dat hul strewe na die bevordering van wat hul eie is, die simpatie en ondersteuning het ook van Engelssprekendes."<sup>436)</sup>

Hierteenoor het hy Afrikaners in die eeufeesjaar aangespreek om hulle nie aan kulturele narcisme skuldig te maak nie. "Ons Afrikaanssprekendes moenie die fout begaan om te dink dat ons alleen geregtig is om hulde aan die Voortrekkers te bring nie. Hulle behoort aan Suid-Afrika. Ons Engelssprekende mede-burgers toon vanjaar meer en meer belangstelling en die hoop dat die dag nog sal kom wanneer hulle almal die plek van die Voortrekkers sal erken en huldig ... en dat hulle saam met ons sal streef om ook die Voortrekkergelofte na te kom."<sup>437)</sup>

Hierdie tendens het vir adv. Jansen op die gekniehalterde volksdrang van die Afrikaners gedui. Adv. Jansen het tydens die ontvangs van 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van die Witwatersrand oor dié onderwerp gepraat. Hy het hierdie gekniehalterde volksdrang van die Afrikaners uiteengesit.

Volgens adv. Jansen het daar in die onderbewuste van die Afrikaner die strewe bestaan om nie sy identiteit te verloor nie. Baie Afrikaanse instellings soos die onderwys, die politieke stelsel en selfs sommige kulturele bedrywighede is op Britse lees geskoei. "Die Afrikaner hunker na 'n geleentheid om uiting te gee aan sy nasiegevoel maar oor die algemeen geneem, ontbreek die middele daartoe ... omdat daar geen nasionale instellings is wat hy sy eie kan noem nie. Daar bestaan inderdaad geen uitingsvorm vir daardie drang na nasionale selfuitdrukking nie."<sup>438)</sup>

Die min geleenthede wat die Afrikaner in daardie stadium gehad het om uiting aan sy nasionalisme te gee, was vir hom moontlik die rede waarom die eeufeesvierings en die ossewatrek die groep só aangegryp het. Dit was vir adv. Jansen ook die rede waarom baie Afrikaners die eeufees uitsluitlik as 'n Afrikanerfees beskou het. Hy het 'n beroep op die Engelssprekendes gedoen om dié strewe van die Afrikaners met simpatie te bejeën, selfs waar sommige persone dwaas en onverantwoordelik opgetree het. Hy het ook 'n beroep op Afrikaners gedoen om alle onverdraagsaamheid te vermy.<sup>439)</sup>

Op die vooraand van 16 Desember 1938 het adv. Jansen weer sy volksgenote tot versoening en verdraagsaamheid aangespoor. Die boodskap van die ossewaens het volgens hom tot elke individu gespreek en niemand kon dié verantwoordelikheid ontduik nie.<sup>440)</sup>

Tydens die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument het hy ook die geleentheid gebruik om sy versoeningsboodskap uit te dra. "Daar word dikwels van eenheid gepraat en dit word gesê dat ons een Suid-Afrikaanse nasie moet opbou ... As die 'eenheid' moet beteken dat die een volksdeel die ander moet absorbeer, dan kom die vraag dadelik op watter deel moet geabsorbeer word? Watter taal moet verdwyn? Wat ons Afrikaners betref wat vroeër bekend was as Boere, kan ek met die grootste vrymoedigheid sê dat ons weier om geabsorbeer te word. Ek twyfel daar nie aan nie dat Engelssprekende Afrikaners van hulle kant presies dieselfde houding sal inneem ... Dit mag wees dat in die loop van geslagte die twee volksdele deur assimilاسie een sal word, maar vir die huidige sien ek nie hoe dit kan gebeur nie ...

"Dit is my diepe oortuiging dat vir die huidige ons moet trag om mekaar te verstaan, mekaar te respekteer, en mekaar beter te leer ken. Wanneer ons in alle opregtheid en sonder agterdog en wantroue 'n regte gesindheid teenoor mekaar opbou, dan is daar kans om samewerking te verkry in die aanpak van al die groot probleme van die land. Dit is die eenheid waarna ons moet strewe.

"Ek glo dus in 'n eenheid nieteenstaande verskeidenheid ... Dit is 'n eenheid wat gegrond moet wees nie op 'n kunsmatige basis nie, maar wel op 'n gemeenskaplike liefde vir ons gemeenskaplike vaderland ... Ek vertrou dat hierdie Monument 'n gedurige inspirasie tot so 'n eenheid sal wees.

"Elkeen wat Suid-Afrika lief het en as sy vaderland erken, kan beskou word as deelgenoot in hierdie Monument en alles wat daardeur gesimboliseer word. Dit is nie 'n kwessie van Afrikaanssprekend of Engelssprekend nie. Dit is 'n kwessie van liefde vir ons gemeenskaplike vaderland. Mag die Monument ons inspireer tot geloof en waardering van die leiding van die Allerhoogste, tot verdraagsaamheid en wedersydse waardering, en tot liefde vir Suid-Afrika wat ons gemeenskaplike vaderland is."<sup>441)</sup>

Ten spyte van die versoeningsboodskap het daar tydens die eeufeesvierings te Pretoria en Bloedrivier voorvalle plaasgevind wat die samewerking tussen die blankevolksgroepe versteur het.<sup>442)</sup>

Die eeufeesviering op Bloedrivier het juis om hierdie rede adv. Jansen se aandag opgeëis. Op 14 Desember het duisende

feesgangers die waens Piet Retief en Vrou en Moeder op die feesterrein verwelkom. Hierna het 'n uitgebreide feesprogram begin. Op Vrydagoggend, die sestiende, was daar bykans 40 000 mense op die Bloedrivierterrein vergader.

'n Korrespondent van **Die Transvaler** het die gees in die feeslaer só beskryf: "Nêrens in Suid-Afrika kon Afrikanders Vrydag so een gevoel het as in die aaneengeslote ringmuur (van waens)op die vegterrein nie. Die eenheidsgevoel is driewerf versterk toe Bloedrivier en Pretoria, waar die Boerevolk vandag saamgedrom het, om tien minute voor elf mekaar oor die lug die hand gereik het".<sup>443)</sup> Adv. Jansen het namens die duisende feesgangers te Pretoria en Bloedrivier 'n boodskap aan alle radioluisteraars gestuur, om God vir sy leiding te bedank wat die volk op so 'n wyse byeengebring en verenig het.<sup>444)</sup>

Die oproepe op volkseenheid én samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes het op Bloedrivier byna 'n hele konsternasie veroorsaak. Donderdagmiddag, die vyftiende, het gerugte onder die feesgangers die ronde gedoen dat minister C.F. Clarkson en mej. Ethel Campbell die skare tydens die hoeksteenlegging van die Bloedriviermonument, in Engels sou toespreek.<sup>445)</sup> Sommige feesgangers was bitter ongelukkig oor die reëling en gerugte van geweld is gehoor. Diegene wat gepoog het om in die gees van vrede en verdraagsaamheid die gemoedere te kalmeer, is op 'n aggressiewe wyse stilgemaak. "Kyk, ou neef, ek wil nie hoor nie, ek wil niks van jou verstaan nie. Wat moet ek verstaan? Ek weet dat ek nie Engels gaan duld nie. As daar Afrikaans gepraat word by Dick King se standbeeld, sou ek dit keer as ek kon. Daarom, hier by my voorouers se grafte Engels? Nooit!".<sup>446)</sup>

Daar is 'n blitsvergadering van ontevrede feesgangers gehou, wat mnr. D.P. Dames, die voorsitter van die Nasionale Partytak op Louwsburg, mnr. Ben van Rensburg, 'n vooraanstaande Nasionalis van Babanango, en mnr. J. Botha, die voorsitter van die Verenigde Partytak op Vryheid, as hul verteenwoordigers gekies het. Die driemanskap moes as 'n feesganger-afvaardiging die Sinodale Bloedrivier-Eeufeekkommissie daarop wys dat indien Engels tydens die hoeksteenlegging gepraat sou word, dit die ordelike verloop van die verrigtinge sou bedreig. Die ontevredenes wou nie Engels by die hoeksteenlegging hoor nie. Die Engelssprekendes kon in die feeshuis optree omdat die ontevredenes die deel van die program nie sou bywoon nie.

Tydens 'n tweede vergadering die Donderdagoggend, het die feesgangerafvaardiging die Sinodale Bloedrivier-Eeufeekkommissie ontmoet. Hulle het verneem dat die Engelssprekendes deur senator A.T. Spies van die Bloedriviermonumentkommissie genooi is. Sen. Spies het sy reëlins onafhanklik van die Sinodale Kommissie getref. Hy wou nie aanvaar dat sy kommissie aan die Sinodale Bloedrivier-Eeufeekkommissie onderhorig is nie. Die Sinodale Bloedrivier-Eeufeekkommissie het as reëlinskommissie besef dat hulle die blaam sou moes dra indien enigiets verkeerd sou loop. Daar is besluit dat di. W.M. Nicol en L.N. Botha sen. Spies, min. Clarkson en mej. Campbell sou versoek om in die feeshuis op te tree. Indien min. Clarkson die feesgangers in Afrikaans kon toespreek, kon hy by die hoeksteenlegging sy toespraak lewer.<sup>447)</sup>

Teen ongeveer 08h00 op die sestiende het een van die beswaarmakers, mnr. C.A. Pienaar van die plaas Waaihoek, Utrecht, van ds. Nicol die onderneming gekry dat Engels nie by die hoeksteenlegging gepraat sou word nie. Mej. E. Campbell

sou gevra word om haar gedig in die feeshuis voor te dra. Mnr. Pienaar het die belofte in die kamp versprei. "Met bly gesigte is baie van die Afrikaners wat kort tevore so ontevrede was kerk toe, om in stilte en rus hulself voor te berei vir die plegtigheid by die Monument."<sup>448)</sup>

Die hoeksteen van die Bloedriviermonument is op die sestiende om 11h00 deur ds. Paul Nel snr. gelê. Daar hy die eerste Voortrekkerseun was wat predikant geword het, was dit sy grootste begeerte om die eeufeesvierings te beleef. Terwyl die ou man van aandoening gebewe het, was sy boodskap aan die volk om op God te vertrou.<sup>449)</sup>

Intussen het mej. Campbell, onbewus van die bogenoemde belofte, by die feesterrein aangekom en sake só beleef. "I had hunted round the camp for the secretary - merely to say 'cheerio' to him - as I had already received full instructions from him by letter and telegram, as to time and place, etc. I could not find him and got lost. Then I met one ... He asked me why I was not at the Monument and wasn't I supposed to be reciting there. So I said Yes. He very kindly conducted me down to the Monument, and someone I took to be the secretary (sic.) (but I am not sure) came down the steps of the Monument to meet me and took me up to where I was greeted by other officials who all appeared to expect me, and not by any one of them was I requested not to recite. I appeared to be perfectly welcome and expected to recite. The Chairman announced, later, that I was going to recite and introduced me to the public in a very kindly way. I was then asked to step up futher and begin, which I did, knowing nothing whatever about the promise ..."<sup>450)</sup>

Net soos adv. Douglas op Pretoria, het die feesgangers haar voordrag deur Afrikaanse liedere onderbreek.<sup>451)</sup> Na die ongelukkige voorval was daar 'n beroering onder die feesgangers aanwesig. "Diepe teleurstelling kon op bebaarde gesigte gelees word, diepe droefheid op gesigte van ons oues en moeders het in trane uitgebars. Ons was weer verleë, weer het Engels gesegevier, die Boerevolk is verkleineer, ons voorouers se nagedagtenis is onteer."<sup>452)</sup>

Vir mej. Campbell was die ondervinding eweneens skokkend. Sy het vertel dat sy vooraf deur feesgangers gewaarsku is dat sy deur boewery geteister sou word.<sup>453)</sup> Sy het erken dat die onderbreking van haar voordrag haar na aan trane gehad het, maar vervolg bitter, "while Charlie Clarkson - of all people!!! - received a tremendous ovation! So much for that you and Mr. Lombard think of my popularity with the Afrikaans speaking people. However I have learned a well deserved lesson to mind my own business and not but-in where I am not wanted. All I want, in the circumstances, is to creep back into my shell and stay there - I was a fool ever to leave it".<sup>454)</sup>

Die Bloedrivierse eeufeesgangers se gekniehalterde volksdrang, na mej. Campbell se Engelse debakel, is deur dr. D.F. Malan onder hande geneem. Die feesgangers se geesdrif het in 'n onkeerbare vreugde losgebars toe dr. Malan in die feeshuis verskyn het om sy rede te lewer. Hy het oor die "Nuwe Groot Trek : Suid-Afrika se noodroep en antwoord" daarop gepraat en die feesgangers se Afrikanernasionalisme na nuwe hoogtes gevoer.<sup>455)</sup>

Dié Bloedrivierse volkebotsing het adv. Jansen genoop om by mej. Campbell verskoning te maak vir die ongerief wat sy verduur

het. Dit was vir hom duidelik dat die optrede van die feesgangers te Pretoria en Bloedrivier georganiseerde pogings was, wat nie deur die meerderheid van die aanwesiges goedgekeur is nie. "Please do not regard the rude action of a section of the audience as typical of the attitude of the majority of Afrikaans speaking South Africans."<sup>456)</sup>

Adv. Jansen het vir prof. Haarhoff meegedeel dat hy verneem het dat die anti-Engelse protesgevalle te Pretoria en Bloedrivier, deur Nazi-gesinde mense gedoen is. "Hoeveel waarheid daarin steek is onmoontlik om te sê ... wat vir ekskuus kan 'n mens maak onder sulke tergende omstandighede? Dit is so 'n dwase stuk gewees! Waarlik 'n mens wanhoop partykeer oor die toekoms."<sup>457)</sup>

Die vertolking van die dramatiese gebeure rondom die eeufeesvierings kan breedweg in drie uiteenlopende strominge verdeel word. Die meeste bronne uit Afrikanergeleedere koppel die onverwagte volksontwaking aan die beskeie gedagte wat die Ossewatrek ontloot het en die grootse wyse waarop die eeufees in die twee hoofsentra (d.i. Pretoria en Bloedrivier) gevier is. Enkele Afrikaanse skrywers verklaar met groter waagmoed dat die gebeure deel van 'n groter plan vorm, wat deur Afrikaner elite ter bevordering van Afrikaner nasionalisme uitgewerk is. Liberale en anti-Afrikanerbronne of bronne met 'n kritiese inslag teenoor die Afrikaner praat van 'n grootse, doelbewuste, geniale set van die Afrikaner-Broederbond. Volgens dié siening was die eeufeesvierings as geniale set 'n doelbewuste aksie, en deel van dié beweging se meesterplan vir die opkoms van Afrikanernasionalisme. Ivor Wilkins en Hans Strydom sê in **The Super-Afrikaners**<sup>458)</sup> dat adv. Jansen as vooraanstaande lid van die Afrikaner-Broederbond aan die spits van die eeufeeskruistog gestaan het.<sup>459)</sup>

Die uiteenlopende vertolkings ten spyt, bly die kulturele feesgety van Desember 1938 een van die grootste gebeurtenisse in die Afrikaner se kultuurbelewenis.

Adv. Jansen was na 1938 sporadies by die oprigting van die Bloedriviermonument betrokke. Die Bloedriviermonumentkommissie het by monde van sen. A.T. Spies gedurende November 1938 by die S.V.K. om nog £4 000 aansoek gedoen, om die monument te voltooi. Adv. Jansen was van mening dat die Bloedriviermonumentkommissie moes poog om gedurende die eeufeesviering so veel as moontlik geld in te samel.<sup>460)</sup> Die Natallers het egter gedurende die eeufeesjaar 'n skrale £373.3.8 deur middel van Voortrekkereeufeesseëls ingesamel.<sup>461)</sup> Die Bloedrivierse eeufeesgangers het op 16 Desember na die oggend se erediens £282 in offergawes gegee.<sup>462)</sup>

Die S.V.K. het besluit dat sy Dagbestuur tesame met mnre. Spies, Coetzer en Booyen die oprigting van kleiner monumente moes ondersoek.<sup>463)</sup>

Die Bloedriviermonumentekommissie het vroeg in 1939 'n onderhoud met genl. Hertzog gehad, in 'n poging om regeringshulp vir die bou van die Bloedriviermonument te bekom. Genl. Hertzog het die manne na die S.V.K. verwys. Senator Spies en mnr. O.R. Nel het ook in dié verband 'n onderhoud met adv. Jansen gehad. Adv. Jansen het onderneem om by die S.V.K. aan te beveel dat die Bloedriviermonument op 'n pond-vir-pond-basis deur die liggaam gesubsidieer word. Volgens adv. Jansen moes die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee in hul fondsinsameling op die Bloedriviermonument konsentreer.<sup>464)</sup>

Die fondsinsameling vir die Bloedriviermonument het gedurende 1939 verskeie terugslae ondervind. Die Bloedriviermonumentkommissie het uit lede van die Verenigde Party en Nasionale Party bestaan, wat onderlinge wrywing tot gevolg gehad het en so die fondsinsameling gekortwiek het.<sup>465)</sup> Sommige Natallers was ook ongelukkig omdat daar tweetalige opskrifte by die monument opgerig sou word en het daarom nie die fondsinsameling ondersteun nie. Hiernaas is daar fondsinsamelings vir 'n Voortrekkergedenksaal, 'n kerkgebou en die Reddingsdaadfonds in Natal geloods.<sup>466)</sup>

Die S.V.K.-dagbestuur het op 12 Augustus 1939 weer die oprigting van kleiner monumente (d.i. Bloedrivier, Winburg en Pietermaritzburg)bespreek. 'n Subkomitee, waaronder ook adv. Jansen, moes die oprigting en finansiering van die Bloedriviermonument met die Tesourie bespreek.

Die Dagbestuur het besluit om by die S.V.K. aan te beveel dat 'n beleid in verband met die oprigting van kleiner monumente bekend gemaak moes word. Hulle het voorgestel dat na die onthulling van die Voortrekkermonument, die kleiner monumente een vir een aangepak en voltooi moes word. Die oprigting van die monumente te Winburg en Pietermaritzburg het voorrang geniet en dat daarna 'n prioriteitslys van goedgekeurde kleiner monumente opgestel moes word. Plaaslike komitees moes in oorleg met die S.V.K. die vorm van die kleiner monumente bepaal.<sup>467)</sup>

Die S.V.K. het op 6 Oktober dié aanbeveling aanvaar, met die wysiging dat hulle kleiner monumente tot op 'n bedrag van £2 500 sou finansier. Senator Spies het ook die vordering met die bou van die Bloedriviermonument gerapporteer. Die S.V.K. het ook

besluit om die Bloedriviermonument tot 'n totale bedrag van £5 200 te finansier. Senator Spies se komitee moes poog om die bedrag aan die S.V.K. terug te betaal.<sup>468)</sup>

Met hierdie steun van die S.V.K. is die Bloedriviermonument onder toesig van die beeldhouer Coert Steynberg gedurende November 1939 voltooi.<sup>469)</sup> Die beoogde onthullingsereemonie op 16 Desember 1939 is as gevolg van die oorlogstoestande uitgestel.<sup>470)</sup>

Die Bloedriviermonument is nege jaar na die Voortrekkereefees, op 16 Desember 1947 amptelik deur mnr. L.J. Spies onthul. Die 6 000-7 000 feesgangers wat die reën en modder getrotseer het, het egter 'n goed georganiseerde onthullingsfees bygewoon.<sup>471)</sup> Adv. Jansen het as S.V.K.-voorsitter ook die fees bygewoon en op 15 Desember 'n toespraak gelewer.<sup>472)</sup>

Adv. Jansen het kortliks op die geskiedenis van die monumentideaal gewys, die belangrikheid van geskiedenis aangetoon en voorbeelde genoem hoe rasseversoening en samewerking daardeur gekweek kan word. Hy het 'n toespraak van Harry Escombe, die prokureur-generaal van Natal, tydens die hoeksteenlegging van die Bloukransmonument in 1895 aangehaal. " 'Julle Afrikaners en ons Engelse is almal van Europese oorsprong. Julle het voor ons in hierdie wêrelddeel gekom. Ons het julle gevolg en nou is ons weer verenig. Laat ons dan nooit weer van mekaar skei nie. Laat ons hand aan hand en skouer aan skouer werk en pal staan vir die bloei en vooruitgang van die land wat die eiendom van ons albei is'.

"Hierdie mooi gedagte 52 jaar gelede deur 'n gebore Engelsman in Natal by so 'n geleentheid uitgespreek kan vandag nog weerklank vind in die harte van beide Afrikaanssprekend en Engelssprekend."<sup>473)</sup>

Hierdeur het een van die monumentideale van die Natalse Afrikaners in vervulling gegaan. Die Pietermaritzburgse monumentideaal het na 1938 saam met die Voortrekkermuseum ontwikkel. Adv. Jansen se rol in die verband word vervolgens bespreek.

#### 5.4 **Adv. Jansen se rol in die Pietermaritzburgse Voortrekker= museumkomitee na 1938**

---

Adv. Jansen was tot met sy dood die erevoorsitter van die Voortrekkermuseumkomitee of Voortrekkermuseumraad soos dit later genoem is. Die komitee het dikwels sy hulp as voorspraak ingeroep, wanneer belangrike sake bespreek en aan amptelike instansies oorgedra moes word.<sup>474)</sup> Aspekte van die komitee se werksaamhede en verbandhoudende sake waarby adv. Jansen betrokke was het om administratiewe sake rakende die bestuur en wetlike status van die museum, die uitbreiding van die museumgebou, die polemieke rondom erf 33 langs die Geloftekerkie, die bou van die Voortrekkergedenkerk en die oprigting van die monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers, gewentel.

Die Voortrekkermuseumkomitee het sedert Oktober 1939 onder die voorsitterskap van mnr. J. Hershensohnn gestaan.<sup>475)</sup> Saam het die twee strydse, adv. Jansen en mnr. Hershensohnn, die komitee se belange tot hul dood toe gedien.

Adv. Jansen is soms by die administratiewe sake rakende die bestuur van die Voortrekkermuseum betrek. Mnr. M. Basson, die argivaris by die Natalse Argief, is in Februarie 1940 oorlede. Dit was adv. Jansen se taak om die Sekretaris van Binnelandse Sake te versoek om mnr. D.J. Pieterse, die nuwe argivaris, in mnr. Basson se plek as sekretaris van

die Voortrekkermuseumkomitee aan te stel.<sup>476)</sup> Adv. Jansen het die goedkeuring in Augustus 1940 verkry.<sup>477)</sup> Gedurende 1940 is mnr. C.M. Booyesen ook in die plek van mnr. F.D. Hugo op die komitee aangestel.<sup>478)</sup>

Op 5 April 1944 het die Voortrekkermuseumkomitee besluit om die notules voortaan in Engels te skryf, om sodoende mev. W.A.D. Russel, 'n nuwe lid op die komitee, tegemoet te kom.<sup>479)</sup>

Adv. Jansen het die notule op 15 Mei teruggestuur met die ernstige beswaar dat dit 'n landswye opskudding onder Afrikaners sou veroorsaak indien die gebruik rugbaar sou word.<sup>480)</sup> Dr. Venter, wat mnr. Pieterse as argivaris en sekretaris van die komitee opgevolg het, het geantwoord dat hoewel hy en mnr. Booyesen teen die gedagte was, hulle nie mnr. Hershensohnn wou teengaan nie.<sup>481)</sup> Adv. Jansen wou nie kop gee nie en was ook van mening dat alle korrespondensie in Afrikaans gevoer moes word. Hy het die hoop uitgespreek dat dit so neergelê sou word.<sup>482)</sup>

Mnr. Hershensohnn het adv. Jansen gekapittel oor die eis dat notules slegs in Afrikaans moes wees, aangesien die drie Trustees by 'n vorige geleentheid besluit het dat notules wel in Engels afgeneem mag word. Hershensohnn het gekrenk opgemerk: "Moet ek hieruit aflei dat die Voortrekkermuseum beskou moet word as 'n pure Afrikaans en nie as 'n staats of nasionale inrigting?"

Die Sekretaris van die Pietermaritzburgse Publisiteitsvereniging het voorgestel dat die Voortrekkermuseum op Sondag vir besoekers oopgestel moes word. Die Voortrekkermuseumkomitee het die saak op 11 April 1946 bespreek. Mnr. Hershensohnn en mev. Russel het geen beswaar teen die oopstelling gehad nie, maar adv. Jansen en prof. Pellissier het geweier omdat dit die volksaard van die Voortrekkers sou aantast.<sup>484)</sup>

Mnr. D.W. Krynauw het intussen vir dr. Venter as argivaris by die Natalse argief opgevolg en soos sy voorgangers ook die sekretaris van die Voortrekkermuseumkomitee geword. Hy het adv. Jansen vertroulik meegedeel dat die gevoel op die komitee was dat hyself en prof. Pellissier erelede moes word, omdat hulle so min vergaderings bygewoon het. Mnr. Krynauw het gevrees dat Engelssprekendes 'n te groot invloed op die komitee kon verkry. Hy het voorgestel dat adv. Jansen-hulle, indien sake so uitwerk dat hulle as erelede benoem word, vir ds. Pistorius en dr. Richter in hulle plekke moes benoem.<sup>485)</sup> Adv. Jansen en prof. Pellissier het hul status as lewenslange lede op die komitee behou en dit is later, met die aanstelling van meer plaaslike persone, vergroot.<sup>486)</sup> Adv. Jansen het op 22 September 1950 as voorsitter van die Voortrekkermuseumkomitee opgetree om die vergroting van die komitee, deur plaaslike persone, met die sekretaris van Onderwys te bespreek.<sup>487)</sup>

Mnr. J. Hershensohn is op 4 Maart en prof. G. Pellissier op 5 Maart 1954 oorlede. Adv. Jansen was dus die enigste lewenslange lid van die Voortrekkermuseumkomitee wat oorgebly het. Die komitee het op 31 Maart 1954 'n mosie van roubeklag staande aangeneem.<sup>488)</sup>

Die Voortrekkermuseumkomitee het na 1951 altyd hul Julievergadering so gereël dat dit met Sy Eksellensie, adv. Jansen, se Natalse winterverblyf saamgeval het. Tydens die vergaderings het adv. Jansen gewoonlik as voorsitter opgetree. By sulke geleenthede was dit opvallend hoe intens hy hom met die werksaamhede van die komitee vereenselwig het. Dit was in dié gees dat adv. Jansen op 20 Julie 1954 'n vergadering van die komitee bygewoon en ook as voorsitter opgetree het. Adv. Jansen het prof. G.S. Nienaber en mnr. N. Meiring as nuwe lede verwelkom en die kuratrise, mev. Potgieter, vir die netjiese uitstalling van die stukke geloof.<sup>489)</sup> Op 5 Junie 1958 het adv. Jansen die komitee, wat toe as die Voortrekkermuseumraad bekendgestaan het, meegedeel dat

hy die enigste oorlewende lid van die oorspronklike komitee van drie lede is, wat stappe gedoen het om die Geloftekerkie vir die nageslag in bewaring te neem.<sup>490)</sup>

'n Ander administratiewe saak waarby adv. Jansen betrokke was, het om die wetlike status van die museum gewentel.

Die Voortrekkermuseum is vanaf 1 April 1948 van die Departement van Binnelandse Sake na die Departement van Unie Onderwys oorgedra.<sup>491)</sup> Die oordrag het in 'n nuwe statusprobleem vir die museum ontwikkel. Omdat adv. Jansen vroeër by die oordrag van die museum aan die regering betrokke was,<sup>492)</sup> is hy by sekere aspekte van die probleem betrek.<sup>493)</sup>

Gedurende 1950 het 'n Kommissie van Onderzoek staatsondersteunde inrigtings (soos die Voortrekkermuseum) ondersoek. Dr. G.V.W. Eybers, een van die kommissielede, het 'n deel van die verslag wat hy voorberei het aan adv. Jansen vir kommentaar gestuur. Adv. Jansen het voorgestel dat daar na die museum as 'n staatsondersteunde inrigting verwys moes word.<sup>494)</sup>

Die kommissie het aanbeveel dat die Voortrekkermuseum as deel van die Natalse museum geadministreer, beheer en bedryf word.<sup>495)</sup> Die Voortrekkermuseumkomitee het adv. Jansen vir sy kommentaar oor die aanbeveling genader.<sup>496)</sup> Adv. Jansen en prof. Pellissier was teen die aanbeveling gekant. Dit was vir hulle teen die letter en die gees van die ooreenkoms wat in 1936 met die regering aangegaan is.<sup>497)</sup>

Ten einde die statusprobleem van die museum te finaliseer het minister J.H. Viljoen (Onderwys) voorgestel dat die inrigting vanaf 1 April 1953, kragtens art. 1 van Wet nr. 23 van 1931,<sup>498)</sup> as 'n staatsondersteunde inrigting verklaar moet word. Mnr. Booyen het adv. Jansen gevra wat die komitee moes doen, omdat mnr. Hershensohn se standpunt was dat die museum kragtens die 1936-ooreenkoms 'n staatsinstelling is en nie 'n staatsondersteunde inrigting nie.<sup>499)</sup>

Mnr. Booyen het op 22 Januarie 1953 'n onderhoud met mnr. J.H. Viljoen, die minister van Onderwys, oor die status-kwessie gevoer. Voordat hy die Minister gaan spreek het, het hy eers adv. Jansen geraadpleeg. Adv. Jansen se standpunt was dat mnr. Hershensohn se opinie eerbiedig moes word. Die Minister se standpunt tydens die onderhoud was dat volgens sy regsadviseurs die museum nog altyd as 'n staatsondersteunde inrigting beskou is en dat die museum in elke opsig sulke voordele geniet het. Die Minister was van mening dat daar niks was om te verloor nie, maar baie om te wen indien die museum onder die nuwe wet as staatsondersteunde inrigting geregistreer word.<sup>500)</sup>

Op 23 September 1953 het mnr. Booyen die komitee meegedeel dat die Minister van Onderwys ingestem het dat hulle die beheer en administrasie van die museum kon behartig. Die komitee was vry om, indien hulle later sou besluit om die museum onder die wet op staatsondersteunde inrigtings in te lyf, dit te doen.<sup>501)</sup> Mnr. Hershensohn se standpunt in die verband is gerespekteer. Die geleentheid om iets aan die saak te doen, het seker gouer opgeduik as wat die komitee gereken het. Mnr. J. Hershensohn is op 4 Maart 1954 oorlede en op 31 Maart is besluit om die Minister te versoek om die Voortrekkermuseum onder die bogenoemde wet as staatsondersteunde inrigting te registreer.<sup>502)</sup>

Adv. Jansen het as erevoorsitter van die Voortrekkermuseumkomitee tydens die vergadering van 20 Julie 1954, kennis geneem dat die museum kragtens "Goewerments Kennisgewing no. 825 van 30 April 1954", onder Wet nr. 23 van 1931, as staatsondersteunde inrigting ingeskakel is. Op hierdie wyse het adv. Jansen persoonlik kennis geneem van die veranderde status van die inrigting wat hy in 1912 help skep het.<sup>503)</sup>

'n Verdere administratiewe saak waarby adv. Jansen betrokke was, het om die uitbreiding van die museumgebou gewentel.

Gedurende 1939 het adv. Jansen met die minister van Binnelandse Sake, H.G. Lawrence, begin onderhandel om 'n addisionele gebou vir uitstallings te bekom. As gevolg van die oorlogstoestande moes die versoek eers uitgestel word.<sup>505)</sup> Tydens 'n latere onderhoud met ministers Lawrence en J.H. Hofmeyr (Finansies) oor die saak was die here simpatiek gesind. Adv. Jansen het die Voortrekkermuseumkomitee aangeraai om 'n volledige memorandum oor die museum se behoeftes aan die sekretaris van Binnelandse Sake te stuur. Hy het hulle aangeraai om as gevolg van die oorlogstoestande vir nie meer as £2 000 vir die doel te vra nie.<sup>506)</sup>

Die Voortrekkermuseumkomitee het die saak met geesdrif aangepak en op 8 Desember 1939 die gevraagde memorandum opgestel. Hulle wou die memorandum ook landswyd versprei om sodoende meer fondse in te samel.<sup>507)</sup> Adv. Jansen was egter nie tevrede met die bewoording van die memorandum nie. Hy het ook aanbeveel dat die komitee nie die memorandum landswyd moes versprei nie, omdat dit moontlik die S.V.K. se fondsinsameling sou benadeel. Hy het die komitee aangeraai om samewerking met die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee te verkry.<sup>508)</sup>

As gevolg van die finansiële las van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog is die ideaal om die museumgebou uit te brei, verder uitgestel.

Gedurende 1942 het die A.T.K.V. planne in werking gestel om die 1938-ossewa genaamd Piet Retief aan die Voortrekkermuseum te skenk.<sup>509)</sup> Hierdie plan het die uitbreiding van die museumgebou weer laat opvlam. Adv. Jansen het die Departement van Binnelandse Sake versoek om die moontlikheid te oorweeg om 'n gebou op te rig waarin die ossewa gehuisves kon word.<sup>510)</sup>

Die Voortrekkermuseumkomitee het ook 'n landswye oproep uitgestuur waarin fondse gevra word om 'n gebou vir die ossewa op te rig.<sup>511)</sup> Die A.T.K.V. was ongelukkig oor die oproep omdat hulle die ossewa geskenk het en hulle die fondse wou insamel om die gebou op te rig. Adv. Jansen is gevra om "in te gryp en nog die saak vir ons nasie te red".<sup>512)</sup> Adv. Jansen het voorgestel dat die spanning deur 'n persoonlike gesprek tussen die twee komitees opgelos moes word.<sup>513)</sup> Hy was van mening dat die A.T.K.V. 'n vryhand in die fondsinsamelingspoging gegee moes word.<sup>514)</sup>

Dié A.T.K.V.-planne het nie gerealiseer nie en die Voortrekkermuseumkomitee het in 1947 adv. Jansen versoek om die uitbreiding van die museumgebou weer eens met die regering op te neem.<sup>515)</sup>

Die uitbreiding van die museumgebou het vir nog agt jaar voortgesloer. Intussen is adv. Jansen as goewerneur-generaal aangestel. Gedurende 1955 is die uitbreidingsplanne van die Voortrekkermuseumkomitee onder

adv. Jansen se aandag gebring. Die Voortrekkermuseumkomitee en die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het intussen kragte saamgesnoer ten einde die uitbreiding van die museumgebou en die Retiefmonument suksesvol deur te voer. Adv. Jansen het beswaar gemaak as die museumgronde vir piekniek en teedrinkery oopgestel sou word.<sup>516)</sup> Mnr. Booyen het die komitees se planne verduidelik en verklaar dat 'n teekamer nie deel van hul planne was nie. Mnr. Booyen was bereid om adv. Jansen oor die aangeleentheid te spreek.<sup>517)</sup> Mnr. Booyen het inderdaad op 22 Maart 1955 vir adv. Jansen persoonlik oor die uitbreidingsplanne ingelig.<sup>518)</sup>

Die planne om die Voortrekkermuseum te vergroot met die oprigting van 'n replika van die bestaande gebou het so gevorder dat die hoeksteenlegging gedurende Desember 1955 plaasgevind het. Die hoeksteenleggingseremonie het die hoogtepunt van die Pietermaritzburgse Geloftefeesviering gevorm, wat vanaf 13 Desember tot Vrydag 16 Desember 1955 geduur het. Adv. Jansen het op die sestiende om 12h00 'n Geloftefeesrede op die skougronde gelewer. Hy het vir die ongeveer 5 000 feesgangers gesê dat die toekoms van die Afrikanervolk in 'n groot mate van die verhouding met al die ander bevolkingsgroepe in die land afgehang het. Hy het om 14h00 die hoeksteenlegging by die Voortrekkermuseum waargeneem waardeur ook dié ideaal van die komitee verwesenlik is.<sup>519)</sup>

Daar was egter een ideaal van die komitee waaraan adv. Jansen sedert 1912 gewerk het en wat nie in sy leeftyd verwesenlik is nie. Dit was die ideaal om 'n gedenkteken, voor die Geloftekerkie, vir Piet Retief en ander Voortrekkerleiers op te rig.

Die ideaal is sedert 1939 deur verskeie persone en liggame nagestreef.

Die Voortrekkermuseumkomitee het mnr. Hershensohn aangestel om as fondskoördineerder en trustee van die beoogde monument op te tree. Die komitee het in daardie stadium ongeveer £900 vir die doel op belegging gehad. Mnr. Hershensohn was gebelgd oor die feit dat hulle monumentideaal deur die S.V.K. gekoop is. Hy het ook mev. Jansen verkwalik omdat sy van die komitee se fondsinsamelingspoging 'n partysaak gemaak het en die ongeveer £2 000 wat ingesamel is nie aan die Voortrekkermuseumkomitee wou oorhandig nie.<sup>520)</sup> Adv. Jansen se standpunt was dat die komitee mev. Jansen weer kon nader as die planne vir die beoogde monument gefinaliseer is.<sup>521)</sup>

Die Saamwerk-Unie het tydens hul jaarkongres in April 1939 ook aandag aan die Retiefmonument gegee. Mev. Jansen se voorstel dat twee bronsfigure van Piet Retief en 'n ander Voortrekkerleier deur Anton van Wouw in Pietermaritzburg opgerig moes word, is deur die Saamwerk-Uniekongres aanvaar. Die Saamwerk-Unie se finansiële kommissie het opdrag gekry om in oorleg met die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee die saak te ondersoek.<sup>522)</sup>

Die S.V.K.-Dagbestuur het in Augustus 1939 besluit om 'n prioriteitslys vir die oprigting van monumente op te stel. Naas die Voortrekkermonument te Pretoria en die Bloedriviermonument sou daar eers op Winburg 'n monument opgerig word, voordat Pietermaritzburg teen 1947 aan die beurt sou kom.<sup>523)</sup> Die S.V.K. het die aanbeveling goedgekeur en besluit dat hulle kleiner monumente (soos op Pietermaritzburg) met 'n bedrag van £2 500 sou subsidieer.<sup>524)</sup>

Mnr. Hershensohn was baie teleurgesteld oor die besluit van die S.V.K. omdat Pietermaritzburg, as eerste aanspraakmaker op 'n monument, tot 1947 moes wag voordat daar uitvoering aan die ideaal gegee kon

word. Hy wou 'n vergadering met adv. Jansen belê om die monumentideaal te bespreek.<sup>275)</sup>

Adv. Jansen het ewe hardkoppig vir mnr. Hershensohn daarop gewys dat die Voortrekkermuseumkomitee nie die reg gehad het om aanspraak op geld te maak wat namens 'n ander liggaam gekollekteer is nie. Hy was bereid om die saak te bespreek en het gevra dat die beoogde vergadering op 16 November moes plaasvind.<sup>526)</sup>

Tydens die spesiale vergadering van die Voortrekkermuseumkomitee op Donderdag, 16 November, het adv. Jansen die S.V.K. se modus operandi en die ontstaan van mev. Jansen se Piet Retiefmonumentfonds verduidelik. Mev. Jansen was gewillig om haar komitee byeen te roep om die fonds aan die Voortrekkermuseumkomitee oor te betaal, as dit vir bronsbeelde vir Retief en 'n ander Voortrekkerleier voor die Geloftekerkie aangewend sou word. Adv. Jansen het voorgestel dat die Voortrekkermuseumkomitee en die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee kragte moes saamsnoer en die S.V.K. gesamentlik vir hulp nader. Die vergadering het egter besluit om op hul volgende vergadering 'n plan van aksie uit te werk.<sup>527)</sup>

Adv. Jansen het intussen die saak met ministers H. Lawrence (Binnelandse Sake) en J. Hofmeyr (Finansies) bespreek. Hy het gepoog om die regeringsmanne te oortuig om die monumente te Pietermaritzburg en Winburg ook op 'n pond-vir-pondbasis te subsidieer. Hierna het hy weer die saak, sonder enige sukses, by minister Hofmeyr bepleit.<sup>528)</sup>

Na die weiering van die ministers om van die S.V.K.-fondse op 'n pond-vir-pondbasis vir Pietermaritzburg en Winburg te gebruik, het mnr. C.M. Booyse die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee byeengeroep om die saak in oënskou te neem.<sup>529)</sup>

Die Voortrekkermuseumkomitee het in Oktober 1940 ook die monumentideaal bespreek. Mnr. Booyen het die komitee daarop gewys dat die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee se verantwoordelikheid is om die monument in Pietermaritzburg op te rig. Alle ander komitees sou met die provinsiale komitee moes saamwerk. Die Voortrekkermuseumkomitee het egter besluit om die verskillende komitees wat vir die doel gewerk het te koördineer.<sup>530)</sup>

In die koördineringsoffensief van die Voortrekkermuseumkomitee is mev. Jansen weer eens genader met die versoek dat haar Piet Retiefmonumentfonds en die komitee se fonds moes saamsmelt. Die gesamentlike fonds kon onder toesig van 'n trustee uit elke komitee beheer word. Volgens die komitee was die stap wenslik aangesien hulle beplan het om 'n waardige monument van tussen £20 000 en £30 000 op te rig.<sup>531)</sup>

Mev. Jansen het geantwoord dat haar komitee die Piet Retiefmonumentfonds teen die einde van 1945 aan die Voortrekkermuseumkomitee sou oorbetal. Sy het egter op die volgende voorwaardes aangedring. Dat die geld definitief vir 'n monument ter ere van Piet Retief aangewend moes word, dat die bydrae van die vrouefonds skriftelik op die monument erken moes word, dat die Voortrekkermuseumkomitee teen Desember 1945 ook oor ten minste £3 000 moes beskik, aangesien die Piet Retiefmonumentfonds op daardie stadium £3 000 behoort te beloop en dat die Voortrekkermuseumkomitee 'n redelike waarborg moes gee dat hulle in staat is om die monumentideaal te laat realiseer.<sup>532)</sup>

Hiermee het die monumentideaal weer vir 'n tydlank tot ruste gekom. Die S.V.K. het kennis geneem van die regering se standpunt om nie

geld uit die S.V.K.-fonds vir die bou van kleiner monumente te gebruik nie.<sup>533)</sup> Adv. Jansen het verklaar dat die regering nie bereid was om 'n bydrae vir die bou van kleiner monumente te lewer nie. Hy was van mening dat sodra die S.V.K. die Voortrekkermonument voltooi het, hulle alle aandag op die bou van kleiner monumente moes toespits.<sup>534)</sup>

Intussen het nog 'n storm oor die veelbewoë geskiedenis van die Geloftekerk begin broei wat ook die Piet Retiefmonumentideaal beïnvloed het. Dit het om die stryd om besit van erf 33 Langmarkstraat wat aan die Geloftekerkie gegrens het, die bou van die ware Geloftekerk deur die N.G. Voortrekkergemeente en die warboel voorstelle oor die tipe Voortrekkermonument wat in Pietermaritzburg opgerig moes word, gewentel.

**Die Natalse Afrikaner** het na die ontvangs van twee leraars di. C.W.I. Pistorius en D.V.Z. Laurie die saak ingelui met die verwysing dat Natallers mekaar die hand moet reik om saam vir 'n Natalse Voortrekkermonument te werk. Volgens die blad was dit hoog tyd dat die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee weer moes begin funksioneer en die ondersteuning van elke Nataller, afgesien van politieke oortuiging en kerkverband, moes kry. Volgens die blad sou die daarstelling van 'n Voortrekkersaal in Pietermaritzburg in Durban gepaste monumente ter ere van die Voortrekkers wees.<sup>535)</sup>

Die berig is later opgevolg met die wekroep dat die Afrikaners uit hul diepe slaap moes ontwaak. Volgens mnr. P.W.J. Groenewald, die redakteur van **Die Natalse Afrikaner**, het die N.G. Voortrekkergemeente nie net oor een van die kleinste kerkgeboue beskik nie, maar het ook so 'n beperkte kerkterrein by die Geloftekerkie gehad dat uitbreiding bykans onmoontlik was. Hierteenoor het die huidige markplein, wat

vroeër geografies deel van die kerkgrond as uitspanplek vir kerkgangers gedien het, nie meer aan die gemeente behoort nie. Die stuk grond wat suid van die Geloftekerkie geleë is, is allerweë deur leeglêers gebruik wat die gebied volgens die blad ontsier het. Die redakteur het ook die Stadsraad se planne, om 'n kunsgalery op die grond op te rig, wat nooit verwesenlik is nie, betreur. "Die tyd het nou aangebreek dat die Natalse Afrikaners, en in besonder die lede van die Gemeente Voortrekker, hulle stemme moet begin verhef en die stadsraad versoek om die genoemde grond wat moreel nog die eiendom van die Voortrekkergemeente is, aan hulle terug te gee. Op hierdie terrein kan dan 'n nuwe kerkgebou, pastorie en moontlik 'n sinodale saal wat as provinsiale hoofkwartier van die Natalse Sinode kon dien, opgerig word. Op hierdie wyse kon die huidige onooglike toneel in een van die stad se sierlikste dele omgeskep word, 'n deel van die huidige kerkgebou kan vir die bewaring van historiese stukke afgestaan word, omdat die Voortrekkermuseum lank reeds te beknop geraak het, en genoemde sinodale saal of gebou as gepaste Voortrekkermonument opgerig word."<sup>536)</sup>

Hierdie wekroepes het die Pietermaritzburgse Afrikaners waarlik uit hul diepe slaap wakker geskud.

Ds. C.W.I. Pistorius het na 'n diepgaande ondersoek gevind dat die Voortrekkerkerkie nie die ware Geloftekerk is nie. Die N.G. Voortrekkergemeente se kerkraad het op 4 Maart 1946 na ernstige oorweging besluit dat die Gelofte van 1838 nog nagekom moes word. Ouderling dr. A.J. du Plessis het intussen 'n memorandum opgestel wat die kerkraad op 9 September 1946 aan die Stadsraad oorhandig het. Die kerkraad het die Stadsraad versoek om erf 33 te Langmarkstraat aan die gemeente oor te dra. Die Raad het die onteiening van die grond

gunstig oorweeg. Ten einde die nodige magtiging te verkry is wetgewing deur die Provinsiale Raad aangeneem en aan die Goewerneur-generaal vir ondertekening voorgelê.<sup>537)</sup>

Berig dat die ware Geloftekerk op erf 33 gebou gaan word het opskudding veroorsaak en 'n stortvloed van kommentaar tot gevolg gehad.<sup>538)</sup>

Die S.V.K. het die verwikkeling deeglik uitgepluis nadat mnr. Booysen verslag daaroor gelewer het. Adv. Jansen het verklaar dat sy historiese navorsing 'n ander verhaal vir hom vertel het. Hy het versoek dat die S.V.K. eers die aansprake van ds. Pistorius deeglik moes ondersoek. Ds. Pistorius moes ook versoek word om die S.V.K. oor sy standpunte toe te spreek. Ander lede van die S.V.K. soos proff. H.B. Thom en S.P. Engelbrecht het ook die historiese gronde van die aansprake bevraagteken. Die S.V.K. het gevolglik besluit om proff. Thom en Engelbrecht te versoek om op S.V.K.-koste die juistheid van ds. Pistorius se bevindinge te ondersoek.<sup>539)</sup>

Ds. H.S. Pretorius het die standpunt dat die Gelofte al nagekom is, in **Die Taalgenoot** verdedig,<sup>540)</sup> en adv. Jansen versoek om namens die S.V.K. 'n verklaring oor die saak uit te reik.<sup>541)</sup>

Adv. Jansen het op 18 Julie 1947 die pen opgeneem om ds. C. Pistorius tereg te wys. Hy was ontstel oor die wyse waarop ds. Pistorius die term Geloftekerk gebruik het. Adv. Jansen het ds. Pistorius gewaarsku om kennis te neem dat daar voldoende bewys is om sy Geloftekerkargument te ontsenu. In die lig van die getuienis het hy voorgestel dat die Goewerneur-generaal versoek word om nie die bogenoemde ordonnansie te onderteken nie.<sup>542)</sup>

Ds. Pistorius was geskok oor die inligting wat adv. Jansen aan hom verstrek het. Hy het dadelik die standpunt van adv. Jansen aan die betrokke owerhede oorgedra. Hy het adv. Jansen vir sy advies bedank en gevra dat hy die kerkraad op hoogte van sake moes hou.<sup>543)</sup>

Adv. Jansen was op sy beurt verlig om te verneem dat die kerkraad stappe geneem het om die oënskynlike fout wat gemaak is, reg te stel. Hy het 'n nuwe idee in die groep se midde gelaat. Adv. Jansen was van mening dat die idee om 'n Voortrekkergedenkkerk te bou, meer steun van die Afrikaanssprekende gemeenskap sou verkry. "U is daar waarskynlik bewus van dat ek nog lid is van die Voortrekkermuseumkomitee. Daardie Komitee het dit nog altyd in gedagte gehad om 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkers naas die Voortrekkermuseum opgerig te sien en hy meen dat in dié verband daar nog verpligtings op die Regering rus. Dit kom my voor asof hierdie idee maklik ingewerk kan word in die planne wat u beoog as u (die aangrensende) Erf 33 in besit kry. Ek noem dit net vir u informasie. Ek dink dat dit goed sou wees as u die medewerking van die Voortrekkermuseum-komitee kon kry in verband met u planne. Prof. Pellissier is ook nog lid van die Komitee."<sup>544)</sup>

Ds. Pistorius het ook by adv. Jansen kers opgesteek oor die wysiging van die Natalse ordonnansie wat oor erf 33 gehandel het. Hulle wou graag weet op watter gronde die Goewerneur-generaal die ondertekening van die ordonnansie geweier het. Hulle wou die ordonnansie op aanbeveling van adv. Jansen so wysig dat dit weer voor die betrokke owerhede kon dien.<sup>545)</sup>

Die Voortrekkermuseumkomitee was intussen baie onrustig oor die Geloftekerkie wat so onder die penne deurgeloopt het. Adv. Jansen

het hulle gerusgestel met die versekering dat hy persoonlik by die saak betrokke was en dat die komitee nie ook op die saak hoef in te gaan nie.<sup>546)</sup>

Dit was nie vir die komitee nodig om hulle in die saak te verdiep nie, aangesien die verslae van proff. Thom en Engelbrecht teen September 1947 voltooi is. Die twee historici het bevind dat die Geloftekerk wel gebou is. Volgens prof. Thom het daar 'n sterk historiese band tussen erf 33 en die gemeente bestaan en verdien die kerkraad se poging om die erf terug te hou, alle ondersteuning.<sup>547)</sup> Adv. Jansen het na oorlegpleging met sommige Pietermaritzburgers, Nasionale Pers versoek om nie die verslae te publiseer nie.<sup>548)</sup> Die S.V.K. wat deurlopend aandag aan die saak gegee het, het in Augustus 1948 besluit dat proff. Thom en Engelbrecht hul verslae self kon publiseer.<sup>549)</sup>

Adv. Jansen het intussen die ordonnansie, wat die ooreenkoms tussen die N.G. Voortrekkergemeente en die stadsraad behels het, hersien. Hy was veral bekommerd oor die eerste paragraaf van die ordonnansie, omdat die vorige afgekeurde ordonnansie die bou van 'n "Geloftekerk" as grondslag gehad het. Hiervoor het hy veral vir prof. Thom ingespan wat 'n voorlegging in die verband aan hom gemaak het.<sup>550)</sup> Adv. Jansen het die nuwe konsepordonnansie aan ds. Pistorius voorgelê.<sup>551)</sup> Die Beleidskommissie van die kerkraad was tevrede met die taktvolle wyse waarop adv. Jansen die saak gestel het.<sup>552)</sup> Die N.G. Voortrekkergemeente het ook geen beswaar teen adv. Jansen se konsepordonnansie gehad nie. Ds. Pistorius het versigtig verneem of hulle na afloop van die saak saam met adv. Jansen of die S.V.K. 'n persverklaring oor die aangeleentheid kon uitreik.<sup>553)</sup>

Die Natalse Provinsiale Raad het die gewysigde Ordonnansie 14 van 1948 sonder haakplek goedgekeur.<sup>554)</sup> Die Goewerneur-generaal het die besluit op 27 Julie 1948 bekragtig.<sup>555)</sup>

Gewapen met die goedkeuring het ds. Pistorius en mnr. Booyen die S.V.K.-Dagbestuur versoek om die oprigting van die Gedenkkerk op erf 33 as die beoogde kleiner Voortrekkermonument vir Natal te aanvaar en te ondersteun. Ds. Pistorius het ook gevra dat die S.V.K. voorrang aan dié monument bo die Winburgse monument moes verleen. Die Dagbestuur het besluit om die versoek na die S.V.K. vir oorweging te verwys.<sup>556)</sup>

Die S.V.K. het op 16 Augustus 1948 vir die eerste keer onder voorsitterskap van minister E.G. Jansen vergader. Adv. Jansen was van mening dat die S.V.K. nie Winburg se voorrang kon prysgee nie. Mnr. Booyen het ernstig vir die Gedenkkerk as Voortrekkermonument vir Pietermaritzburg gepleit. Na 'n lang bespreking is besluit om die saak na die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee te verwys.<sup>557)</sup> Die provinsiale komitee het die saak as 'n lofwaardige onderneming beskou en was bereid om die Gedenkkerk as die Voortrekkermonument van Natal te erken.<sup>558)</sup> Met die besluit is die Voortrekkermuseumkomitee se Piet Retiefmonumentideaal nog verder op die agtergrond geskuif.

Die Pietermaritzburgse stadsraad het egter die ontwikkeling op erf 33 vertraag. Die Raad het die grond vir £8 000 aan die kerkraad aangebied, wat weer eens in 'n polemieek ontaard het. Die saak is eers in 1956 met 'n hofgeding ten gunste van die kerkraad besleg.<sup>559)</sup>

Terwyl dit in Pietermaritzburg gegons het oor die teleurstellende besluit van die Stadsraad, het adv. Jansen en die S.V.K. hul vere begin regskeud vir die Voortrekkermonument se inwyding.

Die S.V.K.-Dagbestuur het op 17 Augustus 1948 'n onderhoud met dr. D.F. Malan oor die inwyding van die Voortrekkermonument gevoer. Dr.

Malan was van mening dat die inwyding van die monument 'n groter feesgeleentheid as die hoeksteenlegging kon wees. Hy het op grond van sekere voorwaardes sy regering se steun in die verband aan adv. Jansen beloof.<sup>560)</sup>

Gedurende April 1949 is aangekondig dat die Voortrekkermonument-Inwydingskomitee onder voorsitterskap van adv. Jansen die reëlings i.v.m. die inwyding van die monument moes tref.<sup>561)</sup>

Die Rapportryerfeesplan het deels gesorg dat 'n feestelike gesdrif die volk beetgepak het.<sup>562)</sup> Vanaf Maandag 10 Oktober 1949 is daar langs vyftien roetes waar Rapportryers met hul boodskappe beweeg het op pad na Pretoria, feeste met die vindingrykste programme gevier. "Skouspelagtige optogte, groot kommando's, indrukwekkende voorstellings en tablo's, verruklike fakkellope en vreugdevure, gesellige volksaande met volksang, volkspele en vleisbraaiery, besielende redevoerings en stigtinge was op uitgebreide skaal meer as twee maande lank oor die hele suidelike helfte van Afrika aan die orde."<sup>563)</sup>

Adv. Jansen se boodskap aan alle Afrikaners in die feestyd was, "om toe te sien dat al die verrigtings in verband met die inwyding van die Monument op 'n wyse sal geskied wat die Voortrekkers waardig sal wees en die teenswoordige geslag tot eer sal strek".<sup>564)</sup>

Die inwyding van die monument was vir adv. Jansen die bekroning op sy S.V.K.-werkzaamhede. As S.V.K.-voorsitter het hy gedurende die 1949-feesvierings by verskeie geleenthede as feesredenaar opgetree. Tog het sy drie optredes in Natal gedurende die Rapportryerfeesvierings ook op sy vroeëre Natalse betrokkenheid gedui.

Adv. Jansen het op 11 November tydens die besoek van die Rapportryers in Pietermaritzburg opgetree. Die stad was in rep en roer. 'n Kommando het die Rapportryers buite die dorp ontmoet en vandaar het die optog na die Voortrekkermuseum gegaan waar 'n groot aantal kranse gelê is. Die verrigtinge is by die Voortrekkerlaerskool voortgesit. Na skriflesing, verwelkoming en sang het adv. Jansen en die Administrateur, mnr. D.G. Shepstone, toesprake gelewer. Gedurende die aandprogram het adv. Jansen na wat berig is, 'n treffende feesrede gelewer. Hy het die lotgevalle van die Voortrekkers, Engelse en Swart mense in die vestigingsfase van die Groot Trek geskets en dit aan die voortbestaan van die blanke rasse gekoppel. "As die blanke rasse in Suid-Afrika as sodanig wil voortbestaan dan sal hulle moet ophou om wantroue en haat teen mekaar te saai en daar moet liever saamgewerk word om 'n weg te vind waardeur die toekoms beveilig kan word en ook reg aan die nie-blankes sal kan geskied."<sup>565)</sup>

Op 22 November het adv. Jansen die ontvangs van die Rapportryers by Dundee waargeneem. Hy het die aand die feesgangers in sy geboortedistrik daaraan herinner dat hulle in 'n gebied geleef het waar baie geskiedkundige gebeure plaasgevind het. Hy het dit ryklik met geskiedkundige voorbeelde geïllustreer, om aan te toon waarom dit nodig is om die Voortrekkers te vereer. "Ons het rede om hulde aan daardie stoere voorgeslag te bring. Hulle het vasgestaan op groot beginsels wat hulle probeer het om uit te lewe. Toe ek 'n kind was, het hier op Biggarsberg nog baie van die kinders van die Voortrekkers gelewe en een van die karaktertrekke wat ook hulle gekenmerk het, was hul godsdienssin en kalme uitkyk op die lewe ... Ek mag my verbeel maar dit is asof daar nie meer manne van daardie kaliber onder ons is nie. Daardie kalme en rustige uitkyk op die lewe wat berus het op vrede in die gemoed en geloofsvertroue, het plek gemaak vir die hedendaagse rondjaery met motorkarre, vliegtuie en alle soorte voertuie en dit is asof elkeen maar op winsbejag of op plesier toegespits is. In plaas van kalmte en berusting is daar gejaagdheid, ontevredenheid en

oppervlakkigheid. Ons is vinnig besig om los te raak van die ankers van godsdiens, geloof en Godsvertroue wat die voorouers in gevaar en nood staande gehou en hulle onder alle omstandighede 'n rustige uitkyk op die lewe gegee het."<sup>566)</sup>

Adv. Jansen het ook beklemtoon dat die Voortrekkermonument nie 'n teken van roem is nie, maar 'n huldeblyk in die bovermelde gees teenoor die Voortrekkers. Die monument is ook 'n teken van die Afrikaner se erkentlikheid teenoor God vir Sy genade wat Hy aan die voorgeslagte betoon het.<sup>567)</sup>

Sy derde optrede in Natal ten tye van die Rapportryerfeeste was op 23 November by Bloedrivier, waar hy as feesredenaar opgetree het. Adv. Jansen het ongeveer twee myl van die slagveld af die perdekommando ingewag en saam met hulle by die feesterrein aangekom, waar honderde geesdriftige feesgangers hulle ingewag het. In sy toespraak het hy die historiese oorsig wat hy die vorige aand op Dundee gegee het, voortgesit. Hy het die spore van die Wenkommando tot by die epiese slag op 16 Desember 1938 gevolg. Hy het ook 'n boodskap as S.V.K.-voorsitter aan die Rapportryers oorhandig om na die Voortrekkermonument te neem. Dit was 'n boodskap aan die volk van Suid-Afrika. "Van af hierdie gewyde plek roep ek u toe om hulde te bring aan die Voortrekkers en om eer en erkentlikheid te betoon aan die Allerhoogste wat hulle uit groot gevare gered het. Hier by Bloedrivier was daar op 16 Desember 'n worstelstryd - 'n handjievol blankes wat gestry het om te verhinder dat hulle met hul vroue en kinders deur hordes van barbare verswelg sou word. Hulle het geseëvier. Dit was 'n oorwinning van die beskawing oor barbarisme. Vandag pluk ons nog die vrugte daarvan. Dit hang van onself af of daardie vrugte bestendig of vernietig sal word. Dit kan alleen bestendig word as die blankes in ons land saamwerk en saamstaan. Daarom moet dit ons leuse wees om saam te staan ..."<sup>568)</sup>

Vanaf Dinsdag 13 Desember tot Vrydag 16 Desember 1949 het die Afrikanervolk op Monumentkoppie "in die hoogste mate die magtige polsing van 'n eie bestaan en karakter gevoel".<sup>569)</sup>

Dié kulturele hoogtepunt wat in 1949 rondom die inwyding van die Voortrekkermonument gesentreer het, was vir adv. Jansen die verwesenliking van 'n ideaal waaraan hy sedert 1909 gewerk het. Die eindresultaat van die Voortrekkermonument was soveel groter as die kiemgedagte waarmee hulle in 1909 begin het. 'n Mens kan adv. Jansen se tevredenheid en trots in sy beskrywing van die Voortrekkermonument lees. "Die monument het ons in der waarheid oor 'n lange tydspan van ruim twintig jaar besig gehou vandat die eerste besliste stappe gedoen is om die organisasie aan die gang te kry tot dit ingewy word. Dit is treffend en tipies van die Voortrekkermonument want as bouwerk is dit groots en oorweldigend.

"Ons staan nou voor hierdie indrukwekkende monument om dit in te wy en as 'n besieler vir die toekoms in gebruik te neem. Mag die grootsheid van die Voortrekkermonument deurwerk tot ons almal wat daarmee in aanraking kom om ons te staal tot diensbaarheid aan ons geliefde land en te stem tot waardigheid in ons menslike verhoudinge en lewensuitinge.

"As ons dit vermag, sal ons ook in ons eie dade die Voortrekkers huldig."<sup>570)</sup>

In 'n sekere sin was die afsluiting van dié projek ook vir adv. Jansen die afsluiting van sy jarelange intense gemeenskapsbetrokkenheid wat

hy in belang van sy volksgenote gelewer het. Sedert sy aanstelling as Coewerneur-generaal in 1950 het hy minder aktief op die kultuurgebied gewerk.<sup>571)</sup>

Adv. Jansen se betrokkenheid by die erf 33 polemieë tussen die Stadsraad en kerkraad op Pietermaritzburg, wat gedurende 1950 hervat is, het van 1952 af 'n nuwe wending geneem. Mnr. C.M.Booyesen het die probleem só gestel. "Verskoon asseblief my vermetelheid om aan u te skrywe oor 'n saak wat my baie na aan die hart lê. Ds. Morgenthal het vanaand tydens die diens die gerug wat al etlike weke die rondte in die stad doen, bevestig toe hy aankondig dat die eerw. Kerkraad besluit het om ons ou kerkgebou (die Toringkerk van 1861) te sloop om plek te maak vir 'n nuwe kerkgebou wat hulle noodgedwonge nou daar moet oprig, aangesien die plaaslike stadsraad beslis weier om aan ons die oorspronklike sg. Geloftekerk-perseel af te staan. Persoonlik is ek sterk gekant teen die sloping van hierdie ou historiese kerkgebou wie se 100-jarige bestaan oor 'n paar jaar met 'n behoorlike eeufees gevier behoort te word. Ek verbeel my dat u en mev. Jansen ook teen die sloping van dié kerkgebou is, en indien dit die geval is, sal dit waardeer word as u u opinie oor die saak aan die eerwaarde Kerkraad bekend wil maak voor hulle te ver vorder met die sloping-gedagte."<sup>573)</sup> Mnr. Booyesen het voorgestel dat die regering moes ingryp en die erf 33 onteien.<sup>574)</sup>

Ds. A.P. Morgenthal het adv. Jansen ook versoek om die kabinet oor die onteieningsgedagte in te lig.<sup>575)</sup>

Adv. Jansen het voorgestel dat die kerkraad 'n memorandum moes opstel waarin die geskiedenis van die erf 33 uiteengesit word. Die memorandum kon onder kabinetslede versprei word. Hy was van mening dat die regering nie gewillig sou wees om die erf 33 te onteien nie. Adv. Jansen het

ook verklaar dat hy met bitter spyt kennis geneem het dat die Toringkerk gesloop sou word en het die kerkraad versoek om die sloping te probeer verhoed.<sup>576)</sup>

Die kerkraad het as gevolg van teenstand teen die slopingsaksie en die hoop dat die erf 33 in die gemeente se besit sou kom, besluit om voorlopig van die slopingsplan af te sien. Gedurende Maart 1955 is die slopingsplanne hervat wat weer 'n polemiekiek veroorsaak het. Mnr. Booyen het by herhaling vir adv. Jansen versoek om die kerkraad te oortuig om nie met die slopingsplanne voort te gaan nie.<sup>577)</sup>

Hoewel adv. Jansen vir ds. Morgenthal en die Historiese Monumentekommissie versoek het om toe te sien dat die kerkgebou nie gesloop word nie, is daar op 7 Junie begin om die historiese gebou af te takel.<sup>578)</sup> Ds. Morgenthal het as verweer genoem dat die gebou te klein was vir die gemeente, dit in 'n te swak toestand was om te herstel en die erf 33 saak wat op 'n hofsaak afgeloop het, die kerkraad genoep het om die besluit te neem.<sup>579)</sup> Adv. Jansen het in Maart 1956 die kerkraad gelukkigewens nadat hulle die erf 33 deur middel van 'n hofuitspraak bekom het.<sup>580)</sup>

Die hofuitspraak het die bykans vergete Piet Retiefmonumentideaal weer nuwe lewe gegee omdat die kerkraad dit by hul bouprogram wou inskakel.

Die ideaal om 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers op te rig, is sedert 1950 van tyd tot tyd deur adv. Jansen aangeroer wat uiteindelik die ideaal nuwe momentum gegee het.

Gedurende Oktober 1950 het adv. Jansen tydens 'n S.V.K.-Dagbestuursvergadering die wens uitgespreek dat die Piet Retiefmonumentfonds van mev. Jansen aan die S.V.K. oorgedra moes word. Hy het weer die ontstaan van die fonds geskets en genoem dat die geld wat by die United Bouvereniging belê is reeds tot meer as £3 000 aangegroei het. Hy het ook gemeld dat die Voortrekkermuseumkomitee ook ongeveer £3 000 vir 'n Voortrekkermonument besit. Adv. Jansen was oortuig dat dit goed sou wees as die S.V.K. die beheer van die fonds sou oorneem, aangesien die liggaam in die toekoms met die oprigting van 'n Voortrekkermonument op Pietermaritzburg gemoeid sou wees.<sup>581)</sup> Adv. Jansen het weer in Oktober 1951 tydens 'n S.V.K.-Dagbestuursvergadering na die fonds verwys. Mnr. I. Lombard was van mening dat die S.V.K. wel die fonds in trust kon bewaar aangesien die liggaam nog 'n Voortrekkermonument in Pietermaritzburg moes oprig.<sup>582)</sup>

Gedurende Maart 1952 het adv. Jansen mnr. M.C. Botha, die sekretaris van die S.V.K., versoek om 'n skriftelike onderneming aan hom te stuur waarin die S.V.K. hom bereid verklaar om die beheer van die Piet Retiefmonumentfonds oor te neem. Die voorwaarde moes wees dat die geld en rente vir geen ander doel as 'n monument of gedenkteken ter ere van Piet Retief aangewend moes word nie.<sup>583)</sup> Mnr. M.C. Botha het op 13 Maart 1952 die skriftelike onderneming aan adv. Jansen gestuur.<sup>584)</sup>

Hierdie nuwe lewe wat adv. Jansen in die bykans vergete ideaal geblaas het, het hy in November 1952 nog 'n stappie verder gevoer. Tydens 'n S.V.K.-vergadering het hy genoem dat hy en mev. Jansen nog steeds 'n bedrag van ongeveer £3 600 in trust bewaar het. Indien die S.V.K. 'n monument ter ere van Retief in Pietermaritzburg wil oprig sou hulle die fonds daarvoor beskikbaar stel. Mnr. J.H. Stander (Natal) het verklaar

dat die Pietermaritzburgers nog steeds die monument opgerig wou sien. Aangesien die Natalse Provinsiale Voortrekkermonumentkomitee nie meer bestaan het nie, het die S.V.K. besluit om 'n nuwe Natalse komitee vir die doel saam te stel. 'n Formidabele Natalse Voortrekkermonumentkomitee van 13 lede onder leiding van mnr. Stander is uit Pietermaritzburg, Durban, Vryheid, Utrecht en Mooirivier gekies om die monumentideaal deur te voer.<sup>585)</sup>

Die Natalse Voortrekkermonument het ook tydens 'n vergadering van die Voortrekkermuseumkomitee op 20 Julie 1954 ter sprake gekom. Adv. Jansen het aan die vergadering verduidelik hoe die monumentideaal tydens die museum se transporterings aan die regering 'n moeilike haakplek was. Mnr. Booyen het verduidelik dat die Natalse Voortrekkermonumentkomitee die volgende Saterdag sou vergader, en dat hy wou voorstel dat die Natalse monument die vorm van 'n uitbreiding van die Voortrekkermuseum moes aanneem. Adv. Jansen het die komitee se aandag daarop gevestig dat indien hulle gebruik wou maak van die fonds wat mev. Jansen beheer, die nagedagtenis van Piet Retief vereer moes word.<sup>586)</sup> Die komitee het op 24 Julie 1954 vergader en die voorstel van mnr. Booyen aanvaar.<sup>587)</sup>

Hierdie plan om die uitbreiding van die Voortrekkermuseum, in 'n replikavorm van die Geloftekerkie, as die Natalse Voortrekkermonument te aanvaar is ook deur die S.V.K.-Dagbestuur bespreek. Adv. Jansen het verklaar dat hy en mev. Jansen die Piet Retiefmonumentfonds sou afstaan indien daar voor die nuwe museumgebou 'n gedenkteken ter ere van Retief en sy gevolg opgerig sou word.<sup>588)</sup> Die Voortrekkermuseumkomitee het ook die ontwikkeling in beginsel goedgekeur. Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het onder voorsitterskap van mnr. C.M. Booyen op 9 Maart 1955 die planne in 'n memorandum uiteengesit.<sup>589)</sup> Die komitee het mev. Jansen genooi

om as beskermvrou van die hernieuwe poging op te tree, wat sy met genoeg aanvaar het.<sup>590)</sup>

Hierdie nuwe lewe wat adv. Jansen sedert 1952 in die Monumentideaal geblaas het was so lewenskragtig dat die Geloftekerkie die middelpunt van 'n uniale Gelofte-dagviering vanaf 13-18 Desember 1955 gevorm het. Die hoeksteenlegging van die addisionele museumgebou wat adv. Jansen waargeneem het, was die eerste sigbare teken dat die Natalse Voortrekkermonumentideaal besig was om te realiseer.<sup>591)</sup>

Ds. A. Morgenthal het, nadat die N.G. Voortrekker-gemeente die veelbesproke erf 33 deur 'n hofgeding bekom het, adv. Jansen met 'n aanbod oor die Piet Retiefmonument genader. Hy het aangebied dat die beoogde monument aan Kerkstraat se kant, op die nuwe grond wat hulle bekom het, opgerig kon word.<sup>592)</sup> Adv. Jansen het verduidelik dat die monument by die uitbreiding van die Voortrekkermuseum, agter die Geloftekerkie opgerig gaan word. Die plan is deur die Natalse Voortrekkerkomitee, die S.V.K., die betrokke Minister en mev. Jansen goedgekeur. Adv. Jansen was van mening dat indien die Retiefmonument geskuif sou word, dit die planne deurmekaar sal krap. Hy het ook getwyfel of die gedenkteken by die nuwe beoogde kerkgebou sou pas. In die lig van die omstandighede het adv. Jansen die kerkraad se aanbod van die hand gewys.<sup>593)</sup>

Adv. Jansen het ook in Desember 1956 die S.V.K.-Dagbestuur diensooreenkomstig ingelig. Volgens adv. Jansen was daar ongeveer £10 000 vir die monument beskikbaar. Die bedrag het uit die Retiefmonumentfonds van mev. Jansen, (£3 600), die fonds van die Voortrekkermuseumkomitee (£3 000) en die S.V.K. se bydrae van nagenoeg £3 000 vir die bou van kleiner monumente, bestaan.<sup>594)</sup>

Dit is asof adv. Jansen die projek op sy oudag voltooi wou sien. Hy het vir die S.V.K.-Dagbestuur op 11 November 1957 gesê dat die dringendste taak van die liggaam was om toe te sien dat die beoogde monumente te Pietermaritzburg en Winburg voltooi moes word.<sup>595)</sup>

Dr. G. Nienaber het ook 'n onderhoud met adv. en mev. Jansen oor die Retiefmonument gevoer. Adv. Jansen was van mening dat die Natalse Voortrekkermonumentkomitee vir die S.V.K. by wyse van 'n memorandum en sketsplan oor die beoogde standbeeld vir Piet Retief moes inlig.<sup>596)</sup>

Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee het onder voorsitterskap van senator Groenewald aan die werk gespring. Hulle het 'n memorandum opgestel, Coert Steynberg gekry om 'n sketsplan en model van die Retiefmonument te maak en dit aan die betrokke instansies en die Jansens voorgelê. Die Jansens het die planne goedgekeur.<sup>597)</sup>

Intussen het die situs van die Piet Retiefmonument probleme opgelewer. Die Natalse Voortrekkermonumentkomitee was van mening dat die standbeeld nie tot sy reg sou kom as dit agter die Geloftekerkie opgerig sou word nie. Hulle het planne in werking gestel om die monument op 'n gedeelte van die erf 33 op te rig. Adv. Jansen het die S.V.K.-Dagbestuur dienoooreenkomstig ingelig. Die vergadering het besluit om 'n volledige verslag van die Natalse Voortrekkermonumentkomitee te vra.<sup>598)</sup>

Adv. Jansen het hierop vir dr. Nienaber gevra om vir hom meer besonderhede oor die historiese paneel en situs van die Retiefmonument te stuur.<sup>599)</sup>

Mnre. Booyen en Warmbach het hierna 'n onderhoud met adv. en mev. Jansen oor die onderwerp gevoer. In opvolging hiervan het adv. Jansen hom waarskynlik vir die laaste keer met die onderwerp bemoei. Hy het 'n brief aan mnr. Booyen geskryf waarin hy sy gedagtes oor die oprigting van die monument uiteengesit het. "Ons het verskeie punte in verband met die Piet Retief-monument te Pietermaritzburg bespreek die vernaamste waarvan die volgende was:

1. Mev. Jansen sal tevrede wees om die geld onder haar beskikking te bestee aan 'n monument ter ere van Piet Retief al word dit op kerkeiendom opgerig, mits daar 'n versekering van die Kerk verkry word dat die monument onder beheer van die Natalse Voortrekkermonument-komitee bly, en stappe sal gedoen word om die versekering skriftelik te kry.
2. Mnr. Warmbach is seker daarvan dat die Stadsraad geen beswaar daarteen sal hê dat die monument opgerig word op die grond wat aan die Kerk getranspoteer is. U komitee moet aansoek doen om die Stadsraad se goedkeuring te verkry. Ek sluit 'n konsepbrief aan die Stadsraad hierby in.
3. Daar was twyfel of die oprig van 'n monument gedek sou wees deur die bepalings van die betrokke Ordonnansie (14 van 1948 (Natal)). Mnr. Warmbach sal die regsadviseur van die Stadsraad se opinie hieroor kry en u laat weet.
4. Aangesien geen staatsgeld gebruik sal word vir die oprig van die monument nie, dink ek nie dat dit saak maak dat dit op kerkeiendom opgerig word nie.
5. Met die oog op die viering van die vyftigjarige bestaan van die Unie aanstaande jaar, het ons aldrie gevoel dat dit goed sou wees as die monument klaar kan wees om op 16 Desember a.s. onthul te word.

6. Dit kom my voor asof sake nou tot finaliteit gebring kan word en enige verdere besonderhede kan deur u Komitee uitgewerk word. Mev. Jansen sal waarskynlik in die begin van Mei Natal besoek en, indien nodig, kan sy dan ook verder geraadpleeg word."<sup>600)</sup>

Hieruit blyk dit duidelik hoe intens adv. Jansen hom nog met die lotgevalle van die Natalse sake vereenselwig het. Die brief dien ook as voorbeeld van die wyse waarop adv. Jansen in sy later jare die kulturele rol in Natal vervul het, naamlik, hoofsaaklik deur korrespondensie.

Adv. Jansen het toe alreeds ses jaar lank aan bloedkanker gely en sy gesondheid het sedert 1957 steeds agteruitgegaan. Die bogenoemde brief is geskryf toe sy gesondheid so verswak het dat hy nie eers dr. Malan se begrafnis kon bywoon nie.<sup>601)</sup>

Twee maande voor adv. Jansen se afsterwe moes sy Privaatsekretaris nog steeds korrespondensie rakende die Voortrekkermuseum aan hom voorgehou het. Mnr. Preller, adv. Jansen se privaatsekretaris, het die korrespondensie só beantwoord. "Baie dankie vir die briewe van 4, 7 en 10 September asook die foto's van die vertoonkaste wat in die Voortrekkermuseum aangebring is. Alhoewel Sy Eksellensie beter word, is hy nog baie swak en dit is heeltemal buite die kwessie dat Sy Eksellensie binnekort enige reis kan onderneem. Ek het verskeie pogings aangewend om die saak, waaroor u geskryf het, met hom te bespreek, maar hy is werklik nog te swak om belang daarin te stel. Ek is regtig baie jammer dat ek nie daarin geslaag het om Sy Eksellensie se mening oor die saak te kry nie".<sup>602)</sup>

Dié kultuurdoen van Natal is op 25 November 1959 oorlede, na 53 pakkende jare sedert hy in 1906 hom vir die belange van die Natalse Afrikaners begin beywer het.

Die Voortrekkermuseumraad het op 11 Desember vergader en adv. Jansen se aandeel in die vestiging en ontwikkeling van die Voortrekkermuseum vereer, waarna hulle 'n oomblik in stilte gestaan het.<sup>603)</sup>

**VOETNOTE : HOOFSTUK 5**

- 1) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit: Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, pp.187, 188.
- 2) Vergelyk INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêers 273, 359, 449 : Manuskripte oor historiese temas.
- 3) Kyk p.35.
- 4) Kyk p.192.
- 5) Vergelyk De Afrikaner, 11.6.1908 : Berig; De Kondsapper, jg. 1, no.1, Oktober 1908, pp.14-16 en Desember 1908, pp.39-45.
- 6) De Afrikaner, 27.7.1908 : Notule van vergadering, 25.7.1908.
- 7) Kyk p.478.
- 8) De Afrikaner, 12.11.1908 : Brief E.G. Jansen.
- 9) De Afrikaner, 27.8.1908 : Brief.
- 10) Vergelyk G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit : Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, p.188.
- 11) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 449 : Toespraak, "Natal voor de dagen van de Voortrekkers"; De Afrikaner, 31.5.1909 : Notule van vergadering, 15.5.1909.
- 12) De Afrikaner, 15.11.1909 : Notule van vergadering, 16.10.1909.
- 13) E.G. Jansen, Die Voortrekkers in Natal, opstelle. Kaapstad, 1938.
- 14) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 449 : Handgeskrewe stuk waarin adv. Jansen sy argumente uiteensit.
- 15) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 459 : Dr. A.J. du Plessis, Waar is die Voortrekkergelofte afgelê?
- 16) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 449 : Dr. L. Steenkamp, Waar is die Gelofte afgelê?
- 17) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 301 : Het Kerkje van de Gelofte der Voortrekkers, 1.6.1909.
- 18) Vergelyk Natalse Argief, E.G. Jansenversameling, Aanwys 7 : Reminiscences of C.J. Nel.

- 19) De Afrikaner, 22.12.1910 : Berig.
- 20) E.G. Jansen, Uit die Voortrekkertyd, herinneringe van Louis Jacobus Nel. Pretoria, 1939.
- 21) E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres 1906-1911. Pietermaritzburg, 1940.
- 22) E.G. Jansen, Die Beeskommando, in Die Huisgenoot, Gedenkuitgawe, Desember 1938, pp.138-141.
- 23) E.G. Jansen, Die Voortrekker-Eeufees, in die Amptelike Jaarboek, no. 20, 1939, pp.5-11.
- 24) E.G. Jansen, 'n Ideaal verwesenlik, in Inwyding van die Voortrekkermonument, Amptelike program en gedenkboek, 13-16 Desember 1949, pp.3741.
- 25) E.G. Jansen Ontstaan van die Saamwerk-Unie, in Die Huisgenoot, 11.4.19141, pp.15, 41.
- 26) E.G. Jansen, Naturellebeleid van die Unie van Suid-Afrika.
- 27) E.G. Jansen, Historiese en prinsipiële grondslae van die Afrikanerbeleid ten opsigte van nie-blankes, in Inspan, jg. 4, Oktober 1944, pp.1520.
- 28) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 1/4/2/1/1 : Notule van kongressitting, 5-7 Mei 1921; Die Afrikaner, 17.5.1921 : Berig.
- 29) Die Afrikaner, 2.9.1921, 23.9.1921, 10.3.1922, 31.3.1922 : Berigte.
- 30) Die Afrikaner, 12.5.1922 : Berig.
- 31) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 1/4/2/1/1 : Notule van kongressitting, 24-26.6.1922; vergelyk Die Afrikaner, 3.11.1922 : Berig.
- 32) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 1/4/2/1/1 : Kennisgewing van die Hoofbestuur, 15.3.1923; vergelyk Die Afrikaner, 9.3.1923 en 6.4.1923 : Berigte.
- 33) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 1/4/2/1/1 : Notule van die Hoofbestuur, 9.5.1923.
- 34) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 1/4/2/1/1 : Notule van kongressitting, 10-12.5.1923; Die Afrikaner, 8.6.1923 : Berig.
- 35) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 1/2/2/2 : Notule van kongressitting, 13.4.1933; vergelyk Die Volksblad, 15.4.1933 : Berig.

- 36) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 1/4/2/1/1 : Notule van kongressitting, 29-31.5.1924; E.G. Jansen, 'n stukkie Natalse Geskiedenis, in Die Afrikaner, 6.6.1924, 10.6.1924, 17.6.1924.
- 37) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 4/1/1/1 : J.V. Smit, Die Saamwerk-Unie van Natalse Kultuurvereniginge, s.d.; O Maarschalk, Die betekenis van die Saamwerk-Unie, in Die Saamwerk, dl. 5, no. 59, Maart 1935, p.4.
- 38) E.G. Jansen, Ontstaan van die Saamwerk-Unie, in Die Huisgenoot, dl. xxv, no. 994, 11.4.1941, p.15; vergelyk Die Saamwerk, dl. 6, no. 62, Junie 1936, p.23.
- 39) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 358 : Briewe A.G. du Toit - Jansen, 30.5.1933 en 31.8.1933; vergelyk Die Saamwerk, 5.3.1933, p.7 en Die Volksblad, 9.10.1933 : Berigte.
- 40) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 360 : Brief A.G. du Toit - Jansen, 10.3.1936; M. Basson, Kommandant Andries Pretorius se woonhuis, s.d.; Brief Jansen - A.G. du Toit, 18.3.1936; Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria, Hertzogversameling, Band 12 : Brief Privaat sekretaris onbekend, 24.2.1936; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 360 : Brief C.J. Uys - Jansen, 17.9.1936; C.J. Uys, Memorandum on the homestead of general A.W.J. Pretorius at Welverdiend, 1.9.1936.
- 41) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 358 : Brief A.G. du Toit - Jansen, 14.12.1935; Brief J.V. Smit - Jansen, 2.2.1936; Brief Jansen - A.G. du Toit, 7.2.1936; Brief Jansen - Smit, 8.2.1936.
- 42) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 1/2/2/2 : Notule van kongressitting, 1-4.10.1937; Die Natalse Afrikaner, 11.10.1937 : Berig.
- 43) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 53 : Toespraak van E.G. Jansen tydens die Herdenkingskongres van die Saamwerk-Unie, 31.5.1942; Die Transvaler, 9.6.1942 : Berig.
- 44) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 53 : Toespraak van E.G. Jansen tydens die Herdenkingskongres van die Saamwerk-Unie, 31.5.1942.
- 45) Die Transvaler, 9.6.1942 : Berig.
- 46) INEG, UOVS, FAK-versameling, Lêer 2/9/1/1/1 : Dringende versoek deur die Historiese Kommissie van die Saamwerk-Unie, 12.6.1942.
- 47) E.G. Jansen, Slotwoord uitgespreek by beleentheid van die formele afsluiting van die feesvieringe op Stellenbosch, 29.7.1959, in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, nuwe reeks, dl. xix, Oktober 1959, p.180.

- 48) Vergelyk Die Vaderland, 27.11.1959 : Berig; Boeke vir die fynproewer, die Wagener en die E.G. Jansen-versameling, in Tydskrif vir Opvoedkunde en Kultuur, 2(1), 12-13 Maart 1978.
- 49) Vir 'n volledige geskiedenis van die Geloftekerk, kyk S.P. Engelbrecht, Die Geloftekerk, in Hervormde Teologiese Studies, jg. 5, September 1948, pp.1-20; H.B. Thom, Die Geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek, pp.1-41; P.C.O. Strydom, Die Geloftekerk, in P.W.J. Groenewald en T.V. Bresler, Gedenkboek, Herbevestiging van die Gelofte, pp.7-34.
- 50) S.P. Engelbrecht, Die Geloftekerk, in Hervormde Teologiese Studies, jg. 5, September 1948, p.5.
- 51) S.P. Engelbrecht, Die Geloftekerk, in Hervormde Teologiese Studies, jg. 5, September 1948, p.6.
- 52) H.B. Thom, Die Geloftekerk en ander studies oor die Groot Trek, p.23.
- 53) Dit is die kerkgebou wat op die middelste gedeelte van erf 34 langmarkstraat, tussen die ou kerk en huis van A. Coqui gebou is.
- 54) Die gemeente wou die Voortrekkerkerk op erf 33 bou, maar die pogings was onsuksesvol. Honderd jaar later sou die stryd om erf 33 beëindig word toe die Gedenkkerk daarop gebou is. Kyk p.461.
- 55) P.C.O. Strydom, Die Geloftekerk ..., p.27.
- 56) P.C.O. Strydom, Die Geloftekerk ..., pp.27, 28.
- 57) P.C.O. Strydom, Die Geloftekerk, p.28, Die Afrikaner, 5.4.1909 : Berig.
- 58) De Afrikaner, 27.8.1908 : Berig.
- 59) De Afrikaner, 12.11.1908 : Brief E.G. Jansen.
- 60) De Afrikaner, 11.6.1908 : Berig; kyk pp.208, 319.
- 61) De Afrikaner, 27.8.1908, 3.9.1908, 10.9.1908 : Berigte; vergelyk The Klip River News, 16.12.1908 : Hoofartikel.
- 62) De Afrikaner, 5.10.1908 : Hoofartikel en berig.
- 63) De Kondsapper, jrg. 1, no. 2, Desember 1908, pp.57-58 : Brief, W.B. (waarskynlik W. Botes, 'n diaken van die N.G. Gemeente in Pietermaritzburg).
- 64) Eggenote van ds. F.Z. de Beer wat vanaf 1904-1907 leraar van die plaaslike N.G. Gemeente was.

- 65) M. Basson, Huldigingsuitgawe, uitgegee deur die Voortrekkermuseumkomitee, Oktober 1938, p.3. Die besonderhede van die inligting is nie verstrek nie.
- 66) N.G. Kerk Natal, Argief, Pietermaritzburg, Aanwys 1/1/1/5 : Notule van kerkraadsvergadering, 19.12.1908, p.93.
- 67) Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Brief Buchanan - Jansen, 17.12.1908.
- 68) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, band 8 : n Afdruk van die opsie; vergelyk P.C.O. Strydom, Die Geloftekerk ..., p.3; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 301 : Kennisgewing, s.d.
- 69) De Afrikaner, 11.3.1909 : Brief Jansen en Kennisgewing; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 301 : Kennisgewing, s.d.; vergelyk De Afrikaner, 29.3.1909, 1.2.1909 : Berigte.
- 70) De Afrikaner, 11.3.1909 : Hoofartikel.
- 71) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Rabie - Jansen, 26.3.1909.
- 72) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Brief Jansen - genl. Botha, 13.3.1909; P.C.O. Strydom, Die Geloftekerk ..., p.30.
- 73) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Brief Sekretaris (Bok) - Jansen, 20.3.1909.
- 74) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Brief Steyn - Jansen, 16.3.1909; De Afrikaner, 5.4.1909 : Berig.
- 75) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 3 : Notule van vergadering, 2.4.1909; De Afrikaner, 5.2.1909 : Berig.
- 76) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 3 : Notule van vergadering, 2.4.1909; De Afrikaner, 5.2.1909 : Berig.
- 77) Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg, Lêer i/s Oordrag aan Regering : Brief Jansen - Binnelandse Sake, 1.7.1912.
- 78) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 3 : Verslag van die komitee, Oktober 1909; vergelyk De Afrikaner 7.6.1909 : Berig.
- 79) De Afrikaner, 8.4.1909 : Berig.
- 80) De Kondsapper, jg. 1, no. 3, Mei 1909, pp.64-67.
- 81) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Kennisgewing en kollektelys, 1.6.1909; De Afrikaner, 7.6.1908 : Berig.

- 82) De Afrikaner, 22.6.1909 en 26.6.1909 : Notule van kongressitting; E.G. Jansen, Die Natalse Boerekongres, 1906-1911, p.15.
- 83) Vergelyk De Kondsapper, jg. 1, no. 4, September 1909, pp.108, 109.
- 84) De Afrikaner, 12.7.1909 : Berig; vergelyk De Afrikaner, 30.8.1909, 27.9.1909, 30.9.1909, 25.11.1909, 2.12.1909, 20.12.1909 : Berigte.
- 85) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 3 : Verslag van komitee, Oktober 1909 en Band 2 : Kennisgewing deur Jansen, 30.8.1909.
- 86) De Afrikaner, 30.9.1909 : Berig.
- 87) De Afrikaner, 25.11.1909 : Berig.
- 88) De Afrikaner, 20.1.1910 : Berig.
- 89) De Afrikaner, 24.3.1910 : Berig; vergelyk de Kondsapper, jg. 2, no. 2, Februarie 1910, pp.47, 48.
- 90) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Brief Buchanan-Jansen, 2.3.1910.
- 91) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Afdruk van Koopbriewe; De Afrikaner, 24.3.1910 : Ope brief Jansen, 21.3.1910; De Kondsapper, jg. 2, no. 3, Maart 1910, pp.86, 87.
- 92) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 2 : Afdruk van koopbriewe, p.1.
- 93) De Afrikaner, 24.3.1910 : Ope brief Jansen, 21.3.1910; Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Ope brief Jansen, 21.3.1910.
- 94) De Afrikaner, 14.4.1910, 24.11.1910, 8.2.1911, 13.2.1911 : Hoofartikel en berigte; De Kondsapper, jg. 2, no. 4, April 1910, pp.117-123; De Kondsapper, jg. 2, no. 8, Augustus 1910, pp.280-283, 305; De Kondsapper, jg. 2, no. 9, September 1910, pp.327-331.
- 95) De Kondsapper, jg. 2, no. 9, September 1910, p.327.
- 96) De Kondsapper, jg. 2, no. 10, Oktober 1910, pp.366-368.
- 97) De Afrikaner, 24.11.1910 : Berig.
- 98) De Afrikaner, 13.2.1911 : Berig.
- 99) De Kondsapper, jg. 3, no. 4, Junie 1911, pp.156, 157.

- 100) De Kondsapper, jg. 3, no. 11, Januarie 1912, p.404.
- 101) De Afrikaner, 8.2.1912 : Berig.
- 102) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Brief Jansen - Stadstesourier, 28.5.1912.
- 103) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 301 : Finansiële state van die Voortrekkerkerkkommissie; vergelyk De Afrikaner, 16.10.1913 : Berig.
- 104) Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg, Lêer Oordrag aan Unieregering : Brief Jansen - Minister Fischer, 26.1.1912; vergelyk De Afrikaner, 6.5.1912 en 17.5.1912 : Berigte.
- 105) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8/Voortrekkermuseum; Lêer Oordrag aan Unieregering : Transportakte, s.d.
- 106) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 301/Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 3/Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering : Brief H.B. Shaw (waarnemende ondersekretaris) Jansen, 27.2.1912; vergelyk De Afrikaner, 14.5.1912 : Berig.
- 107) De Afrikaner, 14.5.1912 : Berig.
- 108) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 3 : Oproep, "Het Voortrekkers Kerkje", 6.5.1912; vergelyk Het Western, De Volkstem, 14.5.1912 : Berigte.
- 109) De Afrikaner, 30.5.1912 : Brief W.A.
- 110) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Jansen - Sekretaris van Binnelandse Sake, 1.7.1912.
- 111) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering : Brief Shaw - Jansen, 21.10.1912.
- 112) De Afrikaner, 25.7.1912, 28.10.1912, 31.10.1912, 7.11.1912, 25.11.1912, 28.11.1912, 9.12.1912 : Berigte; The Natal Witness, 16.12.1912 : Berig.
- 113) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Brief Jansen - Stadsklerk, 22.10.1912.
- 114) De Afrikaner, 28.10.1912 : Berig.
- 115) De Afrikaner, 31.10.1912 : Berig.
- 116) De Afrikaner, 25.11.1912 : Berig.
- 117) De Afrikaner, 19.12.1912 : Berig; The Natal Witness, 17.12.1912, 18.12.1912, 19.12.1912 : Berigte; The Dundee and District Courier, 19.12.1912 : Berig.

- 118) Voortrekkermuseumkomitee, Huldeuitgawe 1938, p.10.
- 119) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4/Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering : Brief Jansen - Provinsiale Sekretaris, 13.8.1913.
- 120) P.C.O. Strydom, Die Geloftekerk ... p.32.
- 121) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering : Brief Jansen - Minister van Binnelandse Sake, 18.9.1913.
- 122) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering : Brief Watt - Jansen, 22.9.1913.
- 123) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Jansen - Sekretaris van Binnelandse Sake, 9.4.1915.
- 124) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Jansen - Sekretaris van Binnelandse Sake, 9.4.1915.
- 125) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Binnelandse Sake - Pellissier, 28.2.1916.
- 126) De Afrikaner, 7.1.1916 : Brief Jansen.
- 127) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Sekretaris van Binnelandse Sake - Voortrekkermuseumkomitee, 28.12.1916.
- 128) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 291/Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Voortrekkermuseumkomitee Binnelandse Sake, 19.2.1917.
- 129) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, 8.2.1917.
- 130) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Briewe Jansen - bogenoemde Volksraadslede, 7.3.1917.
- 131) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Pellissier-Orr, 23.12.1917.
- 132) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Pellissier-Orr, 23.12.1917.
- 133) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Venn - Eresekretaris, Voortrekkermuseumkomitee, 1.3.1922.
- 134) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Ingwersen-Binnelandse Sake, 8.3.1922.
- 135) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Ingwersen-Jansen, 8.3.1922.

- 136) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Jansen - Ingwersen, 23.3.1922.
- 137) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 1 : Brief Venn - Ingwersen, 23.3.1922.
- 138) Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, vol. VII, 17 Februarie 1922 - 19 Julie 1922, p.125; The Natal Witness, 6.4.1922 : Berig; vergelyk ook Die Afrikaner, 7.4.1922 : Berig; The Times of Natal, 10.4.1922 : Berig.
- 139) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Brief Jansen - Ingwersen, 5.4.1922.
- 140) The Times of Natal, 10.4.1922 : Berig.
- 141) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, 18.5.1922.
- 142) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, 8.9.1922.
- 143) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief Sekretaris - Landmeter-Generaal, 16.9.1922.
- 144) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief Sekretaris van Lande - Voortrekkermuseumkomitee, 6.1.1923.
- 145) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, Band 2 : 9.11.1923.
- 146) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief Jansen - Hershensohnn, 13.11.1923.
- 147) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief Hershensohnn - Landmeter-Generaal, 5.12.1923.
- 148) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief F. Heunis - Hershensohnn, 20.6.1924.
- 149) Voortrekkermuseum, Notule van die Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, 23.6.1924; Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief Ingwersen - Landmeter-Generaal, 26.6.1924.
- 150) Voortrekkermuseum, Notule van die Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, 23.6.1924; Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief Hershensohnn - Pellissier, 26.6.1924.
- 151) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief H. Venn - Sekretaris, 6.8.1924.

- 152) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Shaw - Eresekretaris, 4.12.1924.
- 153) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, 9.1.1925.
- 154) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief Shaw - Ere-sekretaris, 4.12.1924.
- 155) Vergelyk Natalse Argief, J.M.N.A. Hershensohnversameling, Lêer 11/3/1/INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Hershensohn - Jansen, 24.4.1935.
- 156) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, 9.1.1925.
- 157) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Hershensohn-Jansen, 19.2.1925.
- 158) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Hershensohn-Jansen, 19.2.1925.
- 159) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Jansen - Preller, 4.2.1926.
- 160) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan Unieregering, Band 2 : Brief Pienaar - Jansen, 23.2.1926.
- 161) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Jansen - Hershensohn, 28.4.1926.
- 162) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan die Unieregering, Band 2 : Brief Hershensohn - Sekretaris van Binnelandse Sake, 12.12.1927.
- 163) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, p.105, 25.1.1929.
- 164) Voortrekkermuseum, Lêer Oordrag aan die Unieregering, Band 2 : Brief Basson - Jansen, 27.11.1929.
- 165) Vergelyk INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Basson - Malan, 22.4.1931.
- 166) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Sekretaris, Minister van Binnelandse Sake - Sekretaris, Minister van Besproeiing, 10.6.1931.
- 167) Vergelyk Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, dl. 16, 20 Januarie - 31 Maart 1931, p.2439.

- 168) Wat die bestuur en beheer van inrigtings omskryf. Kyk Staatskoerant, dl. LXXXIV, 2.6.1931, p.XXXV; vergelyk ook Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, dl. 16, 30 Januarie - 31 Maart 1931, p.3067.
- 169) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, 2.2.1932.
- 170) Voortrekkermuseum, Notules van Voortrekkermuseumkomitee, 2.2.1932, 3.5.1932; vergelyk Die Afrikaner, 15.2.1924 : Berig.
- 171) Vergelyk Volksraad, Parlementêre register, p.8.
- 172) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Briewe Jansen - Hershensohn en Pellissier, 25.11.1933.
- 173) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Pellissier - Jansen, 28.11.1933.
- 174) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Hershensohn-Jansen, 29.11.1933.
- 175) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Briewe Hershensohn-Jansen, 25.1.1935 en 24.4.1935.
- 176) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Jansen - Pellissier, 19.3.1936.
- 177) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Briewe Jansen - Hofmeyr, 23.4.1936.
- 178) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Loney - Jansen, 5.9.1936 en Lêer 299 : 'n Verslag van J. Hershensohn, 28.10.1952.
- 179) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 294 : Brief Hoogenhout - Jansen, 21.11.1936.
- 180) P.H. Kapp, Ons Volksfeeste, in P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy Kultuur, dl. III, Ons Volksfeeste, p.46 e.v.; vergelyk ook De Afrikaner, 24.12.1918 : Brief Jansen; Die Afrikaner, 14.12.1920 : Hoofartikel.
- 181) Die Afrikaner, 4.10.1921 : Berig.
- 182) Vergelyk Die Afrikaner, 14.12.1920 : Hoofartikel.
- 183) P.H. Kapp, Ons Volksfeeste, in P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy Kultuur, dl. III, Ons Volksfeeste, p.48; O.J.O. Ferreira, Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee, p.256; M.J. Swart, Geloftedag, p.18; J.A. Smit, Naar Bloedrivier en Paardekraal, p.90.

- 184) P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy Kultuur*, dl. III, *Ons Volksfeeste*, p.51; M.J. Swart, *Geloftedag*, p.22.
- 185) M.J. Swart, *Geloftedag*, p.31; *Die Volksblad*, 19.11.1935 : Berig; vergelyk *De Afrikaner*, 27.8.1908 : Berig.
- 186) M.J. Swart, *Geloftedag*, p.33; O.J.O. Ferreira, *Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, p.260.
- 187) *Unie van Suid-Afrika*, *Amptelike Jaarboek*, nr. 20 van 1939, p.8; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Stolz - Basson, 14.10.1930.
- 188) N.G. Kerk Natal, *Argief*, Notule van kerkraadsvergadering, 19.12.1908; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 301 : Kennisgewing, Voortrekkerkerkkomitee, 1.6.1909.
- 189) *Natalse Argief*, Voortrekkermuseumstukke, Band 3 : Notule van Voortrekkerkerkkomitee, 31.9.1909.
- 190) *The Vryheid Herald*, 28.3.1913 : Brief C.J. Langenhoven.
- 191) *Natalse Argief*, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Notule van Voortrekkermuseumkomitee, 3.10.1913.
- 192) *De Afrikaner*, 16.10.1913 : Berig.
- 193) *Natalse Argief*, Voortrekkermuseumstukke, Band 8 : Transportakte en Band 3 : Brief Shaw - Jansen, 27.2.1912; *De Afrikaner*, 14.5.1912 : Berig; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Hershensohn - Jansen, 19.2.1925.
- 194) *Natalse Argief*, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Jansen - Minister van Binnelandse Sake, 23.10.1913.
- 195) *Natalse Argief*, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Jansen - Minister van Binnelandse Sake, 23.10.1913.
- 196) *Natalse Argief*, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Jansen - Minister van Binnelandse Sake, Maart 1914.
- 197) *Natalse Argief*, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Jansen - Orr, Maart 1914.
- 198) *Natalse Argief*, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Shaw - Jansen, 30.3.1914.
- 199) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Oproep, Voortrekkermuseumkomitee, 8.12.1916; vergelyk *De Afrikaner*, 11.6.1918 : Hoofartikel.

- 200) Vergelyk De Afrikaner, 26.5.1914, 29.1.1915, 13.10.1916, 20.10.1916, 24.10.1916 : Berigte.
- 201) De Afrikaner, 24.10.1916 : Brief B.I. Vorster en Hoofartikel.
- 202) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 291 : Brief Jansen - Hershensohn, 2.12.1916.
- 203) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Oproep, Voortrekkermuseumkomitee, 8.12.1916; De Afrikaner, 12.12.1916 : Oproep.
- 204) De Afrikaner, 19.12.1916, 20.4.1917 : Berigte.
- 205) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Hershensohn-Preller, 8.2.1917; vergelyk De Afrikaner, 19.12.1916 : Berig.
- 206) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief A. Stolz - M. Basson, 14.10.1930.
- 207) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 325 : Brief Preller - J. Scheepers, 14.10.1932; vergelyk G. Preller, Monument vir Piet Retief, in Die Afrikaner, 21.5.1926.
- 207) De Afrikaner, 7.6.1918 : Hoofartikel.
- 209) De Afrikaner, 11.6.1918 : Hoofartikel.
- 210) De Afrikaner, 11.6.1918 : Brief I.J. Meyer; De Afrikaner, 18.6.1918 : Brief J.C. du Plessis.
- 211) Die Afrikaner, 29.10.1920, 2.11.1920, 24.12.1920, 1.4.1921, 22.7.1921, 23.8.1921, 30.8.1921, 25.10.1921 : Hoofartikels en berigte.
- 212) Die Afrikaner, 25.10.1921, 14.4.1922, 28.4.1922 : Berigte.
- 213) Vergelyk Die Afrikaner, 25.10.1921, 11.7.1922 : Berigte.
- 214) Die Afrikaner, 7.7.1922 : Algemene nuus.
- 215) Die Afrikaner, 14.7.1922 : Berig.
- 216) Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, Engelenburgversameling, Band 3, Lêer 11 : Brief Reitz - Rissik, 19.7.1922; Brief Reitz - Preller, 19.7.1922; Brief Reitz - Preller, 19.8.1922.
- 217) Transvaalse Argiefbewaarplek, Engelenburgversameling, Band 3, Lêer 11 : Brief Engelenburg - Reitz, 30.8.1922.

- 218) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 325 : Brief Preller – J. Scheepers, 14.10.1932; G. Preller, Monument vir Piet Retief, in Die Afrikaner, 21.5.1926.
- 219) Die Afrikaner, 4.7.1922, 14.7.1922, 18.7.1922 : Hoofartikels en berigte.
- 220) Die Afrikaner, 4.7.1922 : Hoofartikel.
- 221) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Jansen – Preller, 4.2.1926.
- 222) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 292 : Brief Jansen – Preller, 4.2.1926.
- 223) INEG, UOVS, M.M. Jansenversameling, Lêer 79 : Notule van derde kongressitting van die Nasionale Vroue Party van Natal, 18–19.10.1926.
- 224) Die Afrikaner, 8.10.1926 : Oproep, M.M. Jansen.
- 225) INEG, UOVS, Saamwerk-Unieversameling, Lêer 1/2/2/2/1 : Notule van kongressitting, 17–19.5.1928; vergelyk Die Afrikaner, 22.10.1926, 19.11.1926, 22.5.1928 : Berigte.
- 226) Vergelyk INEG, UOVS, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3 : Notule van kongressitting, 15.10.1930.
- 227) INEG, UOVS, Saamwerk-Unieversameling, Lêer 1/4/2/1/2 : Notule van Hoofbestuursvergadering, 14.9.1929; Lêer 1/2/2/2/1 : Notule van Hoofbestuursvergadering, 15.2.1930; Lêer 1/2/2/2/1 : Notule van kongressitting, 24–26.3.1932.
- 228) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Notule van Voortrekkermuseumkomitee, 13.12.1929.
- 229) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Basson – Jansen, 31.12.1929.
- 230) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Brief Jansen – Basson, 15.2.1930.
- 231) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Jansen – Basson, 29.3.1930.
- 232) Transvaalse Argiefbewaarplek, Sentrale Volksmonumentekomiteeversameling, Band 7 : Brief Spies – Jansen, 6.1.1930; vergelyk ook Die Afrikaner, 1.2.1929 : Oproep, L. Spies; 25.11.1930 : Berig; The Vryheid Herald, 12.7.1929 : Berig; Die Vaderland, 31.12.1929 : Berig.
- 233) Transvaalse Argiefbewaarplek, Sentrale Volksmonumentekomiteeversameling, Band 7 : Brief Jansen – Spies, 29.3.1930.

- 234) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, 14.4.1930; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Basson - Jansen, 24.4.1930; vergelyk Transvaalse Argiefbewaarplek, Sentrale Volksmonumentekomiteeversameling, Band 7 : Brief Spies - Basson, 13.10.1930.
- 235) Voortrekkermuseum, Notule van Voortrekkermuseumkomitee, Band 2, 15.8.1930.
- 236) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Oproep, Basson, 19.8.1930 en Brief : Basson - Waarde heer, 26.8.1930.
- 237) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Oproepe, Basson, 19.8.1930 en 26.8.1930.
- 238) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Basson - Jansen, 20.10.1930.
- 239) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Van Rensburg-Voortrekkermuseumkomitee, 6.10.1930.
- 240) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Spies - Voortrekkermuseumkomitee, 13.10.1930.
- 241) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Stolz - Voortrekkermuseumkomitee, 14.9.1930.
- 242) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 293 : Brief Jansen - Basson, 18.11.1930.
- 243) Kyk O.J.O. Ferreira, Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee en O.J.O. Ferreira, 'n Volk se hulde.
- 244) Natalse Argief, Voortrekkermuseumstukke, Band 4 : Oproep aan Volksmonumentekomitees en belangstellendes; Die Afrikaner, 17.2.1931, 24.3.1931 : Oproep; Die Saamwerk, jg. 2, no. 10, 25.2.1931, p.4; Die Volkstem, 24.3.1931 : Oproep; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 325 : Brief Lombard - Jansen, 5.3.1931; Die Volksblad, 14.2.1931 : Oproep; vergelyk A.N. Pelzer, Die Afrikaner - Broederbond; Eerste 50 Jaar, p.97; Dagbreek en Sondagnuus, 14.12.1939 : Berig.
- 245) Die Volksblad, 23.2.1931 : Berig.
- 246) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 335 : Notule van stigtingskonferensie, 4.4.1931; Die Volksblad, 6.4.1931 : Berig; vergelyk INEG, UOVS, M.M. Jansenversameling, Lêer 86 : FAK, verslag van die Uitvoerende Komitee, 21.12.1931.
- 247) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 335 : Notule van stigtingskonferensie, 4.4.1931; INEG, UOVS, I. Lombardversameling, Lêer 4/2/1/1/1 : Verslag, Volksmonumente bespreek, s.d.; Die Burger, 6.4.1931 : Berig.

- 248) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 335 : Notule van stigtingskonferensie, 4.4.1931.
- 249) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 335 : Notule van stigtingskonferensie, 4.4.1931.
- 250) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 335 : Notule van stigtingskonferensie, 4.4.1931.
- 251) Natalse Argief, Hershensohnversameling, Lêer 111/2/1 : Brief Hershensohn - J.C. Coldman, 25.3.1931.
- 252) Die Volkstem, 27.3.1931 : Berig.
- 253) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 325 : Brief Engelenburg-Jansen, 11.4.1931.
- 254) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 335 : SVK. Manifes, s.d.
- 255) Die Volkstem, 22.6.1931 : Hoofartikel.
- 256) Vergelyk Die Volksblad, 29.4.1932 : Voortrekkergedenkteken vir 1938; Die Voortrekker, dl. 1, no.17, 26.8.1932 : Die Voortrekkersgedenkteken vir 1938.
